DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

2 Junie 1989 Tel: (011) 836-2152 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

# En nou: die Slabbert-faktor



## Van Zyl sê volgende week oor DP

DIT is nou omtrent 'n uitgemaakte saak dat dr Frederik van Zyl Slabbert die Demokratiese Party se kandidaat op Stellenbosch in die algemene verkiesing van 6 September gaan wees.

Elsabé Wessels

Slabbert se deelname kan die Demokrate landwyd 'n sterk hupstoot gee. As hy verkies word, kan dit 'n nuwe era van skakeling tussen parlementêre en buite-parlementêre politiek help inlui. Sedert hy in 1986 as Leier van die Opposisie en uit die parlement bedank het, het hy hom hoofsaaklik as mede-direkteur van Idasa met skakeling met organisasies soos die African National Congress en die United Democratic Front besig gehou.

'n Senior DP-leiersfiguur het Slabbert se kandidatuur gister as 'n "uiters opwindende verwikkeling in Suid-Afrika se politiek" bestempel. Slabbert se hoë aansien onder buite-parlementêre groepe en sy hoë profiel in die buiteland gaan van onskatbare waarde vir die party wees. Daar word alom gemeen dat die DP met Slabbert in die leierskorps 'n hegter band met buite-parlementêre groepe sal vorm.

Leiersfigure in die DP het gister bevestig dat hulle hom gevra het om in Stellenbosch te staan.

Slabbert self, wat Woensdagaand na die buiteland vertrek het, het kort voor sy vertrek aan Vryé Weekblad gesê hy "oorweeg die aanbod sterk". Hy sal die DP binne die volgende paar dae van sy besluit in kennis stel, sê hy.

Volgens senior bronne in die DP het Slabbert nie probleme met die party nie en sal slegs "persoonlike redes" hom nog van plan kan laat verander.

Slabbert se gewildheid as politieke figuur onder studente en akademici kan sorg dat die DP Stellenbosch, 'n sielkundig baie belangrike setel, vat. Esther Lategan het in 1987 met 1 781 stemme teen die NP verloor toe sy as onafhanklike gestaan het.

Waarnemers glo die party kan ook munt slaan uit die jongste "politieke gebeure" op die kampus, wat 'n duidelike gees van vernuwing op Stellenbosch toon.

Gerugte dat Suid-Afrika se ambassadeur in Washington, dr Piet Koornhof, "informeel" deur die Demokratiese Party genader is om vir die party in die verkiesing te staan is dié week deur DP-bronne bevestig. Vanuit Washington het Koornhof aan Vrye Weekblad gesê dat hy deur "individue" vanuit die die DP en die Nasionale Party genader is om te staan, maar dat hy albei van die hand gewys het. "Ek is in die middel van ernstige onderhandelinge," het Koornhof gesê.

Dit is reeds bekend dat die DP 'n hele aantal bekendes as kandidate in die veld gaan

*Na bladsy 2*

Matie-rektor 'sal wet oortree' oor koshuise — 3

Kinders in SA deel geweld — 7



'n Renoster met 'n afgesaagde horing — simbool van die roekeloosheid waarmee die mens met sy omgewing en ander spesies omgaan. Maar dié dier is nié die enigste bedreigde spesie nie — 10 & 11

# Van Nelson, met hoop

DIE minister van buitelandse sake, Pik Botha, het aan sy Amerikaanse, Duitse en Italiaanse eweknieë die versekering gegee dat die vrylating van die ANC-leier Nelson Mandela ná die September-verkiesing een van die regering se top-prioriteite gaan wees.

Westerse diplomate sê die indruk wat Botha gelaat het, is dat die nuwe regering wat ná 6 September onder FW de Klerk gevorm gaan word, gaan ophou voete sleep met die Mandela-kwessie soos wat die PW Botha-administrasie gedoen het.

Die Amerikaanse minister

*Na bladsy 2*

# Slabbert-faktor

*Van bladsy 1*

plaas. Die bekende televisiepersoonlikheid Carole Charlewood, die joernalis Martie Meiring, 'n gewese direkteur in Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Kobus Jordaan, en die voormalige bevelvoerder van die Vroue Leërkollege op George, Hilda Burnett (Botha), tel onder die moontlike kandidate.

Die voormalige Suid-Afrikaanse ambassadeur by die Verenigde Volke en huidige uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Stigting Kurt von Schirnding het 'n nominasie in die Waterkloof-kiesafdeling van die hand gewys.

Belangrike besluite deur die DP se nasionale raad dié week in Kaapstad ten opsigte van leierskap en parlementêre deelname, het volgens party-bronne die weg gebaan vir Slabbert se deelname.

Hoewel daar klaarblyklik nie totale eenstemmigheid tussen partyverteenwoordigers is nie, is daar op Woensdag se nasionale raadsvergadering in Kaapstad amptelik besluit om die verkiesing met die huidige drieman-leierskap van Wynand Malan, Denis Worrall en Zach de Beer in te gaan.

## Aanhang

Dit is glo veral ou PFP-ondersteuners wat graag uitsluitsel vóór die verkiesing wou gehad het. Die meeste was egter van mening dat die sogenaamde driemanskap aanhang onder die publiek geniet en om strategiese redes dus in die party se guns kan tel. Die leierskapkwessie sal volgens dié besluit ná die verkiesing op 'n kongres in Oktober uitgeklaar word.

Daar is nie Woensdag uitsluitsel bereik oor deelname in die bruin en Indiër-huise nie, maar dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat die DP geen kandidate in die Huis van Verteenwoordigers sal stel nie en geen nuwe kandidate in die Raad van Afgevaardigdes nie. Die party sal egter nie sy steun van die huidige drie DP-kandidate in die Raad van Afgevaardigdes ontneem nie.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

## AKSIE TEEN RASSISME

**Die volgende petisie word tans op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch gesirkuleer:**
**"Ons, die ondergetekendes, werkers, studente en dosente van die Universiteit van Stellenbosch, dring aan op die onmiddellike afskaffing van alle vorme van rassisme en apartheid op ons kampus.**
**Uit die rektor van die universiteit se toespraak op 23 Mei blyk dit dat koshuise op die kampus nie oopgestel kan word voor die regering sy goedkeuring verleen dat die universiteit self daaroor mag besluit nie.**
**Daarom eis ons dat hierdie mag onmiddellik aan die universiteit verleen word.**
**Die aanbeveling is reeds deur die Presidentsraad gedoen - hulle aanbeveling is ook eenparig deur die Studenteraad aanvaar.**
**Ons wil hiermee ons absolute misnoeë met die voortbestaan van apartheid op ons kampus beklemtoon, en bepleit die onmiddellike afskaffing daarvan."**

# Student sterf ná verkragting-drama

**Charles Leonard**

DIE mense van Seeisoville, Kroonstad se swart woonbuurt, is kwaad oor wat hulle beskou as die polisie se beskermende houding jeens 'n bende misdadigers en oor 'n student wat volgens hulle onnodig deur die polisie doodgeskiet is.

John Mokubung, 'n 25-jarige student van die Mphohadi-onderwyskollege op die dorp, word môre begrawe nadat hy verlede week deur die polisie in die rug geskiet en daarna in die hospitaal dood is.

'n Medestudent, Gladys Mosoetsa, is vroeg verlede Saterdagoggend in haar huis in Seeisoville deur 'n bende van sewe verkrag.

Haar man, Oupa, 'n tronkbewaarder op Kroonstad, is deur die boewe in komberse en lakens toegerol en met messe aangehou terwyl die sewe sy vrou elk twee maal verkrag het. Hulle het die mans herken as lede van 'n berugte bende misdadigers.

Toe hulle weg is, het hy die polisie van die bure se huis gebel. Minder as 'n uur later het hulle 'n verklaring kom afneem.

Toe daar teen Dinsdag nog niks gebeur het nie, het die manstudente



**Charles Kakono - een van die gewondes**
*Foto: Anton Steenkamp*

van Mphopadi in die kollege se saal vergader en besluit om self teen die verkragters op te tree.

Met inligting van waar een van die boewe, ene Manguni, hom bevind, het 250 studente opgeruk om hom te gaan ondervra.

Die munisipale polisie het opgedaag terwyl die studente sy huis omsingel het. Onder hul goedkeurende oog - onder die voorwaarde dat die studente hom geen fisieke kwaad aandoen nie - het die studente hom ondervra.

Hy het belowe om hulle na 'n medepligtige, ene Darks, te lei. Die groep is deur die munisipale polisie vergesel.

Toe het vier SAP-lede in 'n polisiemotor opgedaag, vertel die studente.

Die een, 'n kaptein, het woordeloos die boef by die studente losgeruk en hom in die polisiemotor laat sit. 'n Argument het ontstaan toe die studente aan hom gesê het: "Ons kon die skuldige op ons eie vind. Wat gaan met julle aan?"

Hulle het ook aan hom gesê dat hulle die skuldige aan die SAP sou oorhandig nadat hy sy medepligtiges uitgewys het. Die kaptein het geweier.

Manguni het in die motor tussen die polisiemanne gesit en volgens die studente gedreig: "Ek gaan nog al die vrouestudente by Mphohadi Kollege kom verkrag!" Die polisie het nie hierop gereageer nie.

Die kaptein het die studente aangesê om te loop, in die motor geklim en weggery. Twintig meter verder het die polisiemanne skielik stilgehou, uitgespring en begin skiet, sê die studente. Vyf mense en die munisipale polisie se bakkie is getref.

Een van die gewondes, Charles Kanono, het aan Vrye Weekblad vertel: "Ek het 'n brandpyn in my skouer gevoel, maar net bly hardloop. John (Mokubung) het voor my op sy gesig geval, maar ek kon hom nie tóé help nie."

Die polisie beweer hulle het begin skiet nadat hulle onder die klippe gesteek is. Kanono sê hy het niemand gesien klipgooi nie.

Nog drie mense is gewond, insluitend 'n vrou wat met haar baba verbygestap het en in die enkel getref is. Buiten die vrou is al die mense in die rug geskiet.

Die verkragter is dieselfde dag nog deur die polisie by sy woonplek afgelaai.

# Ontslag ná klagte

**Anton Steenkamp**

'N PLAASWERKER van Makwassie in die Wes-Transvaal het verlede week gedink "nog 'n Strydom het ons kom aanval" toe 'n boer skote met 'n haelgeweer buite sy huis afvuur.

Andries Maine van die plaas Boskuil sê in 'n verklaring hy en sy gesin het gesit en TV kyk toe drie geweerskote buite hul huis afgevuur is.

Hulle is vinnig na buite en het die boer van die buurplaas, Casper Badenhorst, en sy seun in 'n bakkie gesien.

Volgens Maine het Badenhorst die ligte wat bo-op die bakkie gemonteer is op hulle gerig en geskree: "Julle moet ophou met julle k..!"

Maine wou weet waarvan hy praat, en Badenhorst het glo gesê: "Ek gaan julle almal doodskiet, julle donnerse kaffers."

Toe Badenhorst weg is, is Maine en sy nefie Daniël na die polisie op Makwassie om 'n klag te lê. Die polisie het hulle aangesê om die volgende oggend terug te kom.

Hulle is Vrydagoggend terug Makwassie toe om 'n verklaring af te lê en het 'n haelgeweer-patroondop aan die polisie oorhandig.

Die bevelvoerder van die SAP op Makwassie, AO J van Rensburg, het bevestig dat Maine 'n verklaring afgelê het, maar volgens hom word geen klag teen Badenhorst ondersoek nie omdat daar nie direk op Maine of sy gesin geskiet is nie.

Maine se werkgewer, Lourens Skaggel, het hom intussen 14 dae kennis gegee om die plaas te verlaat.

Maine het geen lone verdien vir sy werk op Skaggel se plaas nie, maar is toegelaat om sy skape en beeste op die grond te laat wei.

# Van Nelson, met hoop

*Van bladsy 1*

van buitelandse sake, James Baker, en dié van Duitsland en Italië, Hans-Dietrich Genscher en Giulio Andreotti, het Botha tydens sy Europese besoek onder sterk druk geplaas oor Mandela se posisie.

Intussen het die ware storie van die buitengewone omstandighede waaronder Mandela deesdae aangehou word, bekend geword ná 'n besoek van byna vier uur in sy luukse "sel" by die Victor Verster-gevangenis deur sy ou vriend en biograaf, prof FATIMA MEER.

In 'n verslag oor haar besoek skryf Meer oor Mandela se koninggrootte bed met die opgestopte fluweelkopstuk, sy swembad en sy wonderlike uitsig op die Bolandse berge - maar veral oor die man Mandela en hoe goed hy deesdae sy vinger op die pols van die Suid-Afrikaanse gemeenskap het.

Sy skryf:

Rolihlala Nelson Mandela is Suid-Afrika se hoop. Nie net vir die stemloses nie, maar vir die hele land - die regering inkluis.

Verlede week se besoek was verstommend. Mandela is 'n verstommende man in verstommende omstandighede.

Mandela is nie 'n gewone gevangene nie. Hy is 'n baie belangrike persoon, 'n VIP van die hoogste status.

Ons weet dit nog die hele tyd. Die merkwaardige ding is dat die regering dit ook vandag erken. Hoe anders verklaar 'n mens sy aanhouding in weelde, in 'n pragtige huis waar sy bewaarders só 'n verhouding met hom het?

Mandela is vandag net so aantreklik soos toe ek hom gesien het ure voor sy inhegtenisname in 1962; fris en fors en in kakie geklee - elke duim van hom 'n opgeleide soldaat.

Toe ek hom verlede week gesien het, was hy onberispelik in 'n driestukpak geklee - 'n staatsman, gereed om sy land te lei.

Mandela is 'n jeudige 70 - lank en sjarmant, sonder 'n ons vet aan sy lyf. Hy oefen gereeld in sy gimnasium. Daar is grys in sy hare, maar nie 'n plooi op sy gesig nie. Hy lag spontaan en uit sy maag uit en hy het 'n goeie aptyt, soos ek opgemerk het toe ons by die eiketafel vir aandete aangesit het.

Toe ek Mandela die laaste keer gesien het - deur 'n venster op Robbeneiland 17 jaar gelede - was ek geskok deur die sombere toneel.

## Trek saam

Die keer is ons deur Mandela se "man", adjudant-offisier Gregory, by die hek verwelkom. Gregory is nie 'n gewone bewaarder nie. Hy kyk al 22 jaar lank na die wêreld se beroemdste gevangene en trek saam met hom van die een tronk na die volgende.

Ons is vervoer tot by Mandela se ommuurde tronkwoning waar 'n ander bewaarder oorgeneem het. Ons stap verby die wasgoeddraad tot in 'n TV-kamer langs die swembad. En daar omhels ons die man wat ons en die nasie so lank laas gesien het.

Hy het ons 'n ruim woonkamer ingelei. Na 'n kort geselsie het hy ons op 'n toer van sy smaakvol-gemeubileerde tronk geneem.

Ons het sy reuse-bed gesien met die gekerfde kopstuk, opgestop met fluweel; die leuningsofa in die woonkamer en die matte, selfs in die drie slaapkamers.

Buite het hy die berge uitgewys wat oor die vallei uitkyk - die Klein en Groot Drakenstein en Simonsberg.

Wat beteken die unieke omstandighede waaronder Mandela aangehou word?

Rolihlala Nelson Mandela is Suid-Afrika se hoop. Die dae is verby dat die regering hom afmaak as 'n kommunis en 'n terroris en onder wrede omstandighede aanhou. Hulle kyk uiteindelik binne-in die hart en gedagtes van die merkwaardige man.

Hulle probeer uiteindelik vrede maak met hom - en met die stemlose, onderdrukte mense wat hom as leier en held aanvaar het. Hoe anders kan 'n mens die werklikheid agter die onwerklikheid van die vergulde kou verklaar?

Vandag, 28 jaar later, erken die regering die geldigheid van die Pietermaritzburg-besluit van 1961 - dié besluit wat Mandela ondergronds gedryf het nadat hy sy laaste konferensie bygewoon het.

Die besluit het die regering versoek om 'n "nasionale konvensie van verkose verteenwoordigers van alle volwasse mans en vroue op 'n gelyke basis te hou; ongeag ras, kleur, godsdiens of enige ander beperking."

Nelson Mandela het verwag dat sy lewe op die ouderdom van 46 aan die galg sou eindig.

Dié wat hom opgesluit het, moet miskien krediet daarvoor kry dat hulle sy lewe gespaar het - 'n lewe wat vandag, na 28 jaar in die tronk, "hoër staan as hoop" vir die meeste van ons.

Mandela is verhewe bó kleinlike politiek, faksionalisme, stamgebondenheid en rasseverdelings.

Hy verstaan die situasie wat tuislandleiers daartoe gedryf het om met die regering saam te leef. En terwyl hy nie dié posisies goedpraat nie, is hy bereid om te vergewe en voort te gaan in die belang van sy land en sy mense.

As daar enigiemand is wat vrede en versoening tussen Suid-Afrikaners kan bewerkstellig - tussen die Nasionale Party en die ANC - is dit Mandela. En verandering deur onderhandeling is wat Suid-Afrika wil hê, nie verandering teen die prys van geweld nie.

Mandela lyk nie na 'n man wat sal vashaak by seremonie oor kleinlike sake nie, maar hy wyk nie 'n duim wanneer dit inhoud betref nie. Synde 'n demokraat sal hy nie by onderhandelings betrokke raak sonder sy mense nie - veral nie die ANC nie - al word hy genooi.

Terselfdertyd is dit duidelik dat die jare van aanhouding sy verdraagsaamheid en sy sin vir deernis só verdiep het dat hy 'n oplossing vir almal sal soek.

Dit moet beklemtoon word dat hoe die oplossing ook al deur hom gepersonifiseer word, hy die oplossing beskou as 'n demokratiese handeling deur en in konsultasie met die mense van Suid-Afrika.

Hy is in noue voeling met dié mense wat leiding soek by hom. Hoewel hy in die tronk is, is hy baie goed ingelig. Hy is bewus van die gefragmenteerde pols van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Hy hou homself besig in sy tronkhuis. Hy lees baie en het toegang tot al die koerante en tydskrifte van sy keuse. *

## Struggle sy lewe

Die man wat vandag met soveel sorg by Victor Verster aangehou word, is 'n man wat bekend is vir sy vasbeslotenheid om Suid-Afrika nooit te verlaat nie. Die man wat die struggle as sy lewe beskou, wat tot die laaste sal aanhou veg vir vryheid.

Mandela sal vir daardie vryheid veg ná sy ontslag, selfs binne die regering - dit is die man wat hy is.

Hy soek vryheid vir sy land, nie vir homself nie.

Dit is hoekom dit nie lyk asof die vraag van sy vrylating bo-aan sy agenda is nie. Die vryheid van sy land en sy mense is die belangrikste.

Die vraag waarop hy konsentreer is hoe om die ernstige verdeeldheid in Suid-Afrika te versoen.

* Mandela is ook 'n posintekenaar op Vrye Weekblad.

# 'Gee FW 'n kans'-mense naïef, sê Worrall

Jacques Pauw

DIE mense wat sê: "Gee FW 'n kans" is naïef. Daarvan is die skielike vertrek van Chris Heunis uit die openbare politiek 'n duidelike bewys. Heunis se skielike bedanking is in 'n groot mate te wyte aan FW de Klerk wat nie vir sy hervormingspolitiek te vinde was nie.

Só het dr Denis Worrall, medeleier van die Demokratiese Party, vandeesweek op 'n vergadering in Johannesburg gesê. Worrall het verwys na die skielike slagspreuk "Gee FW 'n kans" wat onder meer deur dr Willem de Klerk gebruik word en ontstaan het na 'n paar verligte FW-uitsprake.

Worrall sê: "FW was die een wat die afskaffing van die Wet op Afsonderlike Geriewe verhoed het. Dié wet kon afgeskaf gewees het as dit nie vir hom was nie. Hy is steeds besig om 'Eie Sake' uit te bou.

"Chris Heunis se loopbaan weerspieël die werklike krisis in die Nasionale Party. Hy was die verligte in die kabinet. Sy laaste groot uitspraak as minister van Staatkundige Ontwikkeling, toe hy gepraat het van een parlement vir die hele land, was 'n dramatiese breuk met vorige NP-denkwyses.

"Maar dit was ook 'n fatale toespraak vir Heunis. Met die kabinetsvergadering het FW vir Heunis gesê hy kan nie daarmee saamgaan nie. Heunis is gerepudieer. Heunis se vertrek is dus die antwoord vir daardie mense wat so naïef is om te sê: 'Gee FW nog 'n kans'."

Willem de Klerk het intussen 'n verduideliking gegee van wat hy met sy "Gee FW 'n kans" bedoel het. De Klerk het in verlede week se Sunday Star geskryf:

"As die NP wel kan beweeg na 'n nie-rassige beleid, is dit die heel beste ding wat kan gebeur. FW de Klerk is bewus daarvan dat daar binne sy eie magsbasis druk in dié rigting is. Hy het die geleentheid en die vermoë om die sprong te waag, selfs al is dit net die eerste paar treë."

Intussen het die mede-leier van die Demokratiese Party, Wynand Malan, tot Willem de Klerk se verdediging gekom na sy onlangse besluit om hom aan die DP te onttrek. De Klerk is uit talle DP-oorde baie sterk gekritiseer vir sy besluit.

"Hy het geensins van sy posisie afgewyk nie. Hy het nooit gesê hy gaan terug NP toe nie, maar wil mense uit alle vlakke lei om die gedagte van 'n nie-rassige bedeling te aanvaar," sê Malan.

"De Klerk het dit van die begin duidelik aan ons gestel dat hy nie 'n amp binne die DP wil beklee nie. Hy het dit baie duidelik gestel dat hy nie terugkeer na die NP nie.



Dennis Worrall

"Afrikaanssprekendes wat uit die NP wil beweeg, verstaan wat Willem sê. Niemand sal weens sy posisie nie meer by ons aansluit nie. Na sy onttrekking het die honderdtalle Afrikaners steeds na die DP bly instroom.

"Al wat De Klerk wil doen, is om met ontnugterde Nasionaliste binne hul eie idioom te gesels. Dit sal ook byvoorbeeld die Broederbond insluit, waar talle lede van ons teikengroep is. Hy moet met integriteit na almal toe kan beweeg," sê Malan.

# Nuwe veldtog teen Idasa

Jacques Pauw

'N NUWE veldtog teen die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief (Idasa) wat glo "hope geld" op Afrikaanse kampusse sou bestee om stelselmatig die beeld van die ANC onder die Afrikaanssprekende studente uit te bou, is nou geloods.

Die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof Mike de Vries, het dié week gesê hy het bedenkinge oor buite-liggame op sy kampus en 'n ondersoek na die bedrywighede van Idasa gelas.

Dit volg ná 'n skerp aanval op Idasa deur die rektor van die Universiteit van die Vrystaat, prof Francois Retief, waarin hy dié beweging daarvan beskuldig dat hulle die Afrikaans-Christelike kultuur op sy kampus afkraak en studente aanmoedig om dit oorboord te gooi.

Terselfdertyd het die nasionale voorsitter van Jeugkrag, Marthinus van Schalkwyk, hom ook sterk teen Idasa se rol uitgespreek en gesê hulle is besig om onder die dekmantel van dialoog die ANC se beeld op kampusse uit te bou.

Die histerie teen Idasa het vandeesweek 'n verdere hoogtepunt bereik toe die SAUK in sy nuuskommentaar gesê het Idasa is een van etlike buite-parlementêre groepe wat "honderde miljoene rande" jaarliks uit die buiteland ontvang van mense wat Suid-Afrika kwaadgesind is.

## Kommer

Die kommentaar noem die kommer onder universiteitsrektore oor onder meer Idasa se verbintenis met die ANC en sy "georkestreerde pogings" om die Afrikaans-Christelike kultuur af te breek.

Idasa word al geruime tyd daarvan beskuldig dat hy buitelandse toere vir studenteleiers reël waarin hulle in kontak met die ANC gebring word. In April was daar groot ontsteltenis nadat Idasa 'n groep Matie-studente in Lusaka in kontak met die ANC gebring het.

Die uitvoerende direkteur van Idasa, dr Alex Boraine, het die rektore se kommer oor Idasa se rol in die afbreking van die Afrikaans-Christelike kultuur as "belaglik" beskryf en gesê:

"Die feit dat vyftig persent van Idasa se personeel self Afrikaanssprekend is en sterk klem gelê word op die belangrikheid van beide godsdiens en kultuur, word heeltemal oor die hoof gesien."

## Banieropskrifte

Die Bloemfonteinse NP-mondstuk, Die Volksblad, wat verlede week met banieropskrifte oor Idasa en die Kovsie-kampus berig gedoen het, skryf in 'n hoofartikel na aanleiding van Retief se besware:

"Wat hier eintlik aan die gebeur is, is 'n stryd om die siel van die Afrikaanse student. Om daardie mense wat in leiersposisies môre, oormôre in Suid-Afrika gaan staan, nou te wen en oor te haal vir 'n toekomstige bedeling waarin die ANC 'n oorheersende rol sal speel."

Retief het gesê: "Idasa se verbintenis met liggame wat aanhoudend aksies begin wat dít wat vir Afrikaanse universiteite belangrik is, Afrikaans-Christelike kultuur, afkraak en mense aanmoedig om dit oorboord te gooi en Suid-Afrika se nuwe bedeling daarsonder sien, maak my bekommerd."

De Vries het sy SR-voorsitter, Pierre van der Spuy, opdrag gegee om Idasa se bedrywighede op die Matie-kampus te ondersoek. Van der Spuy sê:

"Ek kan nie sê Idasa is net sleg nie en hulle moet nie afgeskiet word as 'n pro-ANC-organisasie nie. Ek wil graag luister na hulle standpunte omdat ek glo hulle 'n baie belangrike boodskap het.

"Natuurlik wil Idasa op die kampus 'n houvas kry, net soos die AWB en selfs die Nasionale Party. Dit is tog nie vreemd nie."

## Beperk

André Zaaiman, studente-organiseerder van Idasa, sê hy vind die polemiek baie vreemd omdat Idasa op baie beperkte skaal op Afrikaanse kampusse betrokke is. Zaaiman is onlangs verbied om aan 'n politieke forum oor gewetensbeswaardheid by die RAU deel te neem.

"Ons bied maar enkele studenteprojekte aan. Ons reël byvoorbeeld townshiptoere vir studente en dosente. Ons beplan tans 'n nasionale studentekonferensie oor nasionale kwessies, maar ons weet nie eens of dit van die grond af gaan kom nie.

"Die protesgees op ons Afrikaanse kampusse is tog nie Idasa se skuld nie. Daar is 'n nuwe, ondersoekende gees op ons kampusse en studente soek ander alternatiewe.

"Ons stel bloot die alternatiewe aan hulle en indoktrineer hulle gewis nie.

"Enige rektor wat dink sy kampus is 'n toonbeeld van die Afrikaans-Christelike kultuur, weet nie waarvan hy praat nie. Hy moet maar net gaan kyk wat by sy jool aangaan," sê Zaaiman.

# Org met boerewors touwys gemaak

Jacques Pauw

BOEREWORS en dr Zach de Beer het vandeesweek saamgespan om die adjunk-minister van Finansies, dr Org Marais, touwys te maak oor die ekonomiese verknorsing waarin Suid-Afrikaners hulle bevind.

De Beer, mede-leier van die Demokratiese Party, het in 'n toespraak in Johannesburg 'n skerp aanval op Marais gedoen ná sy uitspraak in die parlement dat blankes nie slegter af is as twintig jaar gelede nie, hoofsaaklik weens beter subsidies, al meer vroue wat werk en byvoordele. Marais se stelling word as 'n groot verkiesingsflater beskou.

Die hoofleier van die Nasionale Party, FW de Klerk, het verlede week tot Marais se redding probeer kom en gesê die regering is uiters simpatiekgesind oor die ekonomiese druk waarin die publiek hulle bevind.

Die regering oorweeg maatreëls om die las van hoë rentekoerse op huislenings, die landbou en klein sake te verlig, het De Klerk gesê.

De Beer het gesê niemand glo Marais se stelling nie, veral nie die mense wat so hard onder die swak ekonomie deurloop nie.

Die ekonomiese groeikoers die afgelope agt jaar was net een persent, terwyl die bevolkingsaanwas meer as twee persent was. Verbruikers het dus minstens een persent per jaar armer geword.

"Kom ons neem die prys van daardie lekkerny wat ons almal ken - boerewors. In 1972 was dit nog 79 sent per kilogram. Nou is dit R6,82.

"Tussen 1971 en 1981 het mediese onkostes 2,2 keer verdubbel. Maar die afgelope tien jaar het dit 3,6 keer verdubbel. Met die huidige inflasiekoers van vyftien persent gaan 'n Toyota 1,3 liter wat nou R20 100 kos, in 1999 tot R81 315 styg.

"Meneer Marais kan nou maar sê wat hy wil, maar die ekonomie het ongetwyfeld versleg. Waar mense aan dié begin van die dekade nog twaalf persent van hul inkomste gespaar het, is dit nou net drie persent," het De Beer gesê.

Hy het De Klerk se aankondiging dat die regering kyk na die hoë rentekoerse en dit oorweeg om nog meer subsidies te betaal, veroordeel en gesê: "Beide die gedagtes druis in teen die vryemarkstelsel. Dit is tiperend van die ons-weet-wat-is-goed-vir-jou denkpatroon van die Nasionale Party. Dit lyk asof De Klerk wil terugkeer na die slegte ou dae van 'n staatsbeheerde ekonomie."

De Beer het gesê die regering moet lesse uit die suksesse van die Thatcher- en Reagan-administrasies leer dat indien 'n mens inflasie wil beheer, jy rentekoerse moet toelaat om hul ware markwaarde te vind.

Wat subsidies betref, is dit 'n onding, want dit is bloot 'n proses waar die Regering geld wegneem van belastingbetalers en dit aan ander gee om hulle te help. Dit kom neer op 'n herverdeling van rykdom wat ekonomiese doeltreffendheid aan bande lê.

"Daar is net een manier om inflasie en stygende pryse te klop, en dit is om regeringsuitgawes te besnoei. Solank as wat die regeringsmasjien bly groei en die getal staatsamptenare en ministers toeneem, sal Suid-Afrika onder 'n lae groeikoers, hoë inflasie en hoë werkloosheid bly ly," het De Beer gesê.



Zach de Beer

De Beer het gesê dat Suid-Afrika ekonomiese groei nodig het om die regte klimaat vir hervorming te skep. Dit kan net bewerkstellig word deur die opheffing van die noodtoestand, binnelandse vrede en die herstel van buitelandse ekonomiese betrekkinge.

# Rektor praat van wet oortree

Anton Steenkamp

DIE minister van Onderwys en Opleiding in die Volksraad, Piet Clase, het dié week gesê die regering "gee aandag" aan die studente van die Universiteit van Stellenbosch se versoek dat koshuise op die kampus vir alle rasse oopgestel word.

Die Stellenbosse rektor, prof Mike de Vries, het intussen aan 'n afvaardiging van 14 studente gesê die Universiteitsraad sal op 24 Junie 'n finale besluit neem. Volgens een van die studente het hy te kenne gegee dat hy dit "ernstig sal oorweeg om landswette gedeeltelik te oortree" as die regering dan nog nie positief gereageer het nie.

'n Petisie wat vir die onmiddellike oopstelling van alle koshuise vra en die regering versoek om 'n Presidentsraad-aanbeveling - dat universiteite die outonome reg moet hê om oor behuising te besluit - te aanvaar, doen op die oomblik op die kampus die ronde. Die petisie sal aan Tuynhuis oorhandig word.

Die Maties se SR-voorsitter, Pierre van der Spuy, en die ondervoorsitter, André Olivier, het in 'n vergadering met Clase 'n SR-mosie wat vir oopstelling vra aan hom oorhandig.

"Die minister besef nou dat die versoek vir oop koshuise nie net van 'n handjievol radikale studente kom nie," het Van der Spuy na die tyd gesê.

Voor die vergadering het Clase gesê die koshuise kan nie oopgestel word nie, omdat dit in 'n blanke groepsgebied val.

Die universiteit se tugkomitee oorweeg intussen tugstappe teen studente wat verlede week 'n universiteitsreglement verbreek het deur aan 'n protesoptog vir oop koshuise op die kampus deel te neem.

Die voorsitter van Nusas op die kampus, Leslee Durr, is reeds deur die tugkomitee ingeroep. 'n Mosie dat Nusas en die Black Students' Organisation of Stellenbosch (Bsos) elk met R200 beboet word, is by die SR ingedien, maar is nog nie bespreek nie.

'n Aksiekomitee teen rassisme is op die kampus in die lewe geroep om steun vir oop koshuise te mobiliseer.

Holiday Inn

OPERATION HUNGER

Holiday Inn

# GOUDSTORMLOOP

**KOOP U MEEGEVOEL SERTIFIKAAT *NOU!* (R10)**

**6**

**EN INDIEN U SO VOEL, SKAKEL IN BY DIE GOUDSTORMLOOP**

## 15de MAART 1989 — 1ste JULIE 1989

**EERSTE PRYS: 1 MILJOEN RAND**

EN HONDERDE KONTANT PRYSE

2de Prys R100,000
3de Prys R50,000
4de Prys R10,000

12 Pryse R5000
100 Pryse R1000
100 Pryse R500

***Belangrik:** 30% van totale kaartjie verkope indien die doelwit nie bereik word nie.

**STUUR U DONASIE AAN OPERASIE HONGER, POSBUS 31547, BRAAMFONTEIN 2017.**
**STUUR ASSEBLIEF NET GEKRUISDE TJEKS OF POSORDERS, OF VUL DIE KREDIETKAARTAFDELING IN OP HIERDIE VORM.**

VOORLETTERS
VAN
ADRES
POSKODE
TELNR:
KODE

OM DEEL TE NEEM AAN GOUDSTORMLOOP 6 ANTWOORD DIE VRAE ONDER MET 'N KRUISIE

1 IN WATTER STAD IS OPERASIE HONGER SE HOOFKANTOOR?

JOHANNESBURG | STEELPOORT | HARRISMITH

2 AAN WATTER OSEAAN IS OOS LONDON GELEË?

STILLE | INDIESE | ATLANTIESE

3 KWASHIORKOR IS DIE GEVOLG VAN

VLOOIEBYTE | SONSTEEK | HONGER

OPERATION HUNGER

MERK ASSEBLIEF MET 'N KRUISIE (X) IN BLOKKIE OF U AAN DIE TREKKING VIR GOUDSTORMLOOP 6 WIL DEELNEEM OF NIE. JA NEE

DEBITEER ASSEBLIEF MY VISA/MASTERCHARGE/AMERICAN EXPRESS-KREDIETKAARTE TOT DIE WAARDE VAN R..........

STUUR MY ASSEBLIEF ...... SORGSERTIFIKATE TEEN R10,00 ELK
STUUR MY ASSEBLIEF ...... BOEKIES VAN 10 SERTIFIKATE R90,00 PER BOEKIE.

Brill Bros. K G ENGLISH OVERLEAF

HANDTEKENING:.......... VERVALDATUM:..........

# Mudge voorspel 'n vuil verkiesing

**Sue Pleming**

WINDHOEK - Die voorsitter van die Demokratiese Turnhalle Allianse (DTA), Dirk Mudge, glo sy party gaan minstens sorg dat Swapo nie twee derdes van die stem in die November-verkiesing kry nie.

Waarnemers voorspel dat Swapo die verkiesing sal wen, maar om sy eie grondwet saam te stel benodig die party twee derdes van die stemme.

"Ek dink in die stadium het ons 'n gelyke kans om in te kom en ek dink Swapo sal besef dat die DTA meer ondersteuning geniet as wat hulle dink," sê Mudge.

Daar is meer as 40 politieke partye in Namibia, maar Swapo en die DTA is die twee groot opponente. Hulle beskuldig mekaar reeds van intimidasie en dat hulle stemme met gratis kos en T-hemde koop.

Soos Swapo, sê Mudge die verkiesing kan "baie vuil" word en hy het 'n beroep op sy ondersteuners gedoen om kalm te bly.

"Ons wag nou al lank vir vrede en ons het aan mense gesê dat selfs al word hulle uitgedaag, moet hulle nie reageer of iets doen sê nie. Maar as Swapo hulle nie gedra nie, is ek nie seker ek sal my ondersteuners kan beheer nie en dit maak my bang," sê Mudge.

Hy sê hy is bang vir die Swapo-leierskap se ekonomiese beleid. 'n Herverdeling van die land se nasionale hulpbronne is nie die oplossing nie.

Mudge sê ook hy is bekommerd dat Swapo alle bande met Suid-Afrika sal verbreek om "politieke afstand" te verkry, en dat so 'n stap Namibia se ekonomie, wat op Suid-Afrikaanse steun leun, sal laat verbrokkel.

Hoewel die DTA-leierskap meestal swart is, voorspel Mudge dat sowat 50 persent van die 80 000 blankes in Namibia vir hulle sal stem. Hy sê die DTA het daarin geslaag om van heelwat van die rasse-vooroordeel in die land ontslae te raak.

"Ons het reguit met die blankes gepraat en vir hulle gesê hulle moet apartheid vergeet. In die begin wou baie van hulle ons vermoor, maar ons het by ons standpunt gebly en ons het gedoen wat ons gesê het. Die belangrikste apartheidswette het onder ons leierskap verdwyn en blankes het daaraan gewoond geraak," sê Mudge.

Mudge was die minister van finansies en regeringsake in die oorgangsregering en verskeie politici het voorgestel dat hy die portefeulje in 'n Swapo-regering behou.

Maar hy het die voorstel van die hand gewys en sê dat hy nie deur Swapo "gekoöpteer" sal word om van sy vrye mark-beginsels afstand te doen nie. Hy sal eerder 'n "lojale opposisie" vorm.

Hy beskryf homself as 'n "idealis" en sê hy glo Namibia het uiteindelik vrede bereik.

"Daar is soveel welwillendheid in die land en soveel lojaliteit en liefde dat ek dink ons kan omtrent enigiets te bowe kom. Die wêreld het hulle oë op Namibia en daar is soveel vasberadenheid om hiervan 'n sukses te maak," sê Mudge. - AFP



Swapo-guerrillas by 'n basis in Suid-Angola. Al die Swapo-vegters is nou op of noord van die 16e breedtegraad in Suid-Angola, terwyl net 4 000 Suid-Afrikaanse troepe in Namibia oor is

## Vrede vir Angola, Mosambiek?

POGINGS om die burgeroorloë in twee oud-Portugese kolonies, Angola en Mosambiek, te beëindig, begin momentum kry.

Die amptelike Angolese televisienetwerk het dié week berig dat die MPLA-regering en Unita in 'n dialoog betrokke is om vredesonderhandelings aan die gang te kry.

Die sentrale komitee van die MPLA het ook 'n sewepunt-vredesplan van president Jose Eduardo dos Santos goedgekeur wat onder meer amnestie verleen aan Unita-rebelle wat hulle oorgee.

Die Portugese regering probeer intussen die strydende partye in Mosambiek ook na die onderhandelingstafel dwing.

Die Portugese adjunk-minister van buitelandse sake, dr Jose Manuel Barroso, het na samesprekings met president Robert Mugabe van Zimbabwe gesê sy regering probeer die Frelimo-regering en Renamo oorreed om oor vrede in Mosambiek te onderhandel. - Sapa-AFP

# Fidji en die polisie speel rugby op Karibib

**Sue Pleming**

WINDHOEK - Toe die VV se vredesmagte twee maande gelede hier aangekom het, het mense hulle in die strate aangestaar. Maar dit lyk asof die inwoners van die Namibiese hoofstad nou gewoond geraak het aan die blou barette.

"Ek dink sommige mense het gedink ons is marsmannetjies toe ons eers hier aangekom het, maar dinge het verbeter en ons is nou deel van die omgewing," sê 'n senior administratiewe amptenaar van die VV se kantoor in New York.

Maar in sommige gebiede buite die hoofstad het Untag probleme gehad om deur die plaaslike mense, wat vreemdelinge met agterdog bejeën, aanvaar te word.

In Karibib, 'n dorpie sowat 150 km wes van Windhoek, is die afgevaardigdes van Fidji onvriendelik in die plaaslike hotel, 'n drinkplek wat meestal deur blankes besoek word, ontvang.

"Jy moes hulle gesigte gesien het toe ons ingekom het. Hulle was regtig onvriendelik. Toe het ons maar buite toe gegaan en die ukelele begin speel - nes ons by die huis maak. Na 'n paar minute het 'n paar mense by ons aangesluit," sê Vikatore Raga.

Fidji is, soos Namibia, 'n land wat lief is vir rugby en een van die Fidjiaanse VV-lede, Manasa Sumaki, is 'n agterspeler vir Fidji se nasionale span. Die Fidjiane oefen elke dag saam met die plaaslike polisiemanne en die posmeester.

Op Gobabis, 'n konserwatiewe blanke landbou-gebied, was die nie-blanke VV-lede nie so gelukkig nie. Verlede week is 'n swart amptenaar van die Ivoorkus aangerand toe hy in 'n "slegs blankes"-hotel wou gaan.

"Ons was baie geskok, want ons het gedink ons is besig om vordering te maak. Ons het selfs 'n paar uitnodigings na plase ontvang," sê 'n Palestyn wat op Gobabis diens doen.

Die VV-lede van die Sowjet-Unie trek baie aandag van die media en sommige koerante het hulle daarvan beskuldig dat hulle KGB-agente is, 'n aanklag wat hulle ontken het.

In noordelike Namibia, waar gevegte tussen Suid-Afrikaanse magte en Swapo sedert 1966 woed, sê die enigste Sowjet-amptenaar wat daar gestasioneer is, Igor Volkov, die plaaslike mense is betower deur hom.

"Mense wys na my en fluister. Sommige vra of ek werklik Russies is en is dan verbaas dat ek so normaal lyk," lag Volkov.

Die Finne het ook die tonge losgemaak. Eers het hulle saunas laat invoer en toe spoggerige sportmotors gekoop om terug Finland toe te neem as hulle eers klaar is met hulle diens.

Dirk Mudge, die voorsitter van die DTA sê: "Dit was nogal snaaks om die ouens in hulle Porsches in die woestyn te sien rondry. Ek voel op 'n manier nogal jammer vir hulle, want dit moet moeilik wees om diens te doen so ver van die huis af." - AFP

## Swapo-aangehoudenes praat

**Marie Joannides**

LUBANGO - Nadat Swapo aanvanklik ontken het dat hy afvallige lede in kampe aanhou, het die organisasie nou onderneem om alle aangehoudenes vry te laat nadat joernaliste sowat 200 van hulle hier in Suid-Angola besoek het.

Die aangehoudenes sê hulle is onregmatiglik aangehou, gedwing om bekentenisse te maak, gedwing om onskuldige mense te beskuldig en gemartel. Hulle het by Angola en die VV om beskerming aangedring.

Die joernaliste is deur Swapo se sekretaris-generaal en 'n man wat self 'n kwarteeu op Robbeneiland gesit het, Andimba Toivo ja Toivo, na die kampe by twee basisse sowat 400 km noord van die Namibia-grens, vergesel.

By die eerste kamp het joernaliste 96 vroue ontmoet wat gesê het hulle was almal aktiviste of selfs senior Swapo-kaders toe hulle aangekeer is.

Party het gesê hulle sal steeds vir Swapo stem in die verkiesing, maar het gesweer dat hulle hul name in ere sal herstel. Een vrou, Sarry Eises, sê sy was 'n joernalis by die Voice of Namibia voor sy vir drie jaar in die tronk gegooi is. Ander het weer gesê hulle is in hegtenis geneem toe hulle oor die grens gevlug het om by Swapo aan te sluit.

Van die aangehoudenes het aan verslaggewers gefluister dat hulle by Swapo gaan bly omdat hulle gedreig is dat hulle aan Suid-Afrika oorhandig sal word.

By die tweede kamp was die aangehoudenes beter georganiseer en het Ja Toivo glad nie eens gegroet nie. Die mans se woordvoerder, Riindje Ali Keakunga, was voorheen Ja Toivo se adjudant. Keakunga het 'n verklaring voorgelees waarin hy erken hy het Swapo-geld gesteel, maar ook Swapo veroordeel en kommer oor aangehoudenes in ander kampe uitgespreek. Die mense is dit eens dat daar veel meer as net 200 Swapo-aangehoudenes is. Van die mans het hulle broeke afgetrek om letsels te wys wat deur marteling veroorsaak is. - AFP





Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dit is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

HUNT LASCARIS TBWA

# LAAT DIE MENSE PRAAT!

## Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:

1. Die Noodtoestand te beëindig
2. Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef
3. Beperkings op demokratiese organisasies te skrap
4. Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig

**LAAT**
**10 JUNIE**
**DIE DEMOKRATIESE PROSES VRY MAAK**

# Ons kinders deel een ding: geweld

**Gister was Internasionale Kinderdag, en die dertigste herdenking van die VV se Verklaring van Kinderregte. ANTON STEENKAMP het met die organiseerders van 'n simposium oor kinderregte en die lewe van 'n kind in minderbevoorregte gemeenskappe in Suid-Afrika gesels. Hy het ook 'n artikel van Arlene Getz oor die opvoeding van kinders in 'n krisisgemeenskap, wat in Newsweek verskyn het, verwerk.**



*Paul Weinberg (Afrapix)*

SUID-AFRIKAANSE ouers het 'n ontsaglike probleem om hul kinders te probeer grootmaak in 'n toenemend gewelddadige, rassistiese gemeenskap, sê Arlene Getz.

Swart kinders protesteer teen hul tweedeklas-status met klippe en petrolbomme; wit kinders word verplig om in 'n weermag te dien wat teen swart jongmense moet optree op die landsgrense en in die townships.

Hul opvoeding, huislike lewens en politieke ideologieë is dalk wêrelde van mekaar verwyder, maar hulle deel 'n gemeenskaplike verskynsel: geweld.

Volgens Sally Swartz van die Universiteit van Kaapstad se kinderleidingkliniek vertoon kinders in Suid-Afrika dieselfde sielkundige simptome as dié in Libanon, Noord-Ierland en Argentinië.

Die grootste struikelblok vir Suid-Afrikaanse ouers is die land se diepgewortelde rassisme. Navorsing toon dat Suid-Afrikaanse kinders so jonk as vier of vyf jaar meer rassisties ingestel is as hul eweknieë oorsee.

Volgens 'n kliniese sielkundige in Kaapstad is die wit kinders onder haar behandeling bang en senuweeagtig; die swart kinders, daarenteen, is opstandig en aggressief.

Terwyl swart ouers hul kinders vir behandeling bring omdat hulle onbeheerbaar is en weier om hul ouers te gehoorsaam, bring wit ouers hul kinders omdat hulle 'n gebrek aan selfvertroue het.

Veral swart kinders is erg beïnvloed deur township-geweld. Honderde van hulle is aangehou sonder verhoor; ander het deurgeloop onder traangas en geweerkoeëls.

Volgens eerw Frank Chikane, algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, neig die gewelddadige omstandighede om selfs meer gematigde kinders tot aktiewe politieke deelname te dwing. "Hulle bevind hulle in 'n situasie waar hulle òf teen die stelsel opstaan, òf weghardloop van traangas en koeëls."

Selfs hul helde het verander - in plaas van plaaslike sokkerspelers of Bruce Lee, het Mandela en Sisulu die bekende name geword.

Ook sogenaamde kleurling- en Indiërkinders word gedwing om kant te kies, en dis dikwels moeilik omdat hulle in 'n "tussengroep" - tussen swart en blank - gedefinieer word.

Wit kinders moet hulle gereed maak vir verandering van 'n aparte na 'n geïntegreerde samelewing, onder andere van aparte skole na gemengde universiteite en werkplekke, wat vir hulle vreemd is.

Wat die situasie vir jong witmans vererger, is dat hulle teen wil en dank weermag toe moet gaan, meestal net na skool. Dit plaas nie net vir hulle nie, maar ook ouers wat teen diensplig gekant is, in 'n dilemma.

Volgens Getz vind veral wit Afrikaanse kinders dit moeilik om aan te pas. Twaalf jaar van Christelik-Nasionale opvoeding en in die meeste gevalle 'n outoritêre huislike agtergrond en Nasionalistiese politieke filosofie, berei hulle nie voor op die werklikhede van Suid-Afrika nie.

Wit Engelse kinders is egter hoegenaamd nie vry van rasse-vooroordeel nie. "Die rasse-ideologie van die Nasionale Party-regering is by alle wit kinders ingeskerp," sê dr Robert Coles, 'n Amerikaanse kinderpsigiater wat van 1974 tot 1985 navorsing gedoen het oor Suid-Afrikaanse kinders.

Wat staan ouers dan te doen?

Sielkundiges sê hulle moet verhoed dat hul kinders rassisties grootword deur 'n voorbeeld te stel, stereotipes te verhoed en kinders bloot te stel aan ander rasse en kulture.

Huislike invloede is die belangrikste vertrekpunt. Daarna moet gestreef word na 'n eenvormige, oop opvoedingstelsel en wegbeweeg word van eensydige handboeke en leerplanne, sê Mike Ellis, voormalige voorsitter van die Natal Teachers Association en Durbanse skoolhoof.

Ook swart ouers moet aktief betrokke raak by hul kinders se opvoeding en empatie betoon met hul strewes, sê Dinah Christie, 'n Kaapse onderwyseres.

'n Studie deur dr Mamphela Ramphele en prof Francis Wilson stel voor dat 'n onafhanklike, nierassige kinderinstituut buite regeringstrukture geskep moet word om 'n alternatiewe onderwysstelsel te help vorm. Dit is die beste voorbereiding wat kinders kan kry om onbevooroordeeld en vreedsaam in een land groot te word.



*Gill de Vlieg (Afrapix)*

## Kinderregte onder vergrootglas

**Anton Steenkamp**

KINDERREGTE is iets wat tot nou toe baie min aandag geniet het in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Gisteraand is 'n simposium oor kinderregte en die lewe van 'n kind in minderbevoorregte gemeenskappe in Suid-Afrika deur die Black Sash en die Southern African Association for Early Childhood Educare (SAAECE) in Pretoria aangebied.

Brian Currin, die nasionale direkteur van Regslui vir Menseregte het verduidelik wat kinderregte behels, soos saamgevat in die VV se Verklaring van Kinderregte, en gevra dat daar meer klem gelê moet word op kinders se regte in die toekoms van Suid-Afrika.

Mapitso Malepa, die voorsitter van SAAECE, het gewys op die probleme wat voorskoolse kinders in die townships ondervind weens die politieke geweld en die omstandighede waarin hulle grootword.

Nie net die liggaamlike nie, maar ook die geestelike gesondheid van township-kinders is kommerwekkend, het Jane Gama, die hoof van diensontwikkeling van die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, gesê.

Die Verklaring van Kinderregte verklaar in sy voorwoord dat elke kind die regte daarin vervat moet kan geniet om gelukkige kinderjare en die geluk van die gemeenskap te verseker.

Tien basiese beginsels word in die verklaring uiteengesit.

Daar moet voorsiening gemaak word vir elke kind om liggaamlik gesond te ontwikkel, in 'n toestand van vryheid en waardigheid.

Elke kind het die reg tot 'n naam en nasionaliteit, en moet die voordele van sosiale welsyn geniet, soos voeding, behuising, ontspanning en mediese dienste.

Kinders met liggaamlike of geestelike gebrekke moet spesiale behandeling en opvoeding kry.

Waar moontlik, moet kinders onder die sorg van hul ouers grootword, of so nie in elk geval in 'n atmosfeer van liefde en morele en materiële sekuriteit.

Elke kind is geregtig op gratis, verpligte onderwys, wat sy algemene kultuur bevorder en dit op 'n gelyke basis vir hom of haar moontlik maak om sy/haar vermoëns te ontwikkel.

In alle gevalle moet beskerming en hulp eerste aan kinders verleen word.

Kinders moet beskerm word teen verwaarlosing, wreedheid en uitbuiting, en mag nie begin werk voor 'n bepaalde minimum ouderdom nie.

Ten laaste moet die kind beskerm word teen praktyke wat rasse-, godsdienstige of enige ander vorm van diskriminasie bevorder, bepaal die Verklaring. Die kind moet grootgemaak word in 'n gees van welwillendheid, begrip, verdraagsaamheid, vriendskap tussen mense, vrede en universele broederskap, en met die wete dat sy/haar energie en talente aangewend moet word in diens van hul medemens.


P C 2 0 0 0

Lumassa Court 5
Mainstraat 14
Melville

* 10 MHZ XT
R2 645,00
101 Sleutelbord
640k RAM
360k Slapskyf
12" Dubbelfrekwensie
Skerm CGA & Hercules
20 MB Seagate
Hardeskyf
1 Parallelpoort
8 Uitbreiding

* 12 MHZ AT
R3 800,00
101 Sleutelbord
640 RAM
1,2 MEG Slapskyf
Multi 1/0 Kaart
14" Dubbelfrekwensie
MONITOR
20 MB Seagate
Hardeskyf
Intydse Horlosie
Seriepoort
Parallelpoort
8 Uitbreidings



KOM SIEN ONS TERWYL DAAR NOG VOORRADE IS
(011) 726 5885/ 5919
Praat met Paul, Boet of Arrie

# Glasnost op die eilande

**Na elf jaar van algehele politieke onderdrukking het die Seychelle-eilande ook van glasnost gehoor. Is die eilandgroep besig om hervorming toe te pas, of het pres France-Albert René (regs) beheer oor die land se leierskap verloor? MAHMOOD KAZI doen verslag**



SEYCHELLE - Ná elf jaar van algehele politieke onderdrukking en te midde van ongekende politieke openheid in dié "sosialistiese republiek", sal die 55-jarige president van die Seychelle, France-Albert René, hom in Junie as kandidaat in die presidentsverkiesing verkiesbaar stel.

Is die Seychelle besig om hervorming toe te pas, of is René besig om beheer oor die land se leierskap te verloor?

Die Seychelle, bestaande uit 115 eilandjies wat oor 'n miljoen vierkante kilometer in die Indiese Oseaan strek, is besig om vinnig te verander.

## Gewild

René is ongetwyfeld nog baie gewild onder die eilandbewoners en volgens 'n diplomaat is "sy gewildheid soveel merkwaardiger ná 11 jaar van swaarkry".

Die eiland word sedert 'n gewelddlose staatsgreep op 5 Junie 1977 - waarin die regse leier van die Seychelles Democratic Party, pres James Mancham, omvergewerp is - deur die Seychelles People's Progressive Front (SPPF) regeer. Maar nou poog die SPPF om van die streng sosialistiese riglyne én die gepaardgaande onderdrukking ontslae te raak.

"Onderdrukking was 'n kenmerk van die sosialistiese regime aan die begin van die revolusie. René het alle interne tweedrag onderdruk en sodoende van baie van Mancham se ondersteuners ontslae geraak," sê 'n politieke waarnemer.

Biskop Felix Paul van die Rooms-Katolieke Kerk in Victoria Mahé sê: "René kon egter nooit die Christene, wat 98 persent van die bevolking en 67 000 inwoners van die eilandgroep verteenwoordig, ignoreer nie."

Biskop Paul is een van die min oorlewende Mancham-ondersteuners. Hy was 'n vertroueling van Mancham en het die sosialistiese regering van René openlik gekritiseer.

Volgens biskop Paul was sosialisme nog nooit ter sprake nie. Die leiers wat die regering in 1977 oorgeneem het, het probeer om hulle sienings op die mense af te dwing. Hulle het Marxisme probeer verkondig en die jeug aangespoor om teen God te rebelleer. Dit het die verbrokkeling van gesinstrukture tot gevolg gehad, sê hy.

Volgens biskop Paul het René besef die mense is nie die vyand van die revolusie nie.

Hy sê René staar ernstige interne bedreigings in die oë. Vyftig persent van die bevolking is jonger as 16 en dit hou 'n bedreiging in vir die regeringsbeleid wat voorsiening maak vir gratis behuising, gesondheidsgeriewe en opvoeding. Oor drie of vier jaar sal die regering dié mense nie kan hanteer nie. Baie jong mense is reeds werkloos.

## Chaos

"Oor twee jaar sal die land in chaos gedompel wees," erken 'n amptenaar. Hy sê baie inwoners probeer na Europa of Australië emigreer omdat hulle beter opvoeding vir hul kinders wil hê. Sommige ministers, insluitend die minister van gesondheid, Ralph Adam, stuur hul kinders oorsee.

Tekens van glasnost is oral te bespeur. Die regeringsbeheerde radio- en televisiediens het onverwags die inseëning van Lonnie Adrienne, die eerste plaaslike priester in 20 jaar, uitgesaai.

Die pous se besoek aan die eiland in 1987 is moontlik die rede vir dié verdraagsaamheid teenoor godsdiens deur die party-amptenare.

Die regeringskoerant, die Seychelles Nation, het ook nuwe moed. In 'n hoofberig met die titel "Ons het die reg om te weet", het die redakteur sterk kritiek uitgespreek teen topstaatsdiensamptenare wat probeer om nuus te dikteer, manipuleer en te versteek.

Beide voorvalle was onverwags maar tog in ooreenstemming met toesprake vroeër die jaar waarin René hom ten gunste van samewerking met sy teenstanders uitgespreek het en waarin hy hulle uitgenooi het om in die Seychelle-eilande te belê.

In dié ontspanne atmosfeer word mense aangemoedig om hul menings te lig.

"Ek voel meer op my gemak," sê biskop Paul. Hy onthou nog die dae toe hy bang was om sy sê te sê en om as voorstander van anti-sosialisme uitgekryt te word.

Die "Stick Police" wat in die vroeë tagtigerjare gebruik is om uitgesproke teenstanders te onderdruk, is nou gedeeltelik ontbind en tree nie meer aktief op nie.

René word ouer, meer soos 'n staatsman. Hy besef hy het meer vriende nodig om 'n ware volk te bou.

Hy wil 'n herhaling van die ekonomiese krisis in 1986 - toe buitelandse reserwes opgedroog het weens die groot skuldlas en 'n verlaging in uitvoerbelasting - vermy.

Die sosialistiese stelsel kon in nege jaar nie 'n wonderwerk bewerkstellig nie en René moes die ekonomie bevry.

## Neutraal

Volgens biskop Paul het René, toe hy in beheer gekom het, Mancham daarvan beskuldig dat hy kolonialisme bevorder deur hotelle te open wat deur Europeërs en Suid-Afrikaners besit word, en deur uitgewekenes in sleutelposisies aan te stel."

Ná elf jaar is hy nou besig om Mancham se beginsels toe te pas.

Die Seychelle is ook besig om meer neutraal te word. Britse, Amerikaanse, Sowjetse en Franse vlootskepe is welkom in Victoriahawe.

Die BBC het 'n herleistasie en die VSA onderhou 'n spoorsatelliet, terwyl lede van die Sowjet-weermag die bemanning van patrollieskepe oplei. Frankryk, Noord-Korea, Maleisië en Japan het ook beleggings op die eiland. - New African

# KK kies generaal



Kebby Musokotwane

PRESIDENT KENNETH KAUNDA is die grootmeester van die Zambiese politiek en hy regeer die land soos niemand tevore nie - met geslepenheid, takt en wysheid.

Hy weet ook dat sy outokratiese bewind in beheer sal bly met behulp van sy manne in uniform, en nie deur die vriendelikheid van sy kollegas nie.

Kaunda het in die verlede al politieke en diplomatieke ampte - met aantreklike voordele - aan verskeie militêre offisiere gegee. Hy gebruik die taktiek nie net as 'n beloning vir hulle getrouheid nie, maar ook om enige verskuilde politieke ambisie in toom te hou.

Sy vertroue in die weermag is weer eens bevestig met die aanstelling van 'n voormalige weermagbevelvoerder as eerste minister.

Die aanstelling van genl Malimba Masheke, wat voor die kabinetskommeling die minister van binnelandse sake was, het almal verbaas en selfs Masheke was oorbluf.

Vir die vyfde uittredende eerste minister Kebby Musokotwane, was die verandering onaanvaarbaar. Hoewel hy niks kon sê nie - behalwe om sy getrouheid teenoor die Zambiese leier uit te spreek - was hy duidelik ongelukkig om die derde hoogste pos in die Zambiese hierargie vaarwel te roep.

## Vernedering

Musokotwane het Kaunda versoek om hom in 'n diplomatieke amp aan te stel eerder as om die vernedering van 'n laer amp in die kabinet te ervaar. Kaunda het dit besef en drie dae ná die aanstelling het hy aangekondig dat hy Musokotwane oorsee stuur om 'n inkomste te verdien sodat 'n verband op 'n huis wat hy in Lusaka laat bou het, kan afbetaal.

Dié verskoning het nie almal se nuuskierigheid bevredig nie en gerugte wil dit hê dat Musokotwane, tesame met ander politici, in 'n mislukte staatsgreep betrokke was. Kaunda het hom beskerm en die gerugte as onwaar bestempel - New African

# Studente roer óral

**Balfour Ankomah**

DIT lyk of 1989 die jaar van studente-protes gaan word. Buiten die massale studentebetogings in China en die roeringe onder studente op Afrikaanse en swart kampusse in Suid-Afrika, is studente in talle Afrikalande besig om al meer in opstand te kom teen korrupsie, wanbestuur en swak onderwysstelsels.

In Nigerië is ten minste vyf studente die naweek tydens 'n protesoptog in Benin Stad dood. Die studente het teen hoë vervoer- en voedselkostes geprotesteer. Verlede Vrydag het die studente 600 gevangenes uit die tronk vrygelaat en motors in die strate aan die brand gesteek.

## Tydelik gesluit

Verskeie universiteite en kolleges in die land is reeds vanjaar tydelik gesluit weens studenteprotes oor onder meer swak onderwysgeriewe.

In Benin het studente, lektore en werkers in Januarie vanjaar aan protesoptogte in die strate deelgeneem weens griewe wat onder meer die uitbetaling van agterstallige salarisse en toelae insluit. President Mathieu Kerekou het die weermag beveel om enige persoon wat op heterdaad betrap word, te skiet. Die weermag kon nie die bevel uitvoer nie omdat hul geen koeëls in hul gewere het nie - die president vertrou nie sy eie weermag met gelaaide gewere nie.

In Zaïre is daar in Februarie nagenoeg 38 studente gedurende 'n protesoptog in Kinshasa dood. Sowat 4 000 studente en lektore het aan die optog na President Mobutu Sese Seko se paleis deelgeneem. Hulle het 'n verhoging in studiebeurse en verbeterde opvoedings- en vervoergeriewe geëis.

Die studente ontvang studiebeurse wat nie hul kostes dek nie. Daar is nie genoeg sitplekke vir die studente in lesingsale nie en die koshuise is oorvol. Boonop is daar 'n vervoerkrisis: vir 'n bevolking van 5 miljoen is daar net 120 busse in Kinshasa.

Die polisie is ingeroep om die studente te onderdruk, maar het hul eensgesindheid met die studente getoon deur nie teen hulle op te tree nie. Nadat hulle tot geweldpleging oorgegaan het, is die weermag ingeroep om die studente te onderdruk. Daar is vanuit helikopters op die studente geskiet.

In Brazzaville in die Kongo het studente klasse geboikot uit protes teen die regering se onvermoë om vier maande se agterstallige studiebeurse uit te betaal.

Soortgelyke klagtes het in Februarie in Dakar, Senegal, aanleiding gegee tot 'n staking deur dosente. Die minister van opvoeding is op die kampus deur studente uitgejou. Die regering het tot 'n vergelyk met die dosente gekom en hul salarisse is aangepas. Soortgelyke voorvalle het by die universiteit van Kartoem in Soedan voorgekom.

In Somalië is 'n protesoptog deur studente wat gekla het oor die manier waarop eksamens gevoer word, hardhandig deur die veiligheidsmagte onderdruk.

## Studiebeurse teruggetrek

Vyftien studente is in Harare van hul studiebeurse ontneem na hulle 'n betoging teen korrupsie gelei het. Opposisiegroepe in die regering het die studente ondersteun en 'n kommissie van ondersoek geloods. Die minister van politieke sake, Frederick Shava, en die minister van verdediging, Enos Nkala, is weens die ondersoek afgedank.

Nadat die studente om verskoning gevra het omdat hulle die kantoor van pres Mugabe aan minagting blootgestel het, is hulle studiebeurse herstel.

In Namibia is tienduisende leerlinge aan die staak uit protes teen die optrede van Koevoet-polisiemanne teen die plaaslike bevolking in Owambo. - New African


JODAC

Politieke Gespreksaand

*Die Natalse Vredesinisiatief - onlangse gebeure*

*Sprekers: Jay Naidoo*
*Algemene sekretaris van Cosatu*
*John Jeffreys*
*'n Advokaat van Pietermaritzburg*

*Almal is welkom. Verversings sal na die tyd bedien word.*

*Datum: Maandag 5 Junie 1989*
*Tyd: 7.30 nm*
*Plek: Congregational Church*
*De Kortestraat 75*
*Braamfontein*

# Brandende liedjies oor vrouwees in 'n verdeelde land

**CHARLES LEONARD gesels met Jennifer Ferguson, wat nou ook in Afrikaans sing**



DIE sangeres Jennifer Ferguson wou 'n joernalis word om stories te vertel. Sy het toe nie 'n joernalis geword nie, maar tog vertel sy stories - brandende liedjies oor vrouwees in 'n verdeelde land.

Aan die einde van haar eerste jaar as joernalistiekstudent aan Rhodes, het sy in Kaapstad vakansie gehou en onkeerbaar verlief geraak op dié stad. Uit dié verhouding het sy 'n Ikey-dramagraad ryker geword.

"Ek beskou myself ook as 'n verslaggewer. Waar 'n koerantverslaggewer 'n artikel skryf wat mense kan neersit wanneer hulle klaar gelees het, sing ek 'n liedjie wat drie minute lank mense se siele roer," sê Jennifer.

Sweet Freedom is só 'n liedjie. Dis die ware verhaal van Irene Mkwaye wat 'n verpleegster in die Alexandra-township was. 'n Voortvlugtende, gewonde ANC-soldaat het by haar huis ingevlug. Sy het hom vir twee weke lank verpleeg en in die proses het hulle verlief geraak. Na twee weke is hy weer gevang en lewenslank Robbeneiland toe gestuur.

### Getrou

Vier en twintig jaar lank het hulle onsuksesvol aansoek gedoen om te mag trou. Na 25 jaar, in 1986, het die owerhede hulle eindelik toestemming gegee en het hulle op Kersdag getrou.

"Ek onthou die koerantfoto's van die bruid wat buite Pollsmoorgevangenis gewag het dat die eenvoudige seremonie moet begin.

"Sy het in 'n pienk rok getrou. Ek kan net dink hoe haar droom van 'n trourok moes verander het deur al die jare. Van wit na pienk ..."

Irene is op 16 Desember die volgende jaar oorlede en die owerhede het haar man, Wilton, toestemming geweier om die begrafnis by te woon.

Jennifer het dié huldeblyk ook by David Webster se begrafnis gesing vir:

"the ones who struggled unnoticed
as small and as many as the sand
on our beautiful Weskus shores."

Met haar onlangse vertoning het sy byna die helfte van haar liedjies in Afrikaans gesing. Hoekom?

"Ek moes 'n jaar en 'n half gelede vir Potpourri se Metronoomlangspeler 'n Afrikaanse liedjie opneem. Hulle wou hê ek moes iemand anders se musiek sing.

### Groot invloed

"Ek het nie van die idee gehou nie en my eie Afrikaanse liedjie, Kaap na Cairo, geskryf.

"Sedertdien het ek net al hoe meer in Afrikaans begin skryf. Ek is gek oor die klanke in Afrikaans en veral hoe dit gesing kan word. Woorde soos turksvye, perlemoene is heerlik op die tong."

Haar wortels lê diep in die platteland.

"My ouma op Ermelo het 'n rubriek vir die Ermelo Hoëvelder geskryf onder die titel Met ander oë. Sy het altyd geskryf en 'n groot invloed op my gehad."

"As mens in Afrikaans sing, is dit deel van die bevryding van die taal."

Wat van die sogenaamde alternatiewe Afrikaanse musiek?

"Ek is altyd skepties oor bewegings. My probleem met die Voëlvry-toer is dat hulle polariseer. Daar word 'n generasie-polarisasie geskep.

"Hul uitdrukking van hulself is: Julle moere! Ek probeer my kop uitsorteer en ek is brullend boos vir julle!

"Maar wat dan? Mens kan alles gaan opblaas, maar verander dit enigiets?

"Nog 'n beswaar is dat hulle seksisties is. Tonya Selly met haar pragtige stem is bloot 'n doe-wapmeisie wat met 'n mini op die agtergrond staan en mooi lyk.

"Ek praat natuurlik net vir myself. Ek het nie 'n mandaat nie," skerts sy.

Sy het 28 jaar gelede as rooikopbaba die eerste maal van haar laat hoor in Sister McKenzie se Nursing Home op Ermelo.

Van kleins af al het sy 'n passie vir musiek, en as kleuter het sy in 'n Duitse kerkkoor begin sing.

Sy het teen R5 per maand leer klavier speel by 'n besonder eksentrieke onderwyser.

"Hy het elke Woensdag maklik twee uit die drie ure van ons les net gesels. Hy was kwaad vir die hele wêreld. Hy het 'n belangrike invloed op my politieke bewussyn gehad.

"Ek het my pad deur-'gebusk', terwyl ek geen noot kon lees nie. Hulle het ná vyf jaar eers agtergekom ek kan geen noot lees nie. Ek het bloot op gehoor gespeel."

Jennifer se pa is oorlede toe sy elf jaar oud was.

"Na die begrafnis het ek voor die klavier gaan sit en die gesang wat ons in die kerk gesing het, gespeel. Dit was 'n wonderlike gewaarwording om te besef dat ek kan leer deur net na musiek te luister.

"Uit die hartseerlied het liefdesliedjies ontwikkel. Die buurseun se kamer was reg langs my musiekkamer. Ek het geweet hy luister en het die heel tyd vir hom liefdesliedjies gespeel.

"In Johannesburg, op Roosevelt High, het ek ghitaarlesse by Colin Shamley geneem." Shamley is 'n bekende Suid-Afrikaanse folkkunstenaar.

"Mense begin van jou stem hou en ek was altyd alleen met my ghitaar aan die einde van die aand, nadat al die paartjies begin afdwaal het.

"Ek het die kêrels misgeloop. Die een op wie ek verlief geraak het, was 'n loskop-kalant."

'n Gebrek aan geld het haar daarvan weerhou om musiek te gaan swot.

Gelukkig het dinge so verloop dat sy vandag 'n musikant kan wees.

"Die geld is maar min, maar ek is gulsig vir musiek en dit hou my aan die lewe."

### Storieverteller

Haar grootste musikale invloede is Tom Waits, die Chicago Art Ensemble en gewis die vroeë Miles Davis.

Haar lirieke? "Ek bly 'n storieverteller. Ek doen verslag oor wat in ons land gebeur."

Jennifer is op die uitvoerende bestuur van die South African Musicians Alliance (Sama). Sama is 'n soort vakbond vir Suid-Afrikaanse musikante.

"Dit is besonder moeilik om musikante in 'n vakbond te organiseer. Tog doen musikante wat jy wil hê hulle moet doen. Dit is waarskynlik hoekom hulle so uitgebuit word.

"Sama se rol is om musikante te beskerm: van bestuur tot werkgewers, die platebedryf, die SAUK - daar word jy steeds R85 betaal vir 'n drie uur lange sessie - en plekke soos die Markteater.

"Die Markteater betaal my R100 'n week terwyl ek repeteer."

Jennifer tree binnekort in 'n nuwe Barney Simon-stuk, Women of Africa, by die Markteater op.

Is Sama voorskrywend oor watter politieke rigting gevolg moet word?

"Nee, 'n Jazz-musikant kan tog nie 'n revolusionêre solo speel nie."

Sama is egter ten gunste van 'n nie-rassige Suid-Afrika en gee leiding aan kunstenaars in die strewe na 'n post-apartheid gemeenskap.

Sy is baie uitgesproke oor die Internasionale Diensweieraarsdagkonsert waaraan sy deelgeneem het.

"Die jeug lei aan 'n einde van die wêreld-sindroom. Ek was ook so, so sewe jaar gelede. Maar 'n mens word groot."

"By bogenoemde konsert was die jongmense so 'glib'. Nie eens liberaal nie. Eerder gliberaal.

"Ek het ook 'n konsert by RAU gehou waar 1 100 studente doodstil gesit en luister het. Dit is miskien die hele gehoorsaamheids-ding. Tog het hulle geluister."

Jennifer was deel van 'n groep Suid-Afrikaanse vroue wat in April in Harare met ANC-vroue gaan gesels het.

"Ek wens daardie vroue kan ons kabinet oorneem. Hulle is besonder bevoeg. Dié mense het die heel tyd probeer om hul visie vir 'n nuwe Suid-Afrika baie positief oor te dra.

"Dit sou lekker wees om op 'n stąptoer te kon gaan en saam af te tjop. Mens sou meer van mekaar kon leer."

Benewens die toneelstuk waarin sy binnekort gaan optree, werk Jennifer aan 'n nuwe langspeler. Die datum van uitreiking is nog nie bekend nie, maar sy belowe groot plesier met dié plaat.

"Dan wil ek nog 'n plattelandse toer ook doen."

---

**En pa sê pa weet van alles**
**Van wat goed is, van God en gebod**
**Maar pa weet nie alles wat ek weet nie**
**Hokaai! Hokaai!**

**Want daar staan pappa nou in die deur**
**Met sy AK47 outomatiese geweer**
**Ek sien hoe dit alles gebeur**
**In slow motion**
**(Uit Slow Motion)**

# Indringers: simbole van die mens se sorgeloosheid

**Die mens is die één spesie op aarde wat die besondere vermoë het om die lewe om hom te vernietig en sy planeet onleefbaar te maak. Dosyne spesies het reeds uitgesterf, en die lys van bedreigdes groei by die dag. Omgewingsdag 1989 - wat volgende week gevier word - fokus hierop, maar lê veral klem op biologiese indringers wat ons natuur bedreig. VICTOR MUNNIK en ANTON STEENKAMP ondersoek die omvang van die bedreiging**

DIE mens en sy ewig groeiende gétalle en verbruikslus is die grootste bedreiging vir ons natuurlewe.

Spesie na spesie beland op die bedreigde lys omdat hul habitat deur die mens en sy groeiende behoeftes verwoes word.

Maar ewe gevaarlik is die meelopers van die mense - plante en diere wat die mens saam met hom bring as tuinplant of troeteldier, as verbruiksgoedere of sommer per ongeluk.

Biologiese indringers wat ons natuur bedreig is die tema van vanjaar se omgewingsdag - 5 Junie - soos dit deur die Departement van Omgewingsake gereël word.

Onder die indringers tel die Amerikaanse rooi-oorskilpad; só 'n geharde dier dat hy nie net die inheemse skilpaaie verstoot nie, maar ook op pad is om al wat vis en padda is, uit te roei.

Die litjieskaktus, oorspronklik as tuinplant ingevoer, gróéi waar 'n stukkie van hom val. Sy familie, die turksvy, is egter een van die suksesverhale van biologiesé beheer - met cochenille (skarlakenluis).



**Die litjieskaktus. Waar hy val, groei hy**
*(Met erkenning aan die Departement van Landbou en Watervoorsiening)*

Turksvye is 'n probleem in groot dele van die eertydse Britse empire - hier, Australië en Indië.

Baie bekend is die ingevoerde waterhiasint wat reeds die Vaalrivier erg besmet het. Kenners wys daarop dat die mens ook hier die eintlike sondebok is - die waterhiasint gedy in die stikstofryke water wat die gevolg is van besoedeling.

Tuiniers is seker baie lief vir die natuur, maar hulle het al heelwat skade aangerig deur plante toe te laat om te ontsnap en dan die inheemse plantegroei te verdring.

Dit is 'n treurige gesig om die pienk lantana tot teen die hek van die Laeveldse Botaniese Tuin te sien groei - en te weet die spesie is biologies só kompleks, en het al soveel weerstand teen die uitroei-planne van die mens opgebou, dat die hoop maar skraal is om van dié struik ontslae te raak.

Die silwerwattel is besig om eenvoudig oor te neem by die inheemse plantegroei aan die rivier-oewers van die Hoëveld, heel dikwels in die geselskap van sy harige vriend die luisbos.

Maar miskien het die indringers tog een goeie gevolg. Hulle is simbole van die sorgeloosheid waarmee ons met die natuur omgaan.

Dink maar aan die Indiese spreeu. Sy skril stemmetjie en parmantige houding laat 'n mens onwillekeurig dink aan sekere mense en instansies wat nie juis omgee vir die omgewing nie?



**Twee Kaapse aasvoëls in volle vlug** *(Met erkenning aan Alistair Robertson)*

# Onkunde roei reptiele uit

WULF HAACKE, herpetoloog by die Transvaalse Museum, hou self reptiele aan. Adders, skurwejantjies en akkedisse lê op klippe onder die ligte in sy kantoor en bak.

Hy het natuurlik permitte, want daarsonder mag dié diere nie gevang word nie.

Baie mense maak reptiele dood sonder om dit te bedoel, sê Haacke.

Hulle vang die diere, sit hulle in botteltjies in die motor en dan vrek die goed van die hitte.

Reptiele is baie sensitief vir temperatuur - die meeste kan net oorleef binne 'n temperatuurwisseling van sowat 5 grade. Word dit kouer of warmer, begin die proteïene in die liggaam afbreek, en vrek hulle.

Europeërs hou graag reptiele aan. Die Vrystaatse sonkyker is op groot skaal uitgevoer en dit het groot druk geplaas op dié reptiel, terwyl sy habitat ook vernietig is - die plat Vrystaatse veld wat uitstekend geskik is vir mielies.

"Daar is mense, so hoor ek, wat Mercedesse gekoop het met die wins wat hul gemaak het uit reptielhandel," sê Haacke.

Mense maak reptiele dood uit onkunde en onnodige vrees. Van die reptiele in Suid-Afrika is net 'n paar slange giftig.

Haacke sê slange byt nie sommer nie. Dis 'n risiko vir die dier: hy moet met jou kontak maak en dit gaan hom weke vat om weer die gif op te bou wat hy op jou gemors het. "Moenie oorhaastig enige ding doodslaan nie," vra Haacke.



**Die bruin huisslang: 'n nuttige muisvreter en glad nie giftig nie**
*(Foto deur WD Haacke)*

Die Kaapprovinsie het die rykste verskeidenheid van landskilpaaie in die wêreld - van die wêreld se 40 landskilpadspesies kom 16 in Suid-Afrika voor, en 12 daarvan in die Kaapprovinsie.

Ernst Baard, natuurbewaringswetenskaplike van Kaapland, sê een van dié skilpadspesies word ernstig bedreig - die geometriese skilpad of suurpootjie.

Meer as 95 persent van die suurpootjie se habitat is al vernietig, veral deur landbou en stedelike ontwikkeling. Die suurpootjie leef net in die Renosterveld. Dus kom hulle voor in die Swartlandgebied van Piketberg tot Hottentots-Holland, en in die Worcester- en Ceres-vallei.

Die suidelike klipskilpad, wat in die Namakwaland woon, is ook skaars. Maar dis moontlik omdat hulle so goed met hulle omgewing saamsmelt, reken Baard.

Ses Suid-Afrikaanse reptielsoorte word bedreig. Dit is die suurpootjie, vier paddasoorte, en een verkleurmannetjie.

Onder die 15 kwesbare soorte tel seeskilpaaie, die gewone luislang, ouvolk (of sonkykers) en die gewone krokodil.

# Die arend se laaste vlug . . .

**ROOFVOËLS soos arende en aasvoëls is vinnig besig om te verdwyn in Suid-Afrika.**

**Arende, as roofvoëls op die punt van die die voedselpiramide, help om die getalle van hul prooi te beheer. Dassies, hase en ander plantetende diere, ding mee met vee om weiding, en dis tot die boer se voordeel as dié diere deur arende beheer word.**

**Omdat roofvoëls, soos die mens, bo-aan die voedselpiramide staan, dui die invloed van gifstowwe in roofvoëls ook op dié stowwe se invloed op die mens. Al hoe meer roofvoëls vrek weens gifstowwe wat in die voedselketting opgeneem word. Dit dui daarop dat gifstowwwe ook teenwoordig is in die kos wat mense eet.**

**Die Breëkoparend, die grootste arend in Afrika, word reeds as "kwesbaar" aangegee in die Suid-Afrikaanse Rooi Databoek.**

**Die Berghaan, met sy kenmerkende skarlakenrooi gesig en bene, is die kwesbaarste van suidelike Afrika se arende. As gevolg van sy liefde vir aas, en die hoë gifinhoud van aas as gevolg van onoordeelkundige gebruik van gifstowwe, het dié arend daaronder gely en word vandag selde buite natuurreservate gesien.**

**Die visarend met sy kenmerkende roep word ook bedreig as gevolg van die ophoping van plaagdoders en giftige chemikalieë in damme, mere en riviere wat die voedselketting nadelig beïnvloed.**

**Ses van die sewe aasvoëlsoorte wat in suider-Afrika voorkom, word in die Rooi Databoek gelys. Die Egiptiese aasvoël het reeds uitgesterf.**

**Die Kaapse aasvoël, wat eers oor die hele suider-Afrika voorgekom het, is nou beperk tot 'n paar gebiede in die Transvaal, Lesotho, die Drakensberge en Transkei.**

**Die grootste bedreiging vir aasvoëls is die gebruik van giftige aas. Die Trust vir Bedreigde Natuurlewe is nou besig om boere in te lig oor die gebruik van giftige aas en die belangrike rol wat roofvoëls speel in die voedselketting.**




**Die Bastergemsbok (regs) is 'n bedreigde spesie - hy sal dus uitsterf as die faktore wat hom bedreig nie gou verander nie**
*(Uit: Soogdiere van Suidelike Afrika, met vriendelike vergunning van die Universiteit van Pretoria)*

# Bastergemsbok volg die kwagga se spoor in die vergetelheid in

DIE bastergemsbok se agteruitgang sedert die begin van die eeu kan toegeskryf word aan veral een oorsaak: die vernietiging van hul habitat.

Hulle verkies natterige grasveld - wat natuurlik ook baie aantreklik is vir die mens.

Sulke gebiede word gewoonlik eerste omgeploeg en bewerk voordat die droër bosgebiede ontgin word.

Die bevolkingsontploffing op ons platteland het dele van die bastergemsbok se habitat in halfwoestyn laat verander, terwyl ander dele vernietig is deur die drooglê van vleilande deur sogenaamd opgeleide landbouers.

Wildboerdery bied ook nie altyd die oplossing nie - die bastergemsbok het 'n ingewikkelde sosiale organisasie wat deur afkamping en die verkoop van diere wat nie saamhoort nie versteur word - en dit is so te sê onmoontlik om 'n kudde te begin.

'n Kudde word gelei deur die sterkste koei en 'n nuwe trop word eers gevorm wanneer 'n dominante koei met haar volgelinge wegbreek.

## Beweiding

'n Bykomstige bedreiging is kompetisie met ander spesies. In die natuur is dit nie 'n probleem nie, maar met mak vee in die omtrek en met afgekampte weivelde het die bastergemsbok dit moeilik.

In die Waterberg het die beweiding deur beeste oor 'n lang tyd gelei tot 'n agteruitgang in die veld, wat weer die rooibokke bevorder het - tot nadeel van die bastergemsbok.

Onwettige jag dun natuurlik die bastergemsbokke op onbeheersde wyse uit.

Daar is ook berigte van smokkel met die diere deur Botswana na oorsese trofee-jagters.

"Lewende trofeës" is die probleem wat geskep word deur stadswildboere wat soveel moontlik spesies op hul grondjie wil aanhou - omtrent soos iemand wat seëls versamel.

Soveel diere kan ongelukkig nie saamwoon en onder sulke omstandighede aanwas nie.

Die bastergemsbok is een van vier bedreigde soogdierspesies: die ander is die rivierkonyn, die wildehond en die swartrenoster.

*(Inligting oor die bastergemsbok uit uittreksels van bestuursplanne van die Transvaalse Direktoraat Natuurbewaring.)*



**Die kwagga, wat in 1883 uitgesterf het.**

**'n Kwagga, of dan 'n dier wat nes 'n kwagga sal lyk, word tans in Wes-Kaapland geteel. Wetenskaplikes het enkele jare gelede tot die gevolgtrekking gekom dat die die kwagga nooit 'n afsonderlike spesie was nie, maar 'n subspesie van die vlaktezebra. Soos 'n lid van die Kwagga Eksperimentele Groep, Reinhold Rau van die SA Museum in Kaapstad sê: "Kwaggas was nog altyd zebras, ofte wel, alle zebras is kwaggas."**

**Dié gevolgtrekkings is gemaak ná genetiese ontledings van die weefsel van 'n aantal opgestopte museumkwaggas.**

**Die "nuwe kwagga" word geteel uit die zebra's van Etosha, Zoeloeland en die Krugerwildtuin. Die navorsers herken die "kwagga-gene" aan die afwykende streeppatrone van die zebras.**

**Die groep verwag om binne die volgende tien jaar heelwat nader te kom aan 'n zebra wat soos 'n kwagga lyk. Die teelprogram is gevestig by die bewaringstasie Vrolijkheid naby Robertson.**

*(Foto van die Zoological Society of Londen)*

# Bloukrane word in swerms vergiftig

ERNSTIGE kommer heers in bewaringskringe oor die skerp afname van bloukraanvoëls - een van die land se nasionale simbole.

'n Afname van tot 95 persent in die Transvaal word deur opnames van Warwick Tarboton, voëlkundige van die omgewingsbewaringsdirektoraat van die Transvaalse Provinsiale Administrasies, getoon

Tydens 'n opname in die tydperk 1979 tot 1982 in die Verlorenvallei-natuurreservaat naby Dullstroom is ten minste 19 broeipare en 22 broeiplekke van bloukraanvoëls getel. In 1987 het daar slegs vier pare gebroei en laas somer kon slegs een paar gevind word, maar geen teken van 'n broeiplek nie.

In die oostelike Hoëveld het opnames tien jaar gelede ten minste 500 bloukraanvoëls aangetoon, sê Tarboton. Toe daar destyds begin is met opnames van die bedreigde lelkraanvoël, was daar so baie bloukraanvoëls op die oostelike Hoëveld dat hulle nie eens getel is nie...

Tarboton meen vergiftiging is moontlik die oorsaak vir die ingrypende afname in bloukraanvoëls.

Dié voëls broei in die somer, tot ongeveer Maart. Dan kom verskillende familie-groepe saam om groot swerms - tot 300 voëls - te vorm wat rondtrek op soek na kos. In die winter verlaat die meeste bloukraanvoëls die Transvaal op soek na weiding. Hulle is veral lief vir groen koringlande en dit is bekend dat hulle geweldige skade aan gesaaides kan aanrig.

Hoewel sommige boere kinders die lande instuur met blikkies om geraas te maak en die voëls te verwilder, vind sommige dit baie makliker om net gif te strooi.

Dit kan dus gebeur dat 'n groot swemm voëls op 'n vergiftigde koringland gaan sit om te wei. Die gevolg spreek van self.

Gifstrooiery kom veral in die Oos-Kaapland, maar ook in Transvaal voor.

## Meer as R10 000 vir een blouswael?

DIE blouswaeltjie is een van die vyf bedreigde voëlsoorte in ons land. (Saam met onder andere die Egiptiese aasvoël en die lelkraan.)

Die probleem is die blouswael se habitat. Hy woon net in die grasvelde in die hoëreënvalgebied van die misgordel - juis die gebied wat geskik is vir die verbouing van dennebome.

Volgens die voëlkenner Warwick Tarboton het die bosbou-tak van die Departement van Omgewingsake in 1987 besluit om 'n gebied van 470 hektaar nie met denne te beplant nie, omdat 9 pare blouswaels daar nes gemaak het. Dié besluit het 'n verlies aan inkomste van sowat R198 000 per jaar veroorsaak - ofte wel sowat R22 000 per swaeltjie-paar.

Dit klink vreemd, dog die blouswael is maar net 'n simbool van 'n hele habitat wat bedreig word. Die blouswael is die sigbare spits van 'n hele ekosisteem wat besig is om te verdwyn in die "groen woestyne" van die denneplantasies.

Ope brief aan Eugene Terre'Blanche

# Super-Afrikaner? Nee neef, gaan eerder terug plaas toe



**Beste Eugene**

Daar is mense wat meen ons koerante steur hulle te veel aan jou en dat jy die soort politikus is vir wie enige publisiteit goeie publisiteit is.

Dis seker deels waar, maar ek wil tog graag vandag met jou reguit gesels as een Afrikaner tot 'n ander. Jy is mos 'n man wat hou van reguit praat, of hoe?

Terloops, daar is van my vriende wat my afgeraai het om die brief aan jou te skryf. Hulle sê as 'n mens jou en die AWB omkrap, dan kom jou boelies en neuk 'n mens op of beskadig jou eiendom.

Kan dit waar wees van 'n leier wat sy Christenskap so hoog opgee en van 'n beweging wat die Christelike geloof in sy grondwet ingeskryf het?

Ek en jy het waarskynlik nie veel gemeen nie, maar daar ís tog 'n paar dinge wat ons deel: 'n liefde vir ons mense en ons kultuur; 'n passie vir die Afrikaanse taal; en 'n hekel aan die dubbelpratery, leuens, korrupsie en arrogansie van die Nasionale Party-regering.

Een van die redes waarom ek nóú die brief aan jou skryf, is die verskriklike gebeure op Strijdomplein in November verlede jaar wat laas week gelei het tot die doodstraf wat agt keer oor een van jou getroue dissipels uitgespreek is.

Dit was meestal jou mense wat die hof volgepak het tydens die verhoor. Jy weet beter as ek dat die lede van jou beweging 'n fanatiese massamoordenaar nou tot 'n soort Afrikaner-held probeer verhef; 'n soort hedendaagse Jopie Fourie.

Ek weet nie in hoe 'n mate jy hieraan meedoen nie, maar jou dawerende stilte oor die rasseslagting dui vir my daarop dat jy ook dink Barend Strydom is 'n held omdat hy agt swartmense in den koelen bloede afgemaai het.

Jy, Eugene, is die geestelike leier van hierdie arme misleide mense. Dit maak jou deels verantwoordelik vir wat hulle doen en dink.

Daar is baie moordenaars in die wêreld, en ook baie rassiste. Maar wat my en die meeste ander Afrikaners bitter kwaad maak, is dat Strydom sy dade kwansuis in die naam van Afrikanerdom gepleeg het - dat jy en jou beweging probeer uitmaak dat julle "beter Afrikaners" is as die res van ons.

Wat is 'n "goeie Afrikaner"? Vir julle, lyk dit my, is dit iemand wat swartmense haat, met kakieklere en hakekruise rondloop en met skuim om die mond verklaar dat die Afrikaner 'n soort super-ras is wat almal om hom moet regeer.

Wat dink ek is 'n "goeie Afrikaner"? Ek het nog nooit rede gehad om mense volgens die gehalte van hul Afrikanerskap te oordeel nie, maar ek sou sê dis 'n Afrikaner wat lief is vir sy land en bereid is om daarvoor op te offer, wat sy taal goed ken en praat, die geskiedenis ken en verstaan en wat dié tradisionele waardes wat van die Afrikaners spesiale mense gemaak het, respekteer en laat voortleef.

Vir my is dié waardes sy sin vir vryheid, reg en geregtigheid, demokrasie, eerlikheid, gásvryheid en medemenslikheid.

Met respek, Eugene, jy voldoen net aan één van dié vereistes: jy ken en praat ons taal goed.

Kom ons vat dit van 'n kant af. Jy kan nie lief wees vir jou land nie, want jy verag die meeste van jou landgenote en jy assosieer net met wat jy wil hê die "wit" dele van die land moet wees. Hoe kan 'n mens lief wees vir 'n land en dit dan in twee wil skeur en die helfte weggee?

Ek weet jy weet heelwat van die Afrikaner se geskiedenis af, maar iemand wat die geskiedenis soveel verdraai en misbruik vir sy eie rassistiese doeleindes kan sekerlik nie kwalifiseer as 'n mens wat die geskiedenis ken en verstaan nie.

'n Sin vir vryheid? Nee, Eugene, jy wil net "vryheid" hê vir 'n handjievol wittes. Dit beteken die res van die land se mense moet onvry en onderdruk wees. Jy wil aan ons landgenote doen wat die Britse kolonialisme aan ons gedoen het.

Ek kry julle soms jammer, want júlle is die mees gebonde mense in die hele land.

Reg en geregtigheid? En jy kondoneer gewelddadige optrede teen landsburgers net omdat hulle velle donkerder is as joune, al het jy en almal van ons van hulle bloed in ons are? Jy laat jou boelies mense teer en veer wat nie met julle saamstem nie? Jy bly stil as mense om rassistiese redes vermoor word?

Wat van eerlikheid? Dit kan tog ook nie wees nie, want al jou ondersteuners weet wat jy op verhoë sê en wat jy in die binnekamers van julle geheime rade en goed sê, nie dieselfde is nie?

En wat van jou optrede rondom die paleisrevolusie wat jy onlangs binne die AWB gehad het? Was dit eerlik en demokraties?

Oor gasvryheid en mede-menslikheid hoef ek nie eens uit te brei nie. Ek dink nie jy het jouself al ooit daarop geroem nie.

Super-Afrikaner? Nee, neef, jy is eerder 'n klad op die Afrikaner se goeie naam.

Boere-helde soos Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Paul Kruger sou jou nie in hul geselskap toegelaat het as hulle vandag gelewe het nie. Die oorweldigende meerderheid van Afrikaners vandag verag julle soort volksvreemde politieke boewery en haatpolitiek. Julle enigste sukses is om karikature van die Afrikaner te maak in die oë van ons landgenote en die buitewêreld.

Dis seker vergeefs, maar ek wil nogtans as Afrikaner vir jou vra om tot besinning te kom.

Maak vrede met jouself, sodat jy ook vrede kan maak met die werklikheid van Suid-Afrika van 1989. Vrede kan maak met Afrikaanssprekendes met donker velle en vrede met ons ander landgenote.

Gaan terug na jou plaas toe en gaan boer. Jy en jou gesin sal gelukkiger daar wees as wanneer jy Boere-Hitler op verhoë probeer speel.

Die res van ons, Afrikaners en ander Suid-Afrikaners, sal dan meer hoop kan hê dat ons as 'n nasie gaan groei en dat daar vir ons kinders 'n gelukkige, vreedsame en voorspoedige Suid-Afrika voorlê.

Groetnis

Max du Preez



MAKLIKER GESÊ

Gwynne Bramley Wray

## Ek kry dit van my tant San

NOU die dag, toe ek ná 'n groot operasie begin beter voel, lê ek langs my wederhelf en wonder hoekom ek besluit het om my lewe saam met hom deur te bring.

Die rede vir die onsinnige gedagtes was 'n tong-in-die-kies artikel in een van daardie sosiaal aanvaarbare glanstydskrifte. Verskeie joernaliste is uitgevra oor die soort mans waarvan hulle hou en hoekom.

Een vrou het vertel dat sy altyd aangetrokke voel tot 'n sekere soort man, en gekla omdat dit nooit wil gebeur dat die veilige, altyd-dieselfde tipe ou haar bloed vinniger laat vloei nie.

Maar hoe bereid is ons om uitsonderings te maak vir spesiale mense?

Begaafdheid, skryf dié joernalis, moet altyd gepaard gaan met vreemdheid. Priscilla Presley moes nie verbaas gewees het toe haar Elvis hom nie soos 'n normale eggenoot gedra het nie.

En soos daardie joernalis voel ek - daar is geen veilige keuses nie.

As ek terugkyk, herken ek al die soorte: van luidrugtige kunstenaars wat swak skilderye maak, tot molle wat swak liefde maak.

My tant San was altyd my held. Ek kan van kleins af onthou hoe vrolik dié ou dametjie met haar vrye gees haar weg deur die lewe gebaan het - met 'n stewige stap en 'n vonkel in die oog.

En sonder uitsondering het tant San elke Woensdag en Saterdag met 'n opgeruimde swaai op die bus geklim en perderesies toe gegaan.

Daar het sy en haar perdepêlle op resies na resies verwed, gelag, gedrink, mekaar op die rug geklop en die lewe terdeë geniet.

Laat in die aand het sy teruggekom, baie vrolik, vol lewe en vol dop. Dan het sy 'n laaste whisky gedrink en aan die slaap geraak met 'n glimlag op haar gesig en - nogal heel dikwels - 'n paar rand ekstra in haar rooi kunsleerhandsak met die ketting van valsgoud.

"En weet jy, hulle deel hulle geld met hulle vriende," sê Tommy, nou al lank Tant San se huisgenoot, wat nooit 'n steek werk in sy lewe gedoen het nie.

Hy het gedink tant San is weird. Want sy het gedink geld behoort aan almal - en die grootste plesier is om te deel.

"Ja, maar ons word nou oud, San," sê Tommy. "Jy moet jou nonsens met die perde los."

"O, jy was darem móói toe jy jonk was, Tommy," sê tant San, gooi haar kop agteroor en lag, soos sy altyd gemaak het.

"Ek het 'n gesonde bos hare gehad," sê hy en sug. Hy streel met sy hand oor sy gladde, geoliede hare. "Maar ten minste was ek nooit 'n las vir enigiemand nie."

Tommy was vroeër jare 'n eendstert - voordat hy die vreugde in tant San se lewe geword het.

Nadat haar vaal eerste eggenoot heeltemal vervaag het, en haar met meer geld gelaat het as wat die meeste mense in 'n leeftyd kan verdien, het sy besluit om alle waarskuwings in die wind te slaan en 'n woonplek met Tommy te deel.

Ja-nee, ek kry dit seker maar van my tant San.

# Barend Strydom nie deur ylende dromers gevorm

**DIRK WINTERBACH huldig die mening dat Barend Strydom homself midde-in 'n ekstremistiese beweging gevind het wat hom genoop het om van homself, sy dade en uitings, 'n makabere stelling te maak.**

DIT was opvallend dat gedurig in beriggewing oor die Wit Wolf gevra is of 'n mens die oorsake in sy persoonlikheid of die omgewing moet soek.

Terwyl dié fanaties regse terreurdade myns insien die gevolg was van 'n wisselwerking tussen die twee.

Daar is ook gemaklik verwys na "die massamoordenaar Strydom". Maar sy berekende slagting was eerder 'n openbare teregstelling van mense skulding aan die dra van 'n swart vel. Teregstelling met die klem op 'stelling', want Strydom, in ander opsigte skynbaar neerdrukkend normaal, het homself midde-in 'n ekstremistiese beweging gevind wat hom genoop het om van homself, sy dade en uitings, 'n makabere stelling te maak.

### Teatraal

Kyk hoe teatraal was sy gebaar met kamoefleerpak en pistool onder die blinde blik van sy naamgenoot JG Strijdom se olifantgroot bronskop. 'n Mens kan nie help om te dink nie: dit sou 'n goeie film maak. Onthou dat hy baie skryf, hoewel nie vlot nie. Briewe en gedigte. Ons hoor dat hy aan 'n SAP-dramavereniging behoort het.

As persoon pas hy gemaklik in 'n kategorie wat die meeste van ons stellig op skool geken het - die stil alleenloper met planne. Hy kon sy eie besigheid begin het. Hom doodgesuip het op sy ramparty. 'n Gesinsmoord gepleeg het. Hy kon 'n loopbaan gevolg het in die weermag, of tuis wees in 'n Groot Afrikaanse Versekeringsmaatskappy.

### Afrikaanse Ding

Maar vir die beweging waarin hy uit huis uit grootgeword het, het die Gewone Afrikaanse Ding toenemend vaal geword langs die skouspel, die mikrofone, die uitgestalde wapens op die heup, die slagspreuke, die charismatiese arrogansie van 'n Eugene Terre'Blanche.

Daardie gewone Afrikaners wat nog lag vir dié fanatieke leier, moet ernstig raak, of bereid wees om verantwoordelikhede te begin aanvaar vir Stydom-voorvalle. Want dit kan maklik weer gebeur.

### Oerboodskap

In Strydom se WIL-tot-stelling sien ons die sukses van Terre'Blanche se gebruik van die moderne massamedia om 'n oerboodskap van bloed, grond en stasis skouspelagtig en dinamies oor te dra.

Maar Terre'Blanche is nie 'n Wolf nie, inderdaad 'n skaap in wolfsklere langs Strydom.

Sy wortels is in die grond, en die tradisie van die landelike Afrikaner wat vir homself werk en sy eie plaas regeer.

Ek dink nie hy kon ooit in sy flirtasies met stedelike staatsdiensklerk, werker en polisieman vermoed hóé desperaat dié mense is nie. En hoe sy eie benutting van reklame en publisiteit so 'n grieselrige en bisarre wending kon hê nie. Want Terre'Blanche se groot en woedende gebare was dalk wat mens sou verwag van 'n amokmaker wat mense tromp-op skiet.

Selfs hy sou nie kon dink dit kon gedoen word met 'n glimlag nie.

Die lewe is harder aan die Oos-Rand en in Pretoria-Wes, as op die plaas. Daar is nie 'n tradisie van welsprekenheid nie. Koeëls praat hard en onomwonde. En dis 'n taal wat oud-polisieman Strydom beter verstaan as boer, sakeman en demagoog Terre'Blanche. Of dominee en parlementariër Treurnicht.

### Digbundel

Regse ekstremiste het 'n tradisie van buite-palementêre stelling en propaganda gevestig wat tans deur 'n meer bedreigde sektor van Afrikanerdom omskep word in gesofistikeerde, publisiteitsgerigte terreur.

Ek sê gesofistikeerd. Strydom is nie verbaal nie. Ek dink nie hy sou maklik 'n digbundel by 'n gevestigde uitgewer gepubliseer kry nie. Maar dat sy (tereg)stelling optimum publisiteit verkry het, is gewis. 'n Skielike uitbarsting van rassehaat kon nooit die effek gehad het van dié haarfyn beplande terreurdaad nie.

Strydom is nie dom nie, en die beweging wat hom gevorm het, is nie die werk van ylende dromers nie. Daar ís 'n gevegsplan.

### Stellings

Moderne stedelike terreur, hetsy deur die staat of ekstremistiese organisasies, behels nie soseer die strategiese besetting van gebiede as die maak van stellings nie. Konvensionele oorlog gaan oor die inneem van stellings, terreur oor die uiting gee daaraan.

Miskien is Strydom alles wat ons nooit gehoor het nie van Suid-Afrika se betrokkenheid in onkonvensionele oorlogvoering. Dan is die ding nou gesê, en die wat ore het, laat hulle hoor.







# Lidmate laat hoor 'n sterk stem vir een kerk

**Die beraad van NG Kerke in Vereeniging het dié week verder opslae gemaak toe 140 lidmate van die "blanke" NG Kerk 'n brief onderteken het waarin hulle die meerderheidsbesluit van die beraad onderskryf. In dié besluit verbind die jonger kerke hulle tot een, verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suidelike en Sentraal-Afrika en beskou hulle apartheid in al sy vorme as sonde. Die amptelike afvaardiging van die NG Kerk het 'n afsonderlike minderheidsbesluit uitgebring. Onder die 140 lidmate wat nou die meerderheidsbesluit steun, is proff Bernard Lategan en Willie Jonker van die Universiteit van Stellenbosch se Kweekskool, en proff Willie Esterhuyse, Lina Spies, Gerhard Erasmus, HJB Combrinck, Hennie Erasmus, Max Loubser, CG van der Merwe, James Fourie en Anton van Niekerk, ook van Stellenbosch.**



**BERNARD LATEGAN, professor in Bybelkunde, bespreek die aanloop tot en redes vir die brief.**

DIE brief van 140 NG-lidmate ter ondersteuning van die sogenaamde "besluit van Vereeniging" wat vandeesweek in twee kerklike blaaie verskyn het, het ook in die dagpers groot aandag geniet en deur iemand soos dr Beyers Naudé as "een van die belangrikste gebeure in die geskiedenis van die NG Kerk in die afgelope kwarteeu" bestempel.

Waarom is die saak so belangrik? Die beraad van die familie van NG Kerke (verteenwoordigend van nege lidkerke uit die hele Suidelike en Sentraal-Afrika) wat in Maart vanjaar in Vereeniging plaasgevind het, het 'n lang voorgeskiedenis.

Nadat verhoudinge binne die familie 'n breekpunt bereik het by die byeenkoms verlede jaar van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) in Harare, is besluit om die gesprek binne Suid-Afrika voort te sit. Verskille in die beoordeling van apartheid en die kwessie van strukturele eenheid in die familie was van die belangrikste agendapunte. Die optog van kerkleiers na Tuynhuis verlede Oktober het die beoogde byeenkoms byna gekelder, maar na veel moeite het verteenwoordigers van die nege kerke tog in Maart vanjaar in Vereeniging byeengekom.

Wat daar gebeur het, is geskiedenis. Die eerste dag het die afvaardiging van die NG Kerk sy aandeel in die vestiging van apartheid op so 'n wyse bely dat die jonger kerke dit met bewoeëndheid aanvaar het en 'n deurbraak werklik moontlik gelyk het. Toe die NGK gevra is om sy siening op skrif te stel, het die ontnugtering ingetree - die jonger kerke het daarin maar weer die ou huiwering ontdek om apartheid in al sy vorme ondubbelsinnig te veroordeel en die vashou aan die konsep van "nie-diskriminerende apartheid".

Weer eens het die beraad gedreig om uitmekaar te spat en weer eens is met groot moeite daarin geslaag om met die gesprek voort te gaan.

Aan die einde is 'n mosie aanvaar as amptelike standpunt van die beraad wat drie belangrike beginsels bevat:

Eerstens, die aanvaarding van die NG Kerk se skuldbelydenis oor sy aandeel in apartheid en die uitnodiging aan dié kerk om in die toekoms saam met die res van die familie op pad te gaan.

Tweedens, die onderneming om dit wat die verwydering in die familie veroorsaak het, naamlik apartheid, in al sy vorme af te takel. Dit sluit in die afskaffing van alle rassewette (Groepsgebiede, Rasseklassifikasie, Afsonderlike Geriewe) en die begin van 'n proses van werklike onderhandeling (wat onder andere die opheffing van die noodtoestand, aanhouding sonder verhoor en die vrylating van politieke gevangenes behels).

Derdens verbind die beraad hom tot die vorming van een, verenigde, nie-rassige NG Kerk in Suider- en Sentraal-Afrika.

Die NG-afvaarding het nie kans gesien om die amptelike standpunt van die beraad te onderskryf nie en het 'n eie, meer versigtige en gekwalifiseerde verklaring uitgereik.

Sedertdien het die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK die beraad nog verder gekwalifiseer en dit duidelik gestel dat sover dit die NGK betref, Vereeniging se besluite steeds binne die raamwerk van hulle eie dokument, Kerk en Samelewing, gelees moet word.

Dit is juis hierdie dokument se standpunt oor apartheid wat as dubbelslagtig deur die jonger kerke ervaar word en die spanning in die eerste plek veroorsaak het.

'n Uiters belangrike geleentheid het dus gedreig om verlore te gaan.

Die betekenis vir die NGK van Vereeniging is tweërlei. Eerstens is dit die eerste keer dat die jonger kerke die skuldbelydenis van die NGK aanvaar het. Dit hoef nie langer 'n struikelblok op die pad vorentoe te wees nie. Met merkwaardige vergewensgesindheid het die jong kerke 'n hand van broederskap na die NGK uitgesteek - 'n hand wat onder geen omstandighede weggestoot mag word nie.

Tweedens stel Vereeniging 'n duidelike agenda vir die toekoms daar: gesamentlike optrede deur die familie, die aftakeling van apartheid in al sy vorme en die vorming van een nie-rassige kerk. Die jong kerke sal hul nie langer deur die NGK laat vertraag in die uitvoer van hierdie agenda nie. Dit is daarom noodsaaklik dat die NGK deel van die proses sal wees - nie omdat hy dit wil beheer nie, maar omdat hy die doelstellings daarvan met oortuiging deel.

In die sin verteenwoordig Vereeniging 'n fundamentele keuse vir NG-lidmate oor die toekoms van hul kerk.

Die doel van die brief was om oor hierdie keuse 'n duidelike geluid te laat hoor.

Aan die een kant is dit 'n antwoord op die uitnodiging van die jong kerke deur te sê: "Daar is lidmate in die NG Kerk wat hierdie beginsels onderskryf en wat die ideaal van een kerk verwerklik wil sien." Aan die ander kant is dit bedoel as 'n positiewe aanmoediging aan die leiers van die NG Kerk deur te sê: "Moenie hierdie uiters belangrike inisiatief langer vertraag nie. Daar is lidmate wat met ongeduld wag dat die NG Kerk konstruktief en daadwerklik in die proses betrokke sal raak".

Die 140 ondertekenaars verteenwoordig 'n interessante deursnit van lidmate: akademici, professionele mense, dominees, studente, "gewone" lidmate.

Dit kan ook nie maklik as 'n "linkse groep" afgemaak word nie, omdat dit 'n spektrum van politieke oortuigings verteenwoordig en lede van kerninstellings van die kerk self inlsuit - die Hugenote Kollege op Wellington, die Kweekskool op Stellenbosch en verskeie ampsdraers soos ouderlinge en diakens.

Maar dit is ook nie die enigste vorm van ondersteuning vir Vereeniging nie - in Wes-Kaapland is 'n werksgroep van lidmate van die NG Kerk en die NG Sendingkerk reeds hiermee besig, terwyl daar ook op gemeentelike vlak in opvolging van die Moderatuur van die Wes-Kaapse Sinode se riglyne gespreksgeleenthede geskep word.

Verder het lede van Reforum hulle by die brief aangesluit. Ook van ander oorde is steun ontvang en is daar 'n entoesiasme merkbaar vir die geleentheid om positief mee te werk om die familie, soos dit hoort, 'n plek van versoening en hoop en 'n instrument van vrede in die wyer Suider-Afrikaanse konteks te maak.

## LOSPRAATJIES

deur Fanie Olivier



# Moordenaar het koerantheld geword

BAREND STRYDOM se verhoor het weer laat blyk hoe diep vooroordele by baie Suid-Afrikaners ingeburger lê. En hoe gevaarlik naby nuusberiggewing aan propaganda kan kom wanneer "die mens agter die misdaad" materiaal vir die massamedia word.

Ondanks vroom praatjies oor hoe goed die verhouding tussen plattelanders is, leer ken ek dit elke dag anders.

Goeie verhoudings beteken vir baie wittes daadwerklik dat die "kaffer sy plek moet ken".

Waar dit nie gebeur nie, kom lelike aanrandings nogal dikwels voor, soos geblyk het uit die ander Strydom-verhoor wat selfs 'n draai in die parlement gaan maak het.

Onder die jong swart studente het dié verhoor al opslae gemaak. Die polities bewustes het nie die kans laat verbygaan om te wys op die feit dat die aanrander (Vorster) en die regter se vanne albei NP-Eerste Ministers s'n was nie. Die saak was vir hulle van meet af aan net 'n Boereverneukery.

### Benieud

Ek was benieud om te sien hoe die studente hier bo in die Soutpansberg die dekking van die nuwe Strydom-verhoor gaan hanteer.

Hulle het uiteraard nie juis toegang tot Afrikaanse koerante nie, maar bou hulle Suid-Afrikaanse werklikheid op uit City Press, Sowetan en die vroeë uitgawe van The Star. 'n Klein groepie het insae in Rapport.

### Twee aspekte

Twee aspekte het uit gesprekke met hulle duidelik na vore getree. Die eerste is dat hul geglo het Strydom sou nie die doodstraf kry nie; die tweede dat sy daad heimlik deur baie Afrikaners bewonder word.

Die eerste vooroordeel is deur die vonnis besweer, hoewel die uitvoering daarvan vir baie nog lank nie 'n voldonge feit is nie.

### Simpatie

Maar baie bly oortuig van die onderliggende simpatie by Afrikaners vir die optrede en filosofie van Barend Strydom, en gebruik hulle van vroeg af reeds koerantopskrifte om stemming in die verband te maak.

Die skerpste aksie wat ek gesien het, was 'n pamflet met die opskrif "Blacks are not human" en 'n foto van 'n student daarnaas. Ek is hiermee gekonfronteer en vriendelik gevra of dit waar is.

Indien dit nié die algemene opvatting is nie, hoekom gebruik die koerant dit dan as opskrif? wou een student weet.

Ek het probeer verduidelik van koerantbemarking en hoe reklame werk, maar die studente wou bly glo dat 'n diepgesetelde oortuiging daardeur bestendig word.

Maandag het 'n deel van dieselfde groepie my vroegdag kom konfronteer met Sondag se Rapport. (Die koerant het na 'n ruim boekskenking en 'n beurs nuwe aandag begin geniet.)

Indien daar nie soveel simpatie vir Strydom was nie, hoekom dan al die bladsye en bladsye afgestaan aan onderhoude rondom hom?

En die onderhoude self so gemoedelik, met kleurfoto's van familie en kennisse, almal so vol deernis en begrip vir 'n massamoordenaar?

### Technicolour

Van werklike woede en veroordeling aan die kant van die koerant en sy verslaggewers kon my gespreksgenote in die technicolour-aanbieding gaan teken vind nie.

Waar was redaksionele kommentaar op die voorblad om saam te praat?

Wat die regter ook al in sy vonnis gesê het, die beeld wat ons koerante gebou het rondom die saak bly ook 'n werklikheid. En 'n mens is bevrees dat hierdie werklikheid een is waaraan buitestaanders die houding van wit Suid-Afrikaners oor dié terreurdaad meet.

Die mens agter die misdaad het 'n koerantheld geword in 'n stadium waar ons dit allermins kan bekostig.

Vrye Weekblad

## Mandela

DIT is goed om te lees dat die owerhede Nelson Mandela anders behandel as 'n gewone gevangene, en dat hy blakend gesond is.

Dit is ook verstandig om hom toe te laat om volle toegang tot die nuusmedia van sy keuse te hê en om in nou kontak met sy mense te bly.

Die indrukke van prof Fatima Meer wat hom verlede week ontmoet het, waaroor ons in dié uitgawe berig, gee 'n mens nuwe hoop dat Mandela een van die leiers kan wees wat ons land na 'n nuwe, verenigde en vreedsame toekoms kan lei.

Maar hoe goed die staat ook al vir Mandela sorg, hy word steeds aangehou en hy word steeds as 'n politieke voetbal gebruik. En elke dag word hy ouer.

Vir die Nasionale Party is daar seker risiko's verbonde daaraan om Mandela nou onvoorwaardelik vry te laat. Maar ons glo die potensiaal vir positiewe uitvloeisels van só 'n stap weeg baie swaarder as die party-politieke risiko's. Dit is nou tyd om aan die land te dink eerder as aan die party.

Die geskiedenis sal die aangewese staatspresident, FW de Klerk, as 'n staatsman onthou as hy Mandela vanjaar nog onvoorwaardelik vrylaat sodat onderhandelingspolitiek 'n hupstoot kan kry.

## Kinders

KINDERS in Suid-Afrika word groot in 'n gewelddadige, gepolariseerde samelewing.

Gister was Internasionale Kinderdag. Dis vanjaar die dertigste herdenking van die Verklaring van Kinderregte, wat onder meer verklaar dat elke kind die reg op gelyke onderwys het sonder diskriminasie op grond van ras of geloof.

Maar hier word kinders groot in twee wêrelde - 'n swart wêreld van geweld en armoede, en 'n wit wêreld van isolasie en onkunde oor die ander wêreld.

Apartheid was só suksesvol dat kinders dikwels eers wanneer hulle die grootmenswêreld betree, in die werkplek of op kollege of universiteit, hul eweknieë van die ander, afsonderlike wêreld leer ken.

In die townships speel kinders skaars nog - in plaas daarvan leer hulle politieke geweld ken. Wit kinders ken vrees vir swartes, in plaas daarvan dat hulle saam speel.

Kinders het 'n reg om in 'n normale samelewing groot te word. Die beste plek om te begin om dié land na normaliteit te begin bring, is by die kinders.

Kinders wat saam woon, saam speel, saam op die skoolbanke sit, word nie so maklik jongmense wat op mekaar skiet nie.




## So sê hulle . . .

"What is UDI?" - Michelle Bruce, nuwe Mej Suid-Afrika, in 'n bespreking oor die destydse Rhodesië.

"Ek is 'n ingenieur. Ek weet nie hoe fynbos lyk nie. Maar daar (die trefgebied van die missiele by De Hoop-natuurreservaat) is niks nie. Daarom kan daar nie fynbos wees nie." - Fred Bell, Uitvoerende Hoofbestuurder van Krygkor in 1983.

"Ek het in die weermag leer vloek." - Johannes Kerkorrel.

"Die stryd wat vir die Afrikaner voorlê, is teen 'n rassebegrip wat rasse-vooroordeel tot gevolg gehad het." - Dr Neville Alexander.

"Hoekom praat jy soveel kak oorsee?" - W Venter aan aartsbiskop Desmond Tutu.

"Apartheid (is) die sondes van ons voorvaders." - Dr Danie Craven.

"Ek gun Bles Bridges sy sukses, maar ek haat wat hy en andere besig is om aan my taal te doen." - Anton Goosen.

"I felt so awful (after the incident). Then a big fat chap with an MCC tie and a cigar strode up to me and said: 'Jolly well done.' That made me feel so much better." - Sheila Nicolls, wat kaal oor Lord's-krieketveld genael het.

"Jong, my tweede naam is Draadloos. Ek sit hier en praat en jy het nog nie een vraag gevra nie." - Sanger en liedjieskrywer Kupido.

"Nog nêrens is bewys dat die doodstraf enige invloed het op die voorkoms van misdadigheid of politieke geweld nie." - Amnestie Internasionaal.

# Geen plek vir 'n 'eilandbestaan'

**RA Terblanché van Stellenbosch skryf:**

Ek het met trots die veranderinge in die NG Kerk die afgelope paar jaar dopgehou. Die belydenis dat apartheid 'n sonde in God se oë is, het my diep geraak.

Met dié verandering in die kerk het ek die logiese volgende stap verwag - naamlik versoening met die res van die NG Kerkfamilie. Die Kerk van Jesus Christus gaan so gebuk onder skeuring dat 'n mens elke geleentheid vir versoening moet aangryp. Maar wat gebeur nou?

Skokkend was dit om te hoor dat 'n beroep van die swart kerke om eenheid deur die NG Kerk afgewys is. Die kersie op die koek was prof Johan Heyns se uitsprake: "Laat hulle maar druk. Ons laat ons nie druk nie. Ons het 'n eie roeping en verantwoordelikheid." En: "Een ding wat Vereeniging ons uitgewys het, is ons eilandbestaan." (Vrye Weekblad, 19 Mei).

Watter "persoonlike roeping en verantwoordelikheid" buite die evangelie kan 'n kerk in sy persoonlike hoedanigheid hê. Die Kerk het in sy oorsprong reeds 'n gemeenskaplike roeping in Christus. Is die Kerk van Jesus Christus nie reeds verkap in kleiner stukke as gevolg van sonde en verskeuring nie?

Wat moet die swart gelowiges in die NG Kerk-familie nog doen om die eenheid te probeer herstel? Is daar nog steeds plek vir kleinlike groepsbewustheid in die Kerk?

Met die afsweer van apartheid (in die kerk) het ek gedink die inter-kerklike situasie gaan verbeter. Is die onafhanklike strukture in die familie nie maar net nog 'n vorm van apartheid nie? "Die uitdaging lê juis daarin dat ons bymekaar moet probeer uitkom," sê Heyns.

Waar wil u bymekaar uitkom as u in strukture geskei is? Om te sê die skeiding moet op plaaslike, huishoudelike vlak opgehef word, is uitstekend, maar gaan eenheid in die top-strukture - wat dit lank reeds besef - dit nie net vergemaklik nie?

God is die enigste waarheid vir die Kerk. Sy wil moet gehoorsaam word. As God onverwyld vir eenheid vra, wie kan dit verontagsaam? Wat weerhou ons dan nog om ook die implikasies daarvan te dra? As die Kerk om eenheid skeur en weer "30,000 lidmate verloor", weet ons dat ons die prys vir groter eenheid en waarheid betaal het. In die evangelie is daar net nie plek vir groepsbewustheid nie. Daar is geen plek vir 'n "eilandbestaan" nie.

## Wimpie in die laer

**Ad Donker from Johannesburg writes:**

I must complement you on your letter in the Sunday Star of 21 May and for the good work you do as editor and publisher of Vrye Weekblad in particular.

It may interest you to hear our experience with Wimpie de Klerk some 10 years ago. On the last night of the annual conference of the Afrikaanse Skrywersgilde Wimpie was the guest speaker. He arrived late because he had just returned from an overseas trip and everybody was waiting eagerly to hear the great editor of Rapport.

His talk was about Change and Censorship, and he was very enlightened - to the surprise of most of us. In fact he was quite daring for the time, when the trauma of Soweto 1976 was still clear in the minds of those present. We were happy, hopeful and pleased that he spoke so frankly; we saw a new South Africa in the distant fog.

But then after some 45 minutes came the climax. He said we must never forget we are Afrikaners, we have a common enemy, we have to stick together, we must keep control over the media, we need censorship to uphold a Christian culture and society, etc. My wife and I were absolutely bowled over. While the audience applauded we sat frozen and could not move until André Brink got up to thank Wimpie for his fantastic speech and we got up and walked out while André went on with his compliments.

That night we drove straight home to Johannesburg, in silence, and we knew the laager is closed and will remain closed until burned to ashes. That night we lost all hope of peaceful change. Now, 10 years later, I am not at all surprised that Wimpie has gone back into the laager. The question is, has he honestly ever been outside of it. I doubt it.

## Die oë is weer oop

**Mev HC Marais van Newcastle skryf:**

Baie dankie vir Vrye Weekblad. Ongelukkig het dit eers met die afgelope Taal en Stryd-kongres in Durban onder my aandag gekom.

Synde 'n huisvrou op Newcastle (!) met geen akademiese bande nie, raak 'n mens teen wil en dank nogal afgestomp sonder om dit te besef. Later glo en dink 'n mens in elk geval net dit wat vir jou gegee word, want jy hét geen ander perspektiewe nie.

Dáárom, dankie vir Vrye Weekblad. Jy het my oë, en my kop (!) weer 'n slag oopgemaak!

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Anglo en apartheid

**Bart van de Steen van Standerton skryf:**

Die grootste mynmaatskappy van Suid-Afrika probeer miskien om af en toe krities te lyk ten opsigte van apartheid, maar die waarheid is dat die Anglo American Corporation hom ten volle agter die NP skaar, en dus dié party se apartheidpolitiek steun.

Tydens die munisipale tussenverkiesing op Woensdag 17 Mei 1989 op Standerton, kon die NP-kandidaat op die aktiewe steun van die New Denmark-steenkoolmyn reken (dié myn behoort aan die Amcoal-groep).

Die NP-kandidaat het die volgende tot sy beskikking gehad:

- 'n tent van die myn om by die stemlokaal te gebruik. Die tent is vervoer, opgeslaan en afgebreek deur mynpersoneel gedurende werktyd (6 mense, 1 vragmotor en 1 bakkie)

- die kombuispersoneel van die enkelkwartiere het kos gekook vir die NP-kamp.

Uiteraard het die mynmaatskappy alle belang daarby dat die apartheidstelsel bly voortbestaan; is daar 'n beter waarborg dat die werker se regte ingeperk bly?

Solank die grootste gedeelte van die arbeidsmark geen politieke regte het nie, hoef die mynreuse nie bang te wees dat daar wette gemaak sal word wat hulle verhinder om woekerwinste te maak ten koste van die arbeiders nie.

Nog briewe op bladsy 18

# As Ghadaffi kan, kan ons ook seker?

Brolloks

AS die Wildeman van Libië, Moeammar Ghadaffi, 'n internasionale prys vir menseregte kan begin uitloof soos hy laas week gedoen het, dan is dit seker hoog tyd dat daar ook 'n paar internasionale toekennings uit ons ou landjie kom, of hoe? Hier is 'n paar voorstelle:

Die Chris Heunis-toekenning vir Internasionale Kommunikeerder van die Jaar.

Die Willem de Klerk-prys vir Duidelike Politieke Standpuntstelling. (Met FW as eerste wenner?)

Die Org Marais-prys vir Rekenkunde.

Die Rozanne Botha-prys vir Satire.

Die Eugene Terre'Blanche-prys vir Deernis en Medemenslikheid.

Die Marike de Klerk-toekenning vir Progressiewe Antropologie.

* En wat van die Nic Strydom-prys vir Opvoeder van die Jaar?

## Wonderlike stilte

Brolloks se Man van die Week is gewis die Arbeiders se LP vir Middel-Karoo, Roy Williams. Dis nou die man wat in sy tien jaar as politikus en vyf jaar in die parlement nog nie een toespraak gemaak het nie.

"Ek moet na soveel gemors van die ander LP's luister dat ek nie dink nóg 'n leë toespraak van my kan enigiets bydra nie," sê hy.

* Brolloks wens dié mooi gees wil posvat onder ander LP's en sommer ministers ook, veral met die verkiesing wat voorlê.

## Laaste swaai

Die Groot Krokodil het hom gewip. In plaas daarvan om as die land se Groot Held van Alle Tye af te tree, word hy sommer sonder seremonie opsygeskuif.

En toe woon hy nie eens laas week se laaste parlementêre koukusvergadering van die NP by wat hulde aan hom wou bring nie!



Marike en FW

En boonop moes dié week se kabinetsvergadering afgelas word omdat PW op die laaste oomblik laat weet het hy het 'n ander afspraak...

* Pasop vir 'n laaste swaai van die krokodil se stert, manne!

## Bles en Samora

'n Vriend van Brolloks is onlangs deur hoegere amptenare van die Frelimo-regering in 'n deftige restaurant in Maputo onthaal. Toe die gamale begin ophoop en die wyn begin vloei en ons vriend begin ontspan, klink iets skielik vir hom bekend.

Die agtergrond-musiek: Bles Bridges se Ruiter van die Windjie! En net daar hoor die man dat Bles baie gewild is in Mosambiek - en dat Samora Machel self 'n groot voorliefde gehad het vir en baie geweet het van Afrikaanse musiek.

* Semper ex Africa aliquid novi...

## Sit dit af!

Een ding moet 'n mens van die SAUK sê: hulle is sonder uitsondering eensydig.

Maandagaand se Netwerk-uitsending oor die protes op Stellenbosch was weer 'n mooi voorbeeld.

Hier het ons drie SR-lede wat gesels oor, hoofsaaklik, studente se gesprekke met die ANC. (Oor die optog vir oop koshuise sedertdien is bitter min gesê). Alles baie mooi verteenwoordigend - een regs, een in die middel en een links.

Tot sover. Maar hoekom nou 'n oud-voorsitter van die KP-studentetak - nie eens 'n SR-lid nie - ook nog kom indruk, met net soveel tyd as elk van die ander drie?

Om te dink die Maties is nou skielik oorwegend progressief, is wensdenkery, maar die KP het darem wragtig minder steun as Nusas. Waar was die voorsitter van Nusas, of selfs SAAK of Regslui vir Menseregte?

En die arme Mark Behr, die token leftie op die SR, se (kalm-beredeneerde) bydraes is so gesny sy kop het eintlik geruk tussen die sinne.

* As ons dan nou regtig vir oop gesprek staan, gee elkeen 'n gelyke kans, wat!

## Botswana-Boer

Brolloks se simpatie gaan dié week aan Roy Blackbeard, 'n kandidaat van die Demokratiese Party van Botswana in die komende verkiesing daar. Hy kla (in vlot Setswana) dat die opposisie na hom as "Lebutshwana" verwys - die Setswana-term vir "Boer".

* Trek suid, broer. Hier by ons ken mense dit vir hulself as 'n ere-titel toe.

## Comrade Boer

Brolloks het regtig gedink die Afrikaners het nou mooi groot geword. Dit was nogal iets toe 'n Afrikaanssprekende die eerste hart oorgeplant het (Chris Barnard) en miskien selfs nog toe een die hoogste sport in motorwedrenne bereik het (Sarel van der Merwe).

Maar ons is nou gewoond daaraan dat die Afrikaner sy plek oral kan volstaan.

En dié week kom Beeld met: "Afrikaner dra dalk Comrades se kroon."

* Wat van "Sotho dra dalk Comrades se kroon" (Tshabalala het toe gewen), of "Tswana vaar goed in gholf" of "Jood wen in tennis"?

## En die bewyse?

Op 'n onlangse geleentheid in Kaapstad het sakemanne 'n paar parlementslede van die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes ontmoet.

Brolloks hoor een sakeman het glo 'n prominente LP van die Huis van Afgevaardigdes se hand geskud en gesê: "Aangename kennis. Ek het al soveel van jou gehoor."

* Waarop die LP geantwoord het: "Ja, maar jy kan niks bewys nie."

## Dié water net wittes s'n

Derrick Watterson, burgemeester van Durban, het dié week die beslissende stem gegee om Durban se strande wit te hou nadat daar 'n staking van stemme was tussen die NP (ja, nié die KP nie) en meer progressiewe elemente in die stadsraad.

Dis die einste kêrel wat vroeër vanjaar geweier het om 'n vertoning van A World Apart by die Durbanse filmfees by te woon, omdat dit "ANC-propaganda" sou wees. Dis nou sonder dat hy presies geweet het waaroor die fliek handel.

* Wat van 'n vakansietjie vir Durban se Wit Ridder langs die Boksburgmeer?

# Stomme Madam slaan die eier mis

VRINDE, kyk uit vir 'n sneeustorting van wit onsensitiwiteit: Madam de Klerk is on the rampage.

Kyk, ons moet nie onbegrypend wees nie, die stomme Madam moet kers vashou met die oordonderende filosofiese mymeringe van Miesies Volksheld. Maar dan gaan slaan sy die eier mis.

Die jongste boodskappie, susters, is dat julle die lig moet uitdra na jul huishulp waar dié natuurlik iewers sit en koek eet by gebrek aan brood. Terloops, is huishulp nie die cuteste ou woordjie nie? Dit wys julle mos die Afrikaner-Nasionalis is begeesterd deur die gedagte van verandering. Nou waar draai die skepsel alweer so met die tee?

## Noem my sommer Mike

Dis rep en roer daar oorkant die Eersterivier, geleerdes. Die arme Matieland steier nou nog terug na die diaboliese reis die duisternis in om met die antichris te gaan praat.

Gelukkig kan Egbertus dinge darem in perspektief plaas met die onthulling van die hoofminister van Stellenbosch se persoonlike mymeringe. Nee, al lyk dit so, het Moeder dit nie van die stomme siel gewen in 'n pokerwedstryd nie.

Wat volg is 'n samevattende analise van die keurigste brokkies uit 'n onlangse onderhoud op Netwerk:

"Noem my sommer Mike, kêrels, hier is ons nie op rang gesteld nie, ons is vreeslik oop en demokraties. Het ek gesê vreesaanjaend? Ek het bedoel skrikwekkend. Rank is but a guinea stamp, julle weet. Sommer Mike, ja, nie Mikhail nie, wanneer die bolsjevisme by die voordeur instap, stap armoede by die agterdeur in, hier rock ons nie op die bootjie van die Party nie, dis mos reg so. Ek Persoonlik skryf vryheid van spraak hoog aan.

"Ons bied selfs spraaklesse hier aan. En daar is Engelssprekendes meen ek. Ek sal nie verbaas wees as die rebelse Nusas-mannetjie die rooitaal spreek nie, boerseuns is darem seker nie so stroomop nie.

"Iedergeval, wat verstaan ons hier onder vryheid van spraak? Eenvoudig: jy mag sê wat jy wil, mits dit natuurlik nie hardop is nie en met My Persoonlike siening van sake strook. So verwelkom ons kritiese denke, mits jy natuurlik nie die rektoraat òf die Party òf die Establishment kritiseer nie.

"Kyk, ons moet darem 'n bietjie briek aandraai wanneer dit kom by met wie jy praat. Ek verkies dat studente eers 'n ding met my in diepte bespreek voordat hulle na ander gaan met hul uitwaanse kritieke en afwykende idees. Afterall, die Volksheld het onlangs self die studente uitgekryt op sy dierbare unieke wyse, omdat hulle kwansuis vryheid van spraak buite die landsgrense wou uitoefen. Ek meen te sê!

"My studente het dus vryheid van spraak met dié voorbehoud: hulle mag nie sê wat hulle wil nie, of aan wie hulle wil nie. Ook darem nie waar hulle wil nie, ons wil nie die eie karakter van ons kampus beskadig deur hulle toe te laat om uitwaanse vreemde invloede hierheen terug te bring nie. Ons verkies dit eintlik dat hulle hul gesprekke voer waar dit redelik gerieflik is vir die veiligheidspolisie om in te luister en video's te maak.

"Nie net is dit meer verdraagsaam teenoor ons veiligheidsmense nie, dit spaar hulle ook die reiskoste, en boonop kan ek dan hul video's gebruik wanneer ek tugstappe oorweeg. Mense kan dus hier sê wat hulle wil, dink ek. Maar hulle kan nie sing wat hulle wil nie. Iewers moet 'n mens die streep trek. Dis mos reg so.

"Ons is ook graag outonoom. Dit beteken mos dat ek moet kan besluit wat die beste vir almal is. Kyk hoe outonoom is ons: ons laat ons nie voorskryf hoe ons ons geboue moet benoem nie, ons het DF Malan, Verwoerd, Vorster, almal goie outonome voorstanders van vryheid en reg.

"Ons het ook 'n saal wat deur Die Party geskenk is, waarom sal ons nou so outonoom gaan staan en wees dat ons die Party se bootjie rock? Wanneer iemand soos Madam de Klerk se man dus vir ons afdreig met weerhouding van subsidies tensy ons al wat leef aan hom uitlewer, is ons outonoom genoeg om daarby te berus.

"Ag, dis nou wel so dat die minister se ou regulasietjie deur die hof uitgegooi is op aandrang van die bolsjeviste van Ikeys en UWK... maar dit behoef geen betoog dat hulle hul outonomie misbruik het nie. En wie is miskien nou in die Partyleier se goeie boekies?

"Koshuise oopstel aan anderskleuriges? Daar's vir jou 'n kwessie. Kêrels dis mos teen die wet, ons kampus is in 'n wit groepsgebied. Ons ken Romeine 13 hier, ons neuk nie met oorwoë parlementswette nie.

"So daar het julle dit: op Stellenbosch is alles wel. Geen weerstand, geen teëstand, geen bolsjeviste, geen Kerkorrels. Al die veld is vrolik. Kêrels, draai 'n bietjie daardie TV-lampe weg; die lig skyn deur my oogklappe..."

## Wat maak die image?

Geliefde kiesers, dis alweer tyd om die image so 'n bietjie te poleer, hier met verkiesingstyd weet 'n mens nooit wie jou in die straat tromp-op loop met 'n kamera in die hand nie.

Egbertus is darem seker 'n politieke opinion-maker, dus kan die kameras nie ver agter wees nie. Die armsalige kabinet gaan weer die paar presentables in ons keelgatte afwurg, nag na nag. Gelukkig is eerwaarde H nie meer in die kabinet nie, anders het ons hom ook nog moes gade slaan, in baaibroek of nagkebaai.

Wat maak die image van ons Grootstes? Verbeel jou Pik Both sonder sy snor. Wat sal hy laat bristle as hy na sundown en sundowner die gesiggie soos growly bear oppof en sidderend spekuleer oor die bose magte wat oor die grense sypel? Wat van die Volksheld sonder die Vinger. Sy Edele A Ragsbanjo sonder die suiwer nuutwol om die brein slu en kreatief te hou. Shifty Stoffel sonder ontwykende ogies, Magnus PI sonder sy impedente magna. Dawietjie met tande. En dis die beste wat die ou spul kan uitvis, opsmuk en opdis.

Soos Koos Coetzee dit so sappig in sy resepte stel: stuur 'n hoender met genoeg kleursel die oond in, en anderkant haal jy 'n pou of 'n swaan uit. Of 'n minister.

## Dawerende indictment

Egbertus vrees daar skort drasties iets met die breinspoelingprogram van die weermag. Miesies Klaagvoort sê daar is dinge aan die gebeur wat net nie strook met die sonnige jare wat sy so sonder klagte in detensiebarakke deurgebring het nie.

Die ding staan so: daar is skaars 'n voormalige weermagoffisier van formaat wat nie in die verkiesing wil staan nie. Een was glad hoof van die lugmag, die ander hoof van 'n opleidingsentrum vir militaristiese vrouemense en digteresse.

Al die jare het die digteres Rozanne Both 'n adder in haar volksheldhaftige boesom gehuisves: hierdie hoge mense gaan vir die DP staan!

As daar al ooit 'n dawerende indictment van die total onslaughtteorie was!

Inderdaad, vrinde, al gaan hy nou weer vir die TV afgestof en uitgestal word, total onslaught has fallen on hard times.

And so has Miesies Klaagvoort, heeldag in die tuin gestaan en spit terwyl Oswald hofverslae lees.

Moet seker die ou dier se voete gaan vryf.

Maak dit my 'n pedofiel?




Egbertus Klaagvoort

**Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854**
**Deur HJ van Aswegen. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1989. (R35 plus AVB)**

ELSABÉ BRINK

# Dié geskiedenis-handboek hou nie tred met tagtigs

'N AFRIKAANSE geskiedenishandboek, gepubliseer in 1989, wat die Steen- en Ystertydperk in Suid-Afrika insluit, behoort meesleurend, prikkelend en stimulerend te wees.

Van Aswegen se boek is 'n groot verbetering op die werk van sy voorgangers soos CFJ Muller se 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

Haas onbekende stukke van die geskiedenis soos 'n oorsig van die steen- en ystertydperk in Suid-Afrika, slawerny aan die Kaap en die geskiedenis van die pre-koloniale binneland het potensiële trefkrag. Die tematiese, naas chronologiese behandeling van die stof dra by tot 'n poging om van die tradisionele benadering weg te breek.

Maar 'n analise van die bibliografie (volgens die voorwoord nie bedoel om volledig te wees nie) toon dat net sowat 13 persent van alle gebruikte boeke en sowat 20 persent van aangehaalde artikels ná 1979 verskyn het. In die lig van die bloeityd wat die Revisionistiese Historiografie, wat die geskiedenis vanuit 'n sosio-ekonomiese oogpunt herinterpreteer, die afgelope dekade beleef, laat die gebrek 'n mens wonder.

Analitiese konsepte soos klassestruktuur en konflik, die uitbuiting van arbeid asook produksiestelsels behoort nie tot die laaste bladsy van die boek gedelegeer te word nie. Nog minder kan die bydrae van die sosiale geskiedenis, wat fokus op die gewone mens in die geskiedenis, tot die laaste paragraaf van so 'n boek beperk word. Die feit dat die bydrae wat vroue gelewer het in die sosiale organisasie van die mense nooit geanaliseer word nie, is teleurstellend.

Hoewel daar min inligting beskikbaar is, kon byvoorbeeld vermeld word dat in die jagter- en versamelaarsgemeenskappe, dit die vrouens was wat 'n standhoudende bron van voedsel voorsien het.

Wanneer Van Aswegen die sosiale organisasie van gemeenskappe bespreek, word daar bloot 'n oorsig van politieke organisasie en leierskap gegee. Geen melding word gemaak van sosiale stratifikasie, verhoudings tussen geslagte en klasverskille nie. Waar politieke organisasie nie die belangrikste rol in die gemeenskap gespeel het nie, word die gemeenskap by implikasie as onbeduidend afgemaak.

Daarteenoor word bladsye aan 'n hiper-noukeurige uiteensetting van die Voortrekkers se bestuurstelsel gewy.

Dié benadering is uiteraard 'n gevolg van die onderliggende ideologiese uitgangspunt van die boek. Die Afrikaner word nog steeds as die senior vennote in die geskiedenis geteken. Om net een voorbeeld te noem: "Teen 1795 was die Afrikaner as volk reeds in wording al was die mense se bewustheid van die onderliggende eenheidsbande nog nie baie sterk ontwikkel nie." Die volk is, maar eintlik is die volk nog nie.

Anderskleuriges bly steeds die junior vennote aan wie 'n tweederangse plek in die bestel toegeken word. So byvoorbeeld word die Xhosasiening van grensverhoudinge deur 'n aanhaling uit Peires se boek House of Phalo weergegee, maar nie geanaliseer nie.

Arme Eva die Strandloper het nie die voordele van apartheid geken om haar haar plek in die samelewing aan te wys nie. "Sy was vasgevang tussen 'n Europese en Khoikhoi-leefwyse en kon nie 'n finale keuse maak oor waar sy werklik tuishoort nie."

Van Aswegen stel dit baie duidelik dat hy doelbewus nie die geskiedenis vanuit 'n spesifieke historiografiese oogpunt benader nie, maar gebeure en prosesse "op 'n onbevange en hanteerbare wyse aan die leser en student oordra".

'n Skrywer kan nie op onbevangenheid aanspraak maak as hy 'n groot brok historiografie van die afgelope dekade ignoreer nie. Al stem hy nie met 'n geskiedkundige benadering saam nie, kan hy nie 'n konsep soos klas ignoreer en op onduidelike en onkritiese wyse tussen sy konsepte van "stand" en "status" rondval nie.

Van Aswegen dui aan dat benaminge soos "Boesmans". "Khoikoi" en "blanke setlaars" negatiewe konnotasies verkry het en nie sonder verduideliking gebruik kan word nie. Tog wanneer hy die benaming "bantoesprekende" groepe gebruik, verduidelik hy nie die verskil tussen die linguisties juiste gebruik van die term teenoor die politieke verdraaiing daarvan nie.

Geskiedenis is nie bloot 'n uitspeel van feite nie, maar 'n dissipline waar vaardighede soos analise, interpretasie en afweging van uiteenlopende standpunte aangeleer en toegepas moet word.

Tog word in die handboek baie min aandag aan heersende debatte gewy.

In die lig van sy bibliografie het Van Aswegen se boek tien jaar te laat verskyn. Om relevant vir die laaste dekade van die twintigste eeu te wees, moes die historiografie van die tagtigs sy regmatige plek in die boek gekry het.

'n Mens kan maar net die hoop uitspreek dat studente, as hulle nie langs die pad van verveling omkom nie, geseën sal wees met 'n dosent wat wel met die jongste literatuur tred gehou het.

boeke blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

# Soek hom o my volk



**RYK HATTINGH, dié week se gasskrywer, doen verslag oor 'n grootse kultuurprojek. Die Afkopvrou is sy getuie.**

OMDAT Afrikaners plesierig is, gasvry, vrolik en Calvinisties, moes die soeke na 'n egte volksdigter uiting vind in 'n braaivleis. Dié geskiedkundige saamtrek is op die Burgerplein op Burgersdorp, aan die voete van die afkopvrou, gehou. Alle Afrikaners is uitgenooi, ongeag politieke of godsdienstige oortuigings, seksuele voorkeure of finansiële status.

'n Egte volksdigter in Afrikanergeledere ontbreek en die volksdigter is die enigste mens wat die Afrikaner se kultuur kan verhef tot 'n hoogkultuur, asook om die besonderse demokrasie sinryk te verwoord. 'n Besonderse mens moes gevind word. Iemand wat oor Messiaanse eienskappe beskik, en wie se profetiese verse die volk tot besinning sou bring.

Die ernstigheid van die leemte kan gemeet word aan die talle kommissies wat op die been gebring is om die werke van al die lewende Afrikaanse digters - en daar is baie - te ondersoek. Die bevindings van al die kommissies sou ook op dié dag bekend gemaak word.

Afrikaners het die dorpie in hul duisende beset en die reuk van pannekoek, braaivleis en brandewyn het die handjievol Jode op die dorp so ontsenu dat hulle al hulle winkels gesluit en vir familie op die naburige dorpe gaan kuier het. In die townships het die mense hul deure toegemaak en hul kinders gewaarsku om òf Engels te praat òf heeltemal stil te bly.

En die soektog het begin.

Vroeg die oggend het beeste en varke en koedoes reeds op die spit gebraai en tuisgemaakte brousels is geproe en bewonder. Die gees was los en tradisie het geseëvier.

'n Minister van Kultuur ontbreek en die minister van Meermag moes die strategieë vir die dag voorhou. 'n Man in 'n uniform het die landsvlag begin hys, maar 'n groepie ontevredenes het hom stormgeloop en platgeduik, die vlag gegryp en in stukkies geskeur. 'n Ander groepie het Die Stem begin sing, maar dié het doodgeloop want die meeste mense kon nie die lyrics daarvan onthou nie.

Projek Volksdigtersoek het amptelik begin, kultuur het gebloei. Vure het hoog gebrand. Party mense het volkspele begin doen, dominees het vervuld begin bid, ander het op Afrika-tromme begin slaan en inkantasies geprewel, rock-groepe het spontaan gevorm, groot pype is gerook en ou Boere-gewoontes is weer in ere herstel.

## Groot pype

Die meeste mense het egter bly sit en wag op leiding. Hulle het hulle vet lippe met servette afgevee. Nog nooit was 'n profeet se afwesigheid so sterk aangevoel nie.

Opkomende politici het ook nie op hulle laat wag nie, en alle moontlike ideologieë is verwoord. Van Volkstaat tot Fokstaat. Die kommissies van ondersoek het onder mekaar begin mor, want 'n groep jongelinge het die mikrofone geannekseer en luidkeels op die staatspresident en sy gade begin skel. Dit kan tog nie gedoen word nie en die minister van Meermag het 'n Nasionale saluut gelas.

Een en twintig kanonskote het nie gehelp om die stilte te herstel nie, 'n noodtoestand kon nie afgekondig word nie want daar was reeds een, en die kommissies en ministers het eenparig aan die bewoording van hul bedankings gedink. Projek Volksdigtersoek het misluk.

Al die ongeleesde bundels is bymekaar gemaak en iemand het voorgestel dat dit aan 'n museum geskenk moet word, maar niemand wou die taak op sy skouers neem nie.

Die sameroepers was verslae. Baie mense het die gebrek aan 'n volksdigter in 'n baie ernstige lig beskou en die skuld op die kommuniste gepak. 'n Ander projek, Projek Kommunissoek, is in die vooruitsig gestel en die mense het vertrek.

Die afkopvrou kon nie eens glimlag nie.


**Zed Books**
... progressive publisher of books on the Third World

*New in stock ...*
* Culture in Another SA: Reports & Reflections R36,00

*In stock (among others) ...*
* Africa What Can Be Done? *by Ben Turok* R37,45
* Struggle for SA: A reference guide Vol I *by R Davies et al* R31,95
* Struggle for SA: A reference guide Vol II *by R Davies et al* R27,95
* Revolution & Counter Revolution *by Nzongola-Ntalaja* R37,45

*Coming soon ...*
* Theory of African Literature: Implications for Practical Criticism *by Chidi Amuta*
* A People's Voice: Black South African writing in the 20th Century *by Piniel Viriri Shava*

Zed Books are available from your local bookseller, or from their agents, David Philip, Publisher, P O Box 23408, Claremont, 7735, South Africa.

DAVID PHILIP dp PUBLISHER



J O D A C




Die JODAC KULTUURFORUM nooi alle belangstellendes na 'n bespreking van die Breë Demokratiese Beweging (MDM) se benadering tot die Grahamstadse Fees

Sondag 4 Junie om 19.00
11de Vloer, University Corner
Jorrisenstraat,
Braamfontein

DAAR SAL 'N VERSLAG VAN DIE INTERIM CULTURAL DESK SE ONTMOETING MET DIE FEESKOMITEE WEES.

# Swartes uitgemoor in Marais se verbeelding

**Wie weet hoe diep die Wit Wolf se drome in die Afrikaner se kollektiewe bewussyn loop? JEANETTE FERREIRA het die spoor gaan optel in 'n verhaal van Eugene Marais**

IN Mei 1933 het 'n verhaal van Eugène Marais in 'n dagblad verskyn wat later opgeneem is in sy Versamelde Werke onder die titel Ondergang van die Tweede Wêreld.

In hierdie futuristiese verhaal, wat opvallende ooreenkomste vertoon met Flammarion se La Fin du Monde, word die hele wêreld deur vulkaanuitbarstings getref, en wêreldstede word verwoes.

Die ingrypendste is egter die waternood. Die Teems droog op, duisende skepe lê op die strande, die Mississippi val honderde voete in een dag, die seevlak is reeds 1000 voet laer en mere oor die hele wêreld word deur 'n verdorde aarde ingesluk.

Die eerste slae van die ramp tref 'n vergete Bosvelddorpie wanneer 'n inwoner skellend ontdek dat sy pomp nie meer water lewer nie.

Maar die verteller oorleef op allerlei wonderbaarlike maniere. Hy keer later terug na die verlate dorpie waarvan al die inwoners reeds 'n dorsdood gesterf het, neem eenvoudig 'n motor en ry na Pretoria.

Oral tref hy slegs geraamtes aan. Pretoria se inwoners het almal reeds omgekom. Dit word duidelik dat van die inwoners tot die dood toe met mekaar geveg het om die water wat daar nog was.

In die spookstad ontmoet hy egter wel een oorlewende, 'n verskrikte vrou met die naam Marie, wat vir hom gruwelike verhale vertel van Pretoria se laaste dae.

Sy vertel onder meer van die stadsvaders se voorlaaste poging om die mense te red: "Toe was daar een nag 'n voltallige vergadering van die Stadsraad en van die hoofde van die georganiseerde gewapende magte. Die volgende oggend vroeg is alle nie-blankes volgens munisipale proklamasie beveel om die dag teen elfuur op die oop veld naas die kragsentrale byeen te kom - mans, vroue en kinders... Die groot gedrang gekleurdes is omsingel deur 'n leër van ongeveer twintigduisend gewapende blankes wat reeds van hul offisiere geheime bevele ontvang had. Nadat hierdie kordon die gekleurde menigte op 'n digte hoop gedwing het deur 'n gedurige inkrimping van die sirkel, is skielik, 'n geheime sein gegee, 'n rewolwerskoot deur 'n offisier afgevuur, en onmiddellik daarna word die een sarsie na die ander op die ongelukkiges afgevuur.

"Dié wat trag om te ontvlug, word deur 'n skans van bajonette teruggedwing. Die geweeklaag van vroue en kinders, die smeekgebede van die mans, die uitroepe en gekerm van die gewondes - niks het ooit een minuut 'n staking in die slagting teweeggebring nie. Die uitvoerders van hierdie vreeslike maatreël het absoluut gevoelloos geword."

## Bedreig

Die stadsvaders het hierdie maatreël uit selfbeskerming getref. Die mense se onsekere voortbestaan is bedreig omdat daar te veel van hulle was wat dieselfde menslike behoeftes gehad het.

Leon Rousseau - Marais se biograaf - meld in 'n aantekening by die verhaal dat daar 'n versoeking is om die toneel "te sien as 'n voorspooksel - of, meer vergesog, 'n voorspelling - van wat skaars tien jaar later in Europa in die deur Duitsland verowerde gebiede sou gebeur".

Maar hier in Pretoria, in die laat tagtigerjare, het Barend Strydom, nadat hy twee dae lank goed nagedink het, sy 9mm Baretta geneem en 'n slagting onder swartmense op Strijdomplein aangerig.

Hy het aan die regter gesê hy het dit gedoen omdat swartmense sy voortbestaan bedreig. Hy is berouloos, en hy sal dit weer doen. Swartmense, volgens Strydom, is nie mense nie.

Strydom is nie kranksinnig nie. Sy waardes is gekweek in 'n gemiddelde Afrikanerhuis. Hy was lid van die HNP en die KP en is steeds lid van die AWB en van die Hervormde Kerk. Is Strydom geleer om swartmense as 'n vanselfsprekende bedreiging van sy voortbestaan te beskou, of was dit instink?

Teen die einde van Marais se verhaal word die verteller en Marie bedreig deur drie oorlewende swartmans wat singend die stad binnegekom het: "Ek vra, ek vra, waar is julle witmense almal wat ons so lank, so lank onderdruk het? Ons soek julle almal - julle wat die dood soek."

Die verteller sê dan: "Ek het dadelik gesien en gevoel dat hulle vernietig moet word. Daar was op aarde geen ruimte vir die blanke meisie en my aan die een kant en die drie gekleurdes aan die ander nie."

En toe maai hy twee van hulle af, die eerste een nog singend toe die koeël hom tref. Die tweede sterf sekondes ná sy laaste woorde: "Hier is ek, my baas, ek is die seur se hond."

Die laaste een beroep hom op die vrou: "Ek het by witmense grootgeword. Ek sal vir jou werk totdat ek doodgaan. Ek sal jou hond wees. Red my nonnie. Ek bid jou soos ek God bid."

Marie skiet hom en tref 'n slagaar. 'n Straal bloed spuit in stote teen haar aan.

Die twee blankes - Marie en die verteller - het mekaar versterk en tot aan die einde bymekaar gebly.



Eugene Marais

# Afrikaanse gids vir Tafelberg

**Tafelberg, 'n Natuurwonder (vertaling). Uitgegee deur die Wes-Kaaplandse tak van die Natuurleweverenlging. R15.75 belasting en posgeld ingesluit**

DIE gewilde veldgids Table Mountain, A Natural Wonder is nou, dertien jaar ná die verskyning van die Engelse uitgawe, in Afrikaans en Duits beskikbaar.

Die gids was die gevolg van die eerste botaniese ondersoek van Tafelberg onder leiding van die skrywer se eggenoot, prof Eugene Moll.

Prof Moll het die aandag gevestig op die ontstellende toestand van die berg. Vuur het groot skade aan die natuurlike woude op die berg aangerig, dennebome het die proteas verdring, piekniekgangers het party plekke kaal getrap en stappers het erosie langs paadjies en in klofies veroorsaak.

Moll se veldtog het die Wes-Kaaplandse tak van die Natuurleweverenigning geïnspireer om 'n veldtog te begin om Tafelberg te red, en om die veldgids te publiseer.

Die teks handel oor die geologiese ontstaan van die berg, die benaming van die koppe, stap- en klimroetes, die verskillende biologiese gemeenskappe, die gevaar van indringerplante en die nodigheid van 'n omvattende bewaarstrategie vir die berg.



Dit word toegelig met kleurfoto's, sketse en historiese illustrasies.

Die boek kan bestel word by Die Natuurleweverenigning, Wes-Kaaplandse tak, Posbus 145, Tokai 7966.


Liebermann Pottery

BESONDERSE EETGEREI

EETSTELLE, KERRIESTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE, BORDE, OONDSKOTTELS, SOPBAKKE, ENS IN VYF PRAGTIGE KLEURE

Veilig vir oond, mikrogolf en opwasmasjien.

Beskikbaar by meer as 300 winkels landwyd.

VIR NAVRAE, BEL (011) 786-1050

VIR JOU NAASTE WINKEL



REUSE UITVERKOPING TOT 10 JUNIE

# Heunis eis apologie oor 'laster'

**Tim du Toit en Kie skryf:**

U uitgawe van 3 Februarie 1989.

Ons tree op namens Mnr EA Heunis van Pretoria.

In die uitgawe van 3 Februarie 1989 het u 'n berig gepubliseer onder die titel "Hoë Skelms - nog meer intriges".

In die artikel het u berig oor die "Vermaas-skandaal".

Die strekking van die berig was dat daar 'n poging was om publisiteit van sekere aspekte van die Skandaal te onderdruk.

Met die berig het u bedoel en is u deur die redelike leser verstaan om te bedoel, dat:

1. daar 'n skandaal was waarby ons kliënt synde die swaer van die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, betrokke was;
2. dat daar 'n "uitsonderlike kabinetsbesluit" was waarvolgens sekere eiendomme gehersoneer is;
3. dat daar 'n verband is tussen die feite en persone wat betrokke is by die Vermaas-skandaal en ons kliënt;
4. dat ons kliënt een van die "hoë skelms" is waaroor u berig handel.

Die berig is, soverre dit betrekking het op Mnr Heunis, vals, wederregtelik en op 'n kwaadwillige wyse gepubliseer en is lasterlik van ons kliënt.

As gevolg van die publikasie van die voormelde lasterlike verklaring is ons kliënt in sy goeie naam, faam en reputasie gekrenk en het hy daardeur skade gely ten bedrae van R5 000,00.

Die doel van hierdie skrywe is om u, die betrokke verslaggewer synde Mnr M Welz asook die Uitgewer "Wending Publikasies", in kennis te stel, wat ons hiermee doen, dat ons kliënt van u en die gemelde persone gesamentlik en afsonderlik, betaling verlang van die voormelde bedrag binne 14 dae na afsending hiervan, asook die publikasie van 'n apologie in u koerant op 'n prominente wyse.

Sou u versuim om hieraan gehoor te gee is dit ons opdrag om dagvaarding teen u en die ander gemelde persone uit te reik.

U word gevolglik versoek om hierdie saak u dringende aandag te skenk.

*(Ag nee wat. Ons het nie mnr Heunis se naam genoem nie en gewis geen suggestie van enige aard gemaak dat hy by enige ongerymdheid betrokke was nie. Gaan lees die betrokke berig gerus weer.—Redakteur)*

**Tot en met die algemene verkiesing op 6 September mag geen briewe met 'n politieke inhoud sonder 'n naam en volle adres geplaas word nie.**

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

## Persoonlik

Vrye Weekblad het verlede week 'n vraelys vir marknavorsingdoeleindes geplaas. Vul dit asseblief in, maak afdrukke vir almal wat jou kopie lees en stuur dit aan ons

Flippie, ek wil nou nie flippant wees nie, maar jou flink flikflooiery laat my flou ou flits weer fluks flikker

Die Takhare vir vrede sê 'n lang, koue winter lê voor. Eet baie knoffel, dit hou die duiwel weg

## Woonplek

DRINGEND
Student soek goedkoop verblyf in Johannesburg vir ongeveer een maand vanaf 15 Junie. Bel vir Gwynne by Vrye Weekblad (011) 836 2150 om 'n boodskap te laat

Vier showgirls met slaapsakke soek 'n dak oor hulle koppe tydens feestyd op Grahamstad. Ons sal betaal. Bel (011) 648 8489 Catharina


**Staffrider Magazine**

"Staffrider Magazine has in a very crucial and interesting way been involved in the re-emergence of the resistance movement in the seventies as well as the development of the worker's movement more recently. This is to say that Staffrider has been part and parcel of the spread of a democratic culture." - Njabulo Ndebele. Participate in shaping the culture of South Africa by subscribing to this exciting and valuable magazine. Complete the enclosed form and send R17,95 to Staffrider Subscriptions, Ravan Press, PO Box 31134, Braamfontein, 2017.

Name : ..............................

Address : ..............................

..............................

Postal Code : ..............................

Date: .................. Signature : ..................

Tel: ..............................

You will receive 4 issues of Staffrider Volume 8 for 1989.


## Dienste

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

HANDGEMAAKTE JUWELIERSWARE EN EETGEREI
Silwer + koper. Koekvurke, Tee-, Koffie- en Suikerlepels elk met sy individuele ontwerp. Ook HANDGEMAAKTE POTTE: van grotes vir plante tot bypassende suikerpotjies. WERKSWINKEL is in Pimstraat 60, Newtown. Tel: 011-8386507
Theresa Jo



Jacob Regop-kapsules: Help om verlore energie terug te plaas deur die voedingsvitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te verskaf. Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 'n maand se voorraad aan: Emcor, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel: (021) 551 4360. Ook verkrygbaar by jou naaste apteek

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplignavrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

**Bondbuster. "Is jou verband besig om jou dood te maak? Betaal jou grootste skuld af in die helfte van die tyd. Jou verband kán afbetaal word - gouer as wat jy dink. Vir verdere inligting bel Rhys Bridger by tel (011) 792 2693 (w) of (011) 792 2136 (h)**

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Bel tel: (011) 724 0784

Woordverwerking: Tik, edit, kwaliteit drukwerk. Tel: (021) 472919

**SUPERLEER: Leer 8 keer vinniger. Nuwe tegnieke vir algehele konsentrasie, geheue, doelwitrealisering. Vir toetse, eksamens, skoliere, studente, alle vakke. Effektiewe terugvoer en opvolgklasse. Ook korrespondensie. Skakel (011) 643 4659 of skryf aan: Federated Place 409, Berea 2198**

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

Rhodes Universiteit PhD in Psigoterapie. Die Departement Sielkunde bied 'n voltydse twee-jarige doktorale kursus in Psigoterapie aan. Die kursus is die enigste van sy soort in Suid-Afrika en is oop vir gekwalifiseerde kliniese sielkundiges. Die doel is om studente se kennis te verdiep deur praktyk en teorie te integreer, en dit behels intensiewe onderrig asook 'n tesis. Tot dusver het twee studente gegradueer en drie het in 1989 geregistreer. Verdere inligting kan verkry word van prof Dreyer Kruger van die Departement Sielkunde, Rhodes-Universiteit, Grahamstad 6140, of skakel (0461) 22023 Aansoeke vir die 1990-inname sluit op 30 Junie 1989

## Gebeure

Die Voëlvry-konsert is vanaand en môreaand om 9.00 nm in Windhoek by die Windhoek-teater

die breyten breytenbach-klub vergader die naweek op parys aan die oewers van die vaal. daar word gekyk na die gat in die lug

Vrye Weekblad se telefoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 836 2150

## Mark

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

Yeoville Books, Cavendishstraat 36, Bellevue. Tel: 648 2002. Die volgende boeke is nou beskikbaar: Feministiese literatuur, Faber en Faber-toneelstukke, Suid-Afrikaanse poësie en Afrikaanse skrywers teen baie redelike pryse

**Kashgar**

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue- en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Die nuwe STET 5-4 verskyn einde Mei. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50

Vir Mikro-rekenaars teen die beste pryse asook die beste opvolgdiens, bel vir Paul, Boet of Arrie by PC 2000 (011) 7265885/5919

Gedigte - Geloofsbelydenis van 'n Kluisenaar - Clinton V du Plessis, Hardeband R5 (alles ingesluit). Slegs 100 eksemplare. Bestel by Clinton du Plessis-uitgewers BK, Posbus 547, Cradock 5880. tel (0481) 4113

## Werk

Die Leonard Rayne-Laataandvertoonkas se mikpunt is om aan jong kunstenaars en skrywers die geleentheid te gee om hul talente ten toon te stel. Enige aspirant-kunstenaars, skrywers en musikante wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet Debbie Batzofin skakel by (011) 805 2805/6

Vrye Weekblad soek mense wat ons saak goed gesind is om ons te help met administratiewe en promosiewerk vir 'n paar uur per week. Skakel Jan van den Bos by tel (011) 836 2151


JACOB RegoP®

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koe[illegible]n hieronder, aan: EMCOR, Posbus 58[illegible] [illegible]lnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..............................

Adres: ..............................

..............................

.................................... Poskode: ..................

Telefoon: ..............................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK



Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: ..............................

..............................

Adres: ..............................

..............................

..............................

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/R30





Vrye Weekblad

# Blou Bulle speel nou soos WP van ouds

**OPSTOPPERS deur Nicky Macdonald**

DIS vanjaar 20 jaar vandat ek die eerste keer 'n Noord-Transvaalspan sien speel het. In die 20 jaar het ek vier keer vir hulle hande geklap - in Frik du Preez se laaste wedstryd op Nuweland, toe hy drie drieë en 'n skepskop aangeteken het. 'n Oervooroordeel, dus.


Naas Botha

Tot dusver vanjaar het die Bloues my in een wedstryd meer plesier verskaf as die WP die hele seisoen. Die soort rugby waarmee hulle Suidwes en Transvaal vermorsel het, is die soort rugby waarmee die WP in die vroeë tagtigerjare vasgemaak het.

(Dwarsdeur die sewentigerjare het WP-ondersteuners so teen Augustus se kant, as die streeptruie se batterye pap begin word het, gesê: Toemaar, volgende jaar wen ons die Curriebeker. Danksy die spanne van 1982 tot 1986 kan ons darem nou sê: Toemaar, Stoffberg en Mallett het net so gedryf. Hempies du Toit en Henning van Aswegen, kon net soskrum.)

Maar laat ek by die punt kom, voor die melankolie my oorweldig. En my punt is dat enige halwe talent agter die vaste vyf in Noord-Transvaal sou skitter. Tiaan Strauss, Gert Smal en Garth Wright sal gedy in hulle geselskap. Om te gaan sê dat 'n mens die hele Blou kaboedel net so in 'n Springbokspan moet gooi, klink nou weer na Pretoria se hibries van die eerste water.

Maar in elk geval, dit lyk tans na 'n bra twyfelagtige voorreg om teen die Ligbloues in die eindstryd te speel. Maar eersdaags keer daai outjie van Rovigo terug, en sy terugkeer gaan gewis 'n invloed hê op sy span. En die duiweltjie op my skouer wonder of dit 'n goeie effek gaan wees, want 'n goeie span het goeie spangees. Vra maar die WP.

### Jammer Japanners

Ek sien nou ander dag in 'n foto-artikel oor Japan 'n foto van 'n Japanse bofbalspan wat, pette teen die bors, 'n hele pawiljoen vol ondersteuners om verskoning vra vir hulle vrot vertonings in hul laaste paar wedstryde.

Soos die man sê, dit laat 'n mens dink, nê?

### Tsjeggiese robot?

Die tweede ronde van die Franse Ope is pas klaar. Wat ek wil weet is: wie stel belang in volgende Saterdag se vroue-eindstryd? Watter romantiese man wil sien hoe die grote Steffi die verruklike Gabriella verneder?


Gabriela Sabatini

Hoekom is daar altyd een vrou wat al die ander oordonder? Hoekom was Chrissie beter as Billie Jean en Martina beter as Chrissie en Steffi beter as Martina ad nauseum?

Wie gaan vir Steffi klop? 'n Ses voet ses Tsjeggiese robot? Wie onthou nog vir Bettie Stove? Wie gee om?

---

**MY WÊRELD!**

## Kuifie se vuurpyl 'n werklikheid

PARYS - 'n Skaalmodel van Kuifie se maanvuurpyl sal op 21 Julie van die Franse ruimtesentrum in Kourou, Guiana, gelanseer word ter viering van die mens se eerste tree op die maan twintig jaar gelede.

Die vuurpyl, wat 1,57 meter hoog is, is in rooi en wit blokpanele geverf, soortgelyk aan dié wat deur Herge, die skepper van die Kuifiekarakter, geteken is. Die vuurpyl behoort 'n hoogte van 2 000 meter te bereik voordat dit na die aarde sal terugkeer.

Die ruimtesentrum in Kourou dien as 'n lanseerbasis vir die Europese Arianevuurpyle.

Die lansering op 21 Julie val saam met die Belgiese Nasionale Dag en is ter ere van die Belg Herge.

Vanjaar is ook die 60e herdenking van die skepping van Kuifie, die jong verslaggewer en sy getroue hond, Snowy, die 40e herdenking van die album wat Kuifie se maanbesoek uitbeeld en die 25e herdenking van die eerste vuurpyllansering vanaf Kourou. - AFP

## Skilpad red vyf skipbreukelinge

MANILA - 'n Reuse-seeskilpad het vyf passasiers van 'n boot wat tydens 'n storm in die oostelike Filipyne gesink het, gered. Volgens 'n koerantberig het die skilpad die slagoffers na die kus gesleep.

Volgens 'n oorlewende, Emilia Briones, het die vyf passasiers vir drie dae en twee nagte op 'n vlot rondgedryf nadat die MV Albert tydens die tropiese storm, Brenda, in die Golf van Lagonoy gesink het.

Sy sê hulle het die vlot aan die reptiel, met 'n dopdeursnit van meer as 'n meter, se poot vasgebind. Die skilpad het hulle vir twee ure lank pligsgetrou gesleep totdat mense van die kusdorpie Presentacion hulle gesien het.

Emilia sê haar man Arsenio het toe die tou losgemaak en die skilpad het onmiddellik weggeswem.

Volgens rampbeamptes is ten minste 25 mense dood of word vermis, insluitend ses passasiers van die MV Albert. - AFP

## Swapo, Untag en die leeu

'N SOLDAAT van Untag en 'n lid van Swapo het in die Noorde van Owambo 'n ent in die bos gaan stap toe hulle skielik op 'n leeu afkom.

Die Swapo-lid het vinnig sy stewels uitgetrek en hardloopskoene aangetrek.

Die Untag-soldaat het verbaas gevra of die skoene 'n verskil sal maak.

"Jy kan tog nie vir 'n leeu weghardloop nie," het hy gesê.

"Ek weet," het die Swapo-lid gesê. "Ek moet net vinniger hardloop as jy."

## Wonderkind ontknoop wiskunde

CAMBRIDGE, Massachusetts - 'n Britse tiener en wiskundige wonder het 'n lektorspos by die Universiteit van Harvard aanvaar.

Die 17-jarige Ruth Lawrence het 'n aanstelling vir 'n jaar as besoekende lektor by dié universiteit aanvaar.

Lawrence is in 1983, op 11-jarige ouderdom, na die universiteit van Oxford in Brittanje.

Sy het twee jaar later haar graad ontvang.

Sy ontvang vanjaar haar doktorsgraad in Wiskunde van Oxford.

"Sy is 'n baie gawe, goed gebalanseerde persoon.

Sy gesels graag oor allerhande dinge en is nie besonder aggressief of skaam nie," het Vaughan Jones, 'n professor in Wiskunde aan die Universiteit van Berkeley, gesê na 'n besoek aan die jong akademikus in Brittanje.

Lawrence sal 'n voorgraadse seminaar oor die knoopteorie lei.

Dit handel oor knope en ander gebuigte driedimensionele voorwerpe in teoretiese wiskunde. - AFP

## Kaal Speedie ontstel gesinne

LONDEN - 'n Doelskieter van Skotland, David Speedie, het in die moeilikheid beland by sy unie en die Engelse sokkervereniging nadat hy sy broek gedurende 'n wedstryd afgetrek het.

Dié sokkervereniging asook die professionele sokkerspelersvereniging is kwaad oor foto's van Speedie, 'n Coventry-speler, waar hy sy agterstewe vir die Chelsea-aanhangers wys.

"Daar is geen verskoning hiervoor nie," sê Brendon Batson, die vise-uitvoerende hoof van die professionele vereniging. "Gesinne woon graag wedstryde soos dié by en 'n mens wil nie hê die spelers moet só optree nie." - AFP

## Kleuter help ma met geboorte

ATLANTA, Georgia - 'n Sewejarige dogtertjie het haar ma gehelp om geboorte te gee met 'n bietjie hulp van 'n telefoon-operateur.

Amanda Lawrence het haar ma te hulp gesnel toe sy in barensnood gegaan en drie minute later geboorte gegee het.

Sy het haar ma na 'n rusbank toe gehelp, die operateur geskakel vir hulp en haar ma met die geboorte gehelp.

"Ek dink ek het goeie werk gedoen en dit is 'n goeie idee dat ek my boetie gehelp het om gebore te word. Ons gaan 'n partytjie hou om hom by die huis te verwelkom en om my te bedank omdat ek sulke goeie werk gedoen het," sê Amanda. - AFP

---

## Dié week in die nuus

### Suider-Afrika

**Piet Badenhorst**, Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn in die Volksraad, besluit om as minister en LP vir Oudtshoorn uit te tree. Hy is die sesde minister wat nie op 6 September verkiesbaar sal wees nie.

**Meer as 140 teoloë** en lidmate van die NG Kerk ondersteun die meerderheidsbesluit van die NG Kerke-beraad op Vereeniging, eerder as die minderheidsbesluit van die blanke NG Kerk.

**Inspekteurs van** die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling lê beslag op alle finansiële state en projekdokumente van Idasa in Kaapstad.

**'n Rugbystorm** bars los oor vuilspel en toeskouer-geweld. Dit volg op 'n voorval waar die Noord-Transvaalse haker, Ulli Schmidt, aanhoudelik vir Riaan van den Berg van Griekwas getrap het, en nog 'n voorval waar 'n skeidsregter met bottels aangeval is na 'n wedstryd tussen Wes-Transvaal en WP-Liga.

**FW de Klerk**, hoofleier van die Nasionale Party, voer samesprekings met die hoofminister van Kwazulu en leier van Inkatha, dr Mangosuthu Buthelezi. Hulle praat onder meer oor grondwetlike hervorming en die veiligheidsituasie in Natal/Kwazulu, en stel nog samesprekings in die toekoms in die vooruitsig.

**Dr Org Marais**, adjunk-minister van Finansies, sal binnekort 'n verklaring uitreik "ter opheldering" van sy uitlating dat blankes in die laaste 20 jaar nie armer geword het nie, sê min FW de Klerk.

**Lynne Baxter**, 'n Kaapse student, word teen die hange van Tafelberg gevind nadat sy van 'n aanvaller weggehardloop, teen 'n ravyn afgeval en drie dae lank vermis was.

**Vyf gebiede** in die Natalse Drakensberge word tot natuurreservate verklaar.

**Suid-Afrika het** die kennis om 'n ruimteprogram te loods, maar nie genoeg geld nie, sê die minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, Danie Steyn.

**'n Mosie** voor die Anglikaanse sinode vra dat Die Stem deur Nkosi Sikelel' iAfrika vervang word as volkslied.

**Gesteelde goedere** ter waarde van duisende rande word by personeellede van nege Transvaalse provinsiale hospitale gevind en 110 mense word in hegtenis geneem.

**Onderwysers en** 128 000 skoolkinders in Noord-Namibia boikot klasse in protes teen die SWA-polisie se teeninsurgensie-eenheid (voorheen Koevoet) se teenwoordigheid in die gebied.

**Patrick Nkosi**, 26, is deur die polisie op Middelburg teen die kop geklap, sy kop is deur die muur gestamp en hy is geskop, vertel 'n ooggetuie aan die Hooggeregshof in Witbank. Nkosi is die volgende dag in die Middelburg-hospitaal oorlede.

**'n Dienspligtige**, Petrus van der Merwe, 20, pleeg selfmoord saam met sy vriendin toe die militêre polisie hom wil terugvat na sy basis. Hy was afwesig sonder verlof.

**Wallie de Waal**, NP-stadsraadslid van Johannesburg, klap sy mede-raadslid, Dave Verster wat van die NP na die DP oorgeloop het, deur die gesig buite die raadsaal.

**Die Aartsbiskop** van Kantelberg, dr Robert Runcie, kom in Botswana aan vir 'n besoek aan Suider-Afrika. Hy sal ook Malawi, Zimbabwe en Zambië besoek.



**Aartsbiskop Desmond** Tutu prys president PW Botha vir sy hervormingsinisiatiewe, maar sê Botha het nie genoeg moed gehad om apartheid af te skaf en 'n nie-rassige Suid-Afrika tot stand te bring nie. Tutu het die sinode van die Anglikaanse Kerk in Durban geopen.

### Wêreld

**Chinese studente** onthul 'n reuse-model van die Amerikaanse Statue of Liberty in Tiananmen-plein in Beijing in hul protes vir groter demokrasie. Omtrent 100 000 studente neem deel aan die protes.

**Navo-leiers** op hul veertigste verjaardag-spitsberaad onderteken 'n bloudruk vir ontwapenings-prioriteite. Onderhandelinge om kortafstand-kernmissiele te verminder, sal afhang van 'n ooreenkoms oor soortgelyke verminderings deur die Warskou-verdragslande.

**President Mikhail** Gorbatsjof van die Sowjet-Unie sê die verkiesingstelsel in dié land moet meer demokraties word. Hy maak ook bekend dat die USSR se verdedigingsbegroting ingrypend verminder is.

**'n Noodtoestand** word in Argentinië afgekondig nadat honderde mense kruidenierswinkels begin beroof het. Dit volg op prysstygings van tot 1 000 persent op sommige kruideniersware. Minstens tien mense sterf in die onluste.

**Die Griekse** eerste minister, Andreas Papandreou, 70, en sy vrou stem in om van mekaar te skei sodat hy met sy minnares kan trou.

**Joodse setlaars** val 'n Palestynse dorpie in die besette gebied aan, skiet 'n sestienjarige Palestynse meisie dood en wond twee seuns, en skiet huise, motors en watertenks stukkend.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# Comrades-geskiedenis vir onbekende Tshabalala

Ockie Dupper

IN 'n wedloop wat die meeste sportskrywers met rooi gesigte gelaat het, het die onbekende Samuel Tshabalala en die bekende Frith van der Merwe kenners verstom met hul uitstekende vertonings.

Tshabalala, wat verlede jaar twaalfde in 5:50 geëindig het, het die eerste swart wenner in die geskiedenis van die beroemde wedloop geword. Dié onbekende atleet van Spectrum-atletiekklub is nooit werklik enige kans gegun om die wedloop te wen nie. Hoewel sy wentyd van 5:35 meer as 10 minute stadiger as Bruce Fordyce se "af" rekord is, het hy én Willie Mtolo vir een van die opwindendste wedlope in 'n paar jaar gesorg.

Wat meer kan mens nog oor die blits van Benoni, Frith van der Merwe sê? Hoewel daar nooit twyfel was dat sy die wedloop sou wen nie, kon niemand droom dat sy die "af" rekord van Lindsey Weight met 'n ongelooflike 51 minute sou verpletter nie, en in die proses die eerste vrou sou word om die wedloop in minder as ses uur af te lê.

Haar tyd van 5:54:40 het haar meer as 'n uur voor haar spanmaat en tweede vroue-atleet, Valerie Bleazard laat eindig.

Vanaf haar 26e posisie by Cowie's Hill het Frith deur die veld gesny om eindelik vyftiende te eindig. In die proses het sy weer eens met groot name soos Alan Robb en Johnny Halberstadt afgereken.

Twee atlete wat vroeg in die wedloop nog in die tweede en derde plek was, Helen Lucre en Lynn Lombaard, het beide baie teleurstellende wedlope gehad. Lucre, wat die wedloop reeds drie keer gewen het, het byna twee uur ná Frith van der Merwe in Durban aangekom.

Lombard, wat aan haar eerste Comrades deelgeneem het, moes met 'n skok besef dat haar oorwinnings in die Milo Korkie 56 km en Lucozade-marathon die jaar nie genoeg was om haar werklik 'n kans te gee in die Comrades nie. Sy het nie eens onder die eerste tien vroue geëindig nie.

Die teleurstelling van die 1989 Comrades moes egter die vertoning van Mark Page gewees het. Ná sy uitstekende tweede plek verlede jaar is hy deur baie as 'n potensiële wenner beskou. Page, wat gedurende die wedloop baie ontspanne voorgekom het, was in een stadium in 'n goeie vierde plek gewees.

Hy moes hom egter net na Cowie's Hill (72 km) onttrek aan die wedloop.

Met Page uit die wedloop, het die laaste 18 km vir 'n titaniese stryd tussen Tshabalala en Mtolo gesorg. Toe Mtolo met ongeveer 15 km oor by Tshabalala verby geskuif het, het dit na 'n uitgemaakte saak gelyk dat die ontspanne en wuifende atleet die eerste swart atleet sou word om die Comrades te wen.

Sy bobeenspiere én Tshabalala het egter ander planne gehad. Nádat Mtolo onverwags moes stop as gevolg van krampe, het Tshabalala die voortou geneem en dit nooit weer afgestaan nie.

'n Krampende Mtolo het uiteindelik tweede geëindig, vier minute na Tshabalala.

Die Fransman, Jean-Marc Bellocq, die 16-1 gunsteling by wedders, het gewys dat die wedloop oor 100 km waaraan hy verlede maand in Europa deelgeneem het, hom nie baie beïnvloed het nie.

Nadat hy deur die halfpad-merk in vyfde plek gehardloop het, het Bellocq derde by Kings Park in Durban aangekom in 'n tyd van 5:42:26.

Magnolia se Nic Bester, ook 'n groot gunsteling voor die wedloop, het die jaar vierde, een plek swakker as verlede jaar, geëindig. Bester, wat in 'n stadium 7 minute agter die voorste atleet was, het met sy vertoning gesorg dat hy vir die tweede agtereenvolgende jaar die ultra-man titel gewen het.

Die relatief onbekende Wes-Transvaler, Shaun Meiklejohn, wat vir ongeveer 50 km van die wedloop voor gehardloop het, het 12 plekke verbeter op sy sewentiende posisie van verlede jaar deur in die vyfde plek klaar te maak.

Attila Kovachs, die Hongaar wat in die klere van Rocky Road Runners deelgeneem het, was baie ongelukkig om nie 'n goue medalje los te hardloop nie.

Sy elfde plek het hom ongeveer 40 sekondes ná sy spanmaat, Hosea Tjale, laat eindig. Die bestendige Tjale se 5:50:16 het aan hom sy agtste goue medalje besorg.

'n Mens kan maar net spekuleer oor wat wel sou gebeur het indien Fordyce vanjaar deelgeneem het. Die beskeie Fordyce se mening na afloop van die wedloop dat hy hom waarskynlik goed van sy taak sou gekwyt het indien hy wel deelgeneem het, spreek boekdele.

'n Voorspelling? Verwag om volgende jaar weer dié bekende naam aan die bopunt van die uitslae te sien.

**Uitslae:**

1. Samuel Tshabalala
2. Willie Mtolo
3. Jean-Marc Bellocq
4. Nic Bester
5. Shaun Meiklejohn
6. Anton Hector
7. Ephraim Sekotlong
8. Lucas Tswai
9. Chase Matthews
10. Hoseah Tjale

**Vroue**

1. Frith van der Merwe
2. Valerie Bleazard
3. Naidene Harrison
4. Pat Lithgow
5. Hazel Hairs

RUGBY:

# Isolasie het sy tol geëis

Chris van Vuuren

OOR minder as drie maande sal die Groen en Goud weer op Suid-Afrika se rugbyvelde gesien word wanneer 'n internasionale span as deel van die SA Rugbyraad se eeufeesvieringe hierheen kom.

Op die oomblik leef die meeste Suid-Afrikaners in die waan dat die Springbokke hulself deeglik sal laat geld in toetse.

Diegene wat in die droomwêreld leef, moet vinnig wakkerskrik voordat hulle uit hul waan geskok gaan word.

Laat ons dit nou maar aanvaar. Die isolasie waaronder ons rugby die afgelope aantal jare gebuk moes gaan, het sy tol geëis.

Waaraan word ons oënskynlike krag gemeet? Die feit dat Noord-Transvaal se agttal 'n klomp liggewigte ore aansit? Die feit dat die Curriebeker nou kwansuis so mededingend is?

**Die groot euwel in ons spel is dat die top-spanne so gereeld teen mekaar speel en dat daar nie variasie in ons spel is nie**

Nee wat, Suid-Afrika se rugbymal publiek is in vir die skok van 'n leeftyd wanneer die Wêreld XV hier aankom.

Talle sogenaamde kenners staar hulle blind teen die werklikhede en sien net wat hulle wil. Ek kan maar net hoop dieselfde geld nie die nasionale keurders nie.

Die groot euwel in ons spel is dat die top-spanne so gereeld teen mekaar speel en dat daar nie variasie in ons spel is nie. Ons rugby is heeltemal te stereotiep.

Wanneer 'n oorsese span met nuwe tegnieke en style hier aanland, gaan ons verlore wees en nie weet hoe om die situasie te hanteer nie.

Elk van die top-bonde in die land het nou omtrent twee keer teen mekaar gespeel en die seisoen is nog nie eens halfpad nie. Hulle weet presies wat om van hul teenstanders te verwag sodra hulle op die veld draf.

Ons sal vinnig 'n plan moet maak - anders gaan Suid-Afrika met sy stert tussen die bene fees vier.

Van wat ek tot dusver die seisoen gesien het, sal 'n Springbokspan in dié stadium so daaruit sien:

André Joubert, Carel du Plessis, Eben Scheepers, Hugo van As, Tony Watson, Johan Heunis, Garth Wright, Heinrich Rodgers, Uli Schmidt, Jan Lock, Burger Geldenhuys (k), Rudi Visagie, Adolf Malan, Johann Lampbrecht, Adriaan Richter.



Garth Wright - 'n moontlike Springbok

*Foto: Ken Oosterbroek*

SOKKER:

# Eendrag maak sokkermag

Charles Leonard

SUID-AFRIKA se leuse van "Eendrag Maak Mag" word prakties deur die land se sokkerspelers toegepas.

Die afgelope naweek het die vier verteenwoordigende sokkerliggame onder voorsitterskap van die National Sports Congress (NSC) in Johannesburg byeengekom en hulself verbind tot die stigting van een nie-rassige beheerliggaam.

Die grootste hiervan is die South African Soccer Association (Sasa). Hulle is die moederliggaam van die professionele National Soccer League (NSL).

Die ander liggame is die South African Soccer Federation, wat by die South African Council on Sport (Sacos) geaffilieer is, die South African National Football Association (Sanfa), en die oorwegend wit Football Association of South Africa (Fasa).

Die sameroeper van die vergadering, Krish Naidoo van die NSC, is baie optimisties oor die vooruitsig: "Ons was baie beïndruk met die opregtheid van die betrokke partye. Dit is duidelik dat hulle almal een liggaam wil hê."

Die NSC werk al 'n jaar lank aan eenwordingspogings. "Dit is ongelooflik dat mense wat om 'n tafel gaan sit en gesels, net tot die besef kom oor hoeveel hulle gemeen het," sê Naidoo.

"Ons speel die rol van bemiddelaar tussen die partye. Ander sportsoorte wat belangstel kan ons ook nader.

"Dit is deel van die NSC se program om ons sport te verenig en apartheidsport te isoleer," sê hy.

Naidoo voorsien dat die sportboikot opgehef sal word vir werklik nie-rassige sportliggame en dié sportmense kan binnekort teen buitelandse spanne, veral uit Afrika, meeding.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad,2 Junie 1989

# Vroue vasgevang in 'n grys gebied

Andrea Vinassa

REGISSEUR Lucille Gillwald volg haar omstrede produksie van Bartho Smit se Christine op met 'n splinternuwe stuk uit eie bodem: 'n studie van die sosiale dinamiek in 'n grys gebied.

Die stuk, Curl Up and Dye, is geskryf deur Susan Pam en behels vier maande se navorsing in Joubertpark en ander grys gebiede in Johannesburg, omliggende gebiede en self Port Elizabeth.

Pam het net voor verlede jaar se munisipale verkiesings begin werk aan 'n insiggewende stuk oor die leefwyses, drome en oorlewingsmeganismes van mense wat in die gebiede lewe: waar die regering, die munisipaliteit en die eienaars van die geboue hulle onttrek het.

Curl Up and Dye speel af in 'n haarsalon in Joubertpark en plaas die kollig op die interaksie tussen vyf vroue, wat, as hulle werklik 'n keuse gehad het, nooit verhoudings met mekaar sou aanknoop nie.

"Dit stuk is nie 'n feministiese stuk nie, maar dit handel oor vroue," sê Pam. Dat hulle vroue is, is omtrent al wat hulle bind. Weens die sosiale kondisionering waaraan hulle onderwerp is, is die verdelings groot en wek konflik. Tog word hulle gebind deur hul gemeenskaplike verknorsing... hulle vind dit onmoontlik om uit die grys gebied te ontsnap en hulle leer om te oorleef.

Dit is die mikrokosmos waar mense in isolasie woon agter toe deure en waar moord en doodslag as alledaags aanvaar word, wat Pam van haar eerste dag op Bokstraat aangegryp het. Hoewel die mense baie eng is en hulle die insypeling van swartmense met middelklaswaardes as 'n bedreiging beskou is "hul lewens baie interessanter as ons s'n."

Die karakters wat sy geskep het, is nie regstreeks gegrond op vroue wat sy ontmoet het nie, maar 'n kombinasies van tientalle vroue wat haar in hul vertroue geneem het.

Daar is Rolene (gespeel deur Pam), 'n jongerige wit vrou en die eienaar van die haarsalon wat gedwing word om die veranderinge te aanvaar; Charmaine (gespeel deur Debra Watson), die Wellcanol-junkie; Dudu (gespeel deur Nandi Nyembe), 'n verpleegster met middelklas-aspirasies en 'n goeie werk wat haar in staat stel om 'n woonstel te huur; mev Dubois (gespeel deur Val Donald-Bell), die opsigter van 'n woonstelblok wat nie swartmense toelaat nie en 'n verteenwoordiger van die ou garde en Miriam (gespeel deur Lillian Dube), die vrou wat al twintig jaar lank die vloer van die haarsalon vee.

Curl Up and Dye word van 18 Junie in die Black Sun in Orange Grove opgevoer.



Lucille Gillwald

## Daar ís Krewe ná Windhoek



RAAAIT! Die twee maand-lange landwye Voëlvry-toer eindig amptelik hierdie naweek in Windhoek met drie optredes van die omstrede musiek-pioniers op Vrydag, Saterdag en Sondagaande by die Windhoek-teater. Maar gelukkig is dit nie die laaste wat ons van hulle gaan hoor nie. Twee optredes - op "publieke aandrang" - is reeds gereël vir volgende naweek: Vrydag- en Saterdagaande by die Summit Club in Johannesburg (hoek van Pretoria en Claim strate) om 9 nm. En die naweek daarna sal hulle weer in Pretoria optree (hou die pers dop vir waar en wanneer). Volgens Mark Bennet van Shifty Records het GBB se Eet Kreef langspeler reeds meer as 4 000 eenhede verkoop (die beste en vinnigste verkope wat Shifty nog gehad het) en sowat 15 000 mense het die 20 toerkonserte bygewoon. Die Voëlvry langspeler verkoop ook nou in supermarkte. Ditsem.

## Erotiese fabels

**Pierre van der Westhuizen skep sy eie mitologie. Linosneë by die Gallery on the Market tot 27 Junie** - 3




**Marthinus Basson - man agter die Keiser.... 5**

**Reible goël met Shakespeare .................... 3**

**Groter as Jesus? Haakvas ........................ 2**



LATE-NITE ACS

Milpark
(agter Holiday Inn)
(011) 726-3412/8609

SPESIALE VROEGAAND AANBOD

25% AFSLAG OP VOOR-TEATER AANDETE
(uit teen 8NM)

Oop van middagete tot baie laat sewe dae per week

# Frith van der Merwe, Margate-haaie en Carl Lewis op langspeler?

Charles Leonard

Plate word beoordeel op 'n skaal van 0 tot 10



The Pixies op soek na die volmaan

**DOOLITTLE - THE PIXIES (10)**
The Pixies moenie verwar word met 'n sekere model Ford Cortina of 'n soort perdewedrenboerpot nie. Hulle is 'n vierstuks uit Boston en Doolittle is hul derde langspeler.

Dit is loshande die opwindendste langspeler wat ek nog vanjaar gehoor het. Hulle is aan die kruin van die nuwe sterre en strepe musiekgolf wat die wêreld oorspoel.

The Pixies kon die titel van Neil Diamond se langspeler uit 1976, Beautiful Noise, geleen het - 'n baie toepaslike beskrywing vir Doolittle.

Die musiek het meer energie as Frith van der Merwe en beweeg vinniger as Carl Lewis. Daar is meer choas as met 'n haai in vlakwater by Margate, maar terselfdertyd melodieë met groter trefkrag as die eerste rympie wat jy op laerskool geleer het. Daarby is dit varser as melk in 'n koel se speen.

Die sanger en komponis, Black ("dit is 'n familienaam") Francis, gee geen snars om oor sangkonvensies nie. Hy gil soos 'n besetene, hyg soos 'n wilde dier en kerm soos 'n kat om middernag.

Die instrumente is in "harmonie" met hom.

Hulle sing oor die makabere, die teatrale, die onderbuik, die erotiese - alles met 'n gesonde dosis humor. The Pixies neem hulself nie ernstig op nie.

Dit is garage rock met 'n oorgawe - chaos op 'n meesterlike wyse.

Ek kan dié plaat nie sterk genoeg aanbeveel nie. As daar ooit kits-adrenelien was, dan is Doolittle net dit.

**FRIENDLOVERPLANE - THE BLUE AEROPLANES (9)**
The Blue Aeroplanes vlieg hoog in die galerye van kunsskool-rock. Elke snit op dié plaat is 'n fyn afgewerkte musikale skildery.

Gelukkig is ons die pretensie wat gewoonlik hand aan hand met dié genre gaan, gespaar.

Daar is 'n speelsheid van Engelse spitsvondigheid in die lirieke, met 'n spatsel van die absurde ingeweef. Die musiek op die dubbellangspeler wissel van folk, country, Velvet Underground en Tom Verlaine invloede, tot elektronies verwerkse knipsels uit toesprake, brabbels en monoloë.

Leier Gerald Langley en sy 11 mede-passasiers is nie geïntereseerd in kommersiële sukses nie. Tog is die plaat heerlik toeganklik en goedkoper as 'n vliegtuigkaartjie. Ook net, omdat dit net op ingevoerde kopie beskikbaar is.

**BIGGER THAN JESUS - KALAHARI SURFERS (8)**
Die titel kom van John Lennon se berugte uitspraak dat die Beatles groter as Jesus was - of soos hy in 'n oorspronklike knipsel op die titelsnit verduidelik: "We meant more to kids than Jesus did ...or religion at that time."

Dit is jammer dat die Kalahari Surfers (Warrick Sony en 'n paar vriende) nie die blootstelling in Suid-Afrika sal kry wat hulle verdien nie. Veral nie met 'n noodtoestand wat heers nie.

Die lirieke gaan oor die magteloosheid van 'n jong witmens in 'n apartheidsamelewing, oor die geveinsheid van mense wat godsdiens vir hul eie doeleindes aanwend, oor die grafiese, bloedige geweld waarvan enigeen die slagoffer kan wees.

Soos The Blue Aeroplanes gebruik Sony ook snitte uit toesprake, filmklankbane en nuusprogramme.

In sy geheel is Bigger than Jesus meer genaakbaar as die Surfers se vorige langspelers. Tog is dit nie 'n maklike plaat in die Rick Astley-sin van die woord nie.

Snitte soos Plan for Peace, Bigger than Jesus, met hul country-fondamente, en Don't Get Fooled Again, die Who classic, se deure staan redelik oop. Die ander snitte kort 'n skouerstamp of wat, maar as jy eers in hulle is, is daar geen uitweg nie.

Een van die beste Suid-Afrikaanse plate in 'n lang tyd. Net jammer 'n profeet word nie altyd in sy eie land geëer nie.


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat & Son — Simba Morri
Dins, Woens & Don — Simba Morri
Tel: 836-6002/838-1769


## Jennifer, Pantsulas môre by die Mews

JENNIFER FERGUSON volg haar optredes by die Market Warehouse op met 'n vertoning by die Rosebank Mews môreoggend om 10:30. Die township Pantsula-jive groep, the Initiators Dance Group - wat onlangs by die Pot-Pourri fees opgetree het - sal ook daar wees sowel as Dain Peters en Rudiger Meyer wat alles van Ravel, Brubeck en Schubert opvoer met klarinet, saksofoon en klavier.

Die Pantsula-groep sal ná die vertoning 'n kort werkswinkel hou vir mense wat meer wil weet van dié Jive se komplekse passies.

Die opvoerings is gereël deur die 1820 Stigting wat ook die Grahamstadse Kunstefees organiseer. Daar is geen toegangsfooi nie.



ELSABE ZIETSMAN vertolk in Man to Man die rol van 'n jong Duitse vrou wat tydens die groot depressie van 1940 haarself as 'n man vermom, haar vervreemde man se identiteit oorneem en as 'n nagwag werk. Die stuk, geskryf deur die Duitse dramaturg Manfred Karge en geregisseer deur Maralin Vanrenen, is gegrond op die ware verhaal van Ella Gericke wat vir 12 jaar as man gewerk het voordat die belastinginspekteurs haar ontdek het. Dit het gister by die Upstairs Markteater geopen.


Shifty Records

*Maak dadelik gebruik van ons sukkel-vrye posbestel-stelsel — g'n parkeer-probleme — g'n inaseming van giftige gasse — g'n ongepoetste kassiere — stuur net die vorm en die geld om die beste in ware Suid-Afrikaanse musiek teen redelike pryse te kry. 'n Volledige katalogus is beskikbaar. Alle pryse sluit posgeld en verpakking in.*




THE KÊRELS EK SÊ
R18 SLEGS PLAAT




MR MAC & THE GENUINES
R18 PLAAT & KASSET



VOËLVRY
R18 PLAAT & KASSET



TANANAS
R18 PLAAT & KASSET

LOW BUDGIE




DIE LOW-BUDGIE KASSET-REEKS — TOP KWALITEIT KASSETTE IN 'N BESPARINGSVERPAKKING — 'N KEUSE UIT HAPPY SHIPS / SOFTIES / CHERRY-FACED LURCHERS / KOOS / ISJA / WASAMATA / ABSTRACTIONS / CORPORAL PUNISHMENT / FORCES FAVOURITES & A NAARTJIE IN OUR SOSATIE VIR 'N SKRALE R10 ELK.

Shifty Records Bestelvorm — VW

Naam ..........
Adres ..........
.......... Kode ..........
Telefoon ..........
Pos aan: Posbus 27513 Bertsham 2013

Stuur asb die volgende:
1 ..........
2 ..........
3 ..........
4 ..........
5 ..........

Ek sluit R .......... in. NOTA: Slegs tjeks en posorders wat uitgemaak is aan SHIFTY RECORDS sal aanvaar word.

# Ons land moes Shakespeare laat lag het



Spokie in die arms van 'n goedige diktator: Andre Odendaal as Ariel en Louis van Niekerk as Prospero

**Toneel: Die Storm**
**Met Louis van Niekerk, Peter SePuma, Susan Coetzer, Andre Odendaal, Owen de Jager, Jannie Gildenhuys, Hannes Muller, Marcel van Heerden en ander.**
**In die Drama, Staatsteater, Pretoria.**

ANDREA VINASSA

SHAKESPEARE het 'n draai kom maak in die hede, so bietjie rondgedwaal in die doolhowe van die Parlementsgebou, gaan kuier in 'n sjebeen in Soweto, gaan rondsnuffel in die Uniegebou en 'n paar koppies koffie in 'n middelklas voorstad gaan drink. Hy het baie gelag terwyl hy die huidige politieke en sosiale stemming van Suid-Afrika beskryf het.

Oftewel, dis hoe Dieter Reible se Afrikaanse vertaling van The Tempest daar uitsien.

Deur middel van 'n eiesoortige interpretasie en slim rolverdeling omskep Reible Die Storm in 'n donker, komiese allegorie vir ons tyd: daar is min hoop op hierdie eiland wat verwyder is van die Europese beskawing... die stukkies onskuld wat nog oorbly is so broos dat 'n mens min daarmee kan uitvoer.

Die produksie-ontwerp - Reible het sy spelers getooi in 'n kombinasie van Rennaissance Italiaans en Elisabethaans wat 'n lelike klap van die kitsch sestigs weg het - verwyder enige sweem van romantiek wat 'n mens dalk mag verwag.

Die regisseur het vir Peter SePuma die rol gegee van Caliban - in alle ander produksies van The Tempest is hy die nare, afskuwelike monster - maar dié keer is hy 'n gewone swartman, nogal naïef, veral wat betref die motiewe van die mense wat sy eiland kom koloniseer het, en nogal aantreklik ook. Hy is onskuldig, maar 'n totale dwaas omdat hy hom so maklik laat onderdruk.

Dit is veral in die verhoudings van Prospero, die skipbreukelinge en Miranda waar die aard van rasse-vooroordeel en die dubbelsinnigheid van die meester-slaaf-verhouding uitgewys word.

Prospero, "die wyse ou towenaar" wat Shakespeare geskep het, word gespeel as 'n goedige diktator, 'n soort ou Nat wie se geskiedenis hom ingehaal het. Hy is op pad uit en hy weet dit, maar is traag om sy mag te laat vaar. Prospero se venynige magsug strek van sy hebsug teenoor sy dogter Miranda, tot sy paternalisme teenoor Caliban en sy behoefte aan wraak op sy vyande van Milaan.

Die sêgoed van rassisme met 'n "mooi gesig" - hoe bekend is woorde soos "ons (witmense) gee vir hulle alles, en hulle brand dit net af" nie? - duik oral op.

Prospero se verhouding met sy lojale handlanger Ariel (sy anima?) is veral fassinerend en spreek van 'n emosionele en serebrale kompleksiteit wat politieke analiseerders meestal ontwyk.

Reible se visie is verbasend konsekwent, selfs aan die einde waar Ariel sy meester verlaat en Prospero se verlatenheid ontroer, en hy die siniese analogie deurvoer tot 'n kitsch troue op die maat van 'n onbenullige wals van Strauss.

Daarby is Reible 'n meester van teatraliteit en toor hy met sy spelers, wat elk deurdagte en verrassende spel lewer.

Die Storm is tot 17 Junie in die Drama en daarna van 24 Junie in die Alexander in Johannesburg.



**PIERRE VAN DER WESTHUIZEN se uitstalling van reliëfwerke by die Gallery on the Market open môre om 19h00 en hang tot 27 Junie.**

**Pierre weef sy lewenservarings (hy het 'n geboorte in Vereeniging, Matriek in Messina en die Rhodesiese bosoorlog oorleef), in 'n sisteem van persoonlike simbole wat die linosnee as medium nuwe lewe gee.**

**Hy versoen sy eie tipe aardse Afrika en Klassieke mitologiese beelde in dinamiese, dubbelsinnige komposisies wat terselftertyd dekoratief en skokkend kan wees.**

**Pierre het in 1988 die Standard Bank prys as Unisa se mees uitstaande finale jaar student gewen. Hy het ook in daardie jaar die Silwer-toekenning by die Rolfes Impressions '88 in Durban ontvang.**

**Sy allegoriese, fabelagtige werke het al op talle groeps- en eenmanuitstallings, onder meer by die SAKV en die Volkskas Atelier (Pretoria). Sy solo-tentoonstelling by die Potchefstroomse museum vroeër vanjaar het groot opspraak verwek. Sy werk is ook op openbare versamelings in Wes-Duitsland en Italië ten toon gestel.**

**Pierre was die eerste kunstenaar in Suid-Afrika wat linosneë op 'n etspers begin druk het.**

# Oscar Wilde se wilde lewe

KAARTJIES vir Pieter-Dirk Uys se Just Like Home en Pieter Toerien se produksie van Trinity of Two by die Grahamstadse Kunstefees verkoop soos vetkoek by 'n kerkbasaar. Van die opvoerings is reeds byna vol bespreek.

Volgens die organiseerders is dié twee stukke die gewildste inskrywings op die hoofstroomprogram. Johannesburgers wat hulle nie aan die waansin van 'n Grahamstadse winter wil onderwerp nie, kan Trinity of Two by die Leonard Rayne-teater gaan kyk. Neville Thomas speel Edward Carson en Michael Atkinson speel Oscar Wilde in die stuk wat handel oor die flambojante Wilde se wilde lewe en die daaropvolgende verhore. Carson, wat ondanks sy gebrek aan 'n humorsin, een van Engeland se voorste prokureurs was, het vir Wilde in die hof verdedig. Maralin Vanrenen is die regisseur.


TRUK TONEEL

**CHRISTINE**
*met Cobus Rossouw en Sandra Prinsloo*
*Momentum, Staatsteater Pta*
*26 Mei – 17 Junie*

**THE LITTLE FOXES**
*deur Lillian Hellman*
*regie: Terrence Shank*
*met Dorothy-Ann Gould, Jacqui Singer & Sean Taylor*
*Alexander-Teater, Braamfontein*
*23 Mei – 17 Junie*

**DIE STORM**
*(The Tempest)*
*deur William Shakespeare*
*regie: Dieter Reible*
*met Louis van Niekerk, Peter Se-Puma*
*Drama, Staatsteater Pta*
*24 Mei – 17 Junie*
Bespreek by Computicket


# Lawrence of Arabia - soos dit moes gewees het

Andrea Vinassa

DIT raak deesdae mode vir regisseurs om hulle vroeë prente te laat herleef... soos hulle dit in die eerste plek, sonder inmenging van groot rolprentbase, sou gemaak het.

Die Duitse regisseur Fritz Lang se futuristiese prent uit die dertigerjare, Metropolis, en die Franse regisseur Abel Ganz se klassieke Napoleon Bonaparte is twee hoogs geslaagde voorbeelde.

Noudat David Lean nie meer 'n regisseur sonder invloed is nie en nie meer na die rolprentbase hoef te luister nie, het hy gekom met 'n opgeknapte weergawe van sy prent Lawrence of Arabia, uit 1962. Hy is deur die verspreiders gedwing om baie stukke uit die prent te sny om dit korter en meer kommersieel te maak. Die stukke het hy nou teruggesit.

Die prent het met sy eerste opening sewe Oscar-pryse gewen: vir beste prent, beste regisseur, beste ontwerp vir 'n kleurprent, beste musiek, beste kleurfotografie, beste redigering en beste klank. Robert Bolt, wat later ook The Mission geskryf het, het gesorg vir die draaiboek.

Peter O'Toole, Omar Sharif, Alec Guinness en Anthony Quinn is die hoofspelers in die epiese prent.

Rolprentmakers soos Martin Scorsese en Steven Spielberg het ingespring om vir Lean by te staan, asook Anne Coates, die oorspronklike redigeerder.

Die prent is tydens die onlangse Cannes Rolprentfees vertoon en word eersdaags ook plaaslik uitgereik... kompleet met Dolby-stereo.


Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns

ZONA

Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak

Grantlaan 64, Norwood.
Tel: (011) 728-4154




# Hoe lyk 'goeie' kombuise?

SOOS jy instap in die kombuis het daar 'n lae yskas aan die linkerkant gestaan. Die tannie het haar souse in die yskas gehou en die bokant as 'n werkvlak gebruik.

Haar souse was 'n openbaring: elke dag se oorskietsous is in 'n tupperware-bakkie gegooi en in die yskas gesit. Vroegaand maak sy haar "roast" voor die gaste begin opdaag, en dan begin sy wonder: Wat maak ek vanaand vir 'n sous?

Sy maak die tupperware-bakkies een na die ander oop en ruik daaraan. Dié een is nog goed, dié een ook, dié een is "af". Uit die "goeie" oorskietsouse slaan sy dan 'n "nuwe" sous aanmekaar, voeg 'n paar goeters by en gooi dit oor elke porsie vleis of vis in die bord.

Haar "kreatiewe kookkuns" was nie sonder meriete nie. Die souse was dikwels eetbaar. Sy het baie vars kruie gebruik en dit het dikwels die wa deur die drif gesleep.

Ek het geleer souse is meesal op 'n goeie aftreksel (boeljon) gebaseer. Van aftreksels het die tannie skaars geweet. Eendag het sy wel 'n "groente-aftreksel" van preiblare en ander groente-oorskiet gekook. Watter hogere "sous" sy daaruit saamgeslaan het, kan ek nie onthou nie.

(Jy kan geen goeie aftreksel uit gemors kook nie - "garbage in garbage out". En jy kan die meeste souse ook nie hou nie: hulle moet elke dag vars gemaak word.)

Die tannie het wonderlike teorieë oor kos gehad. Sy het die beste lamsnitte gekoop - klein fyn lamsvleisies van 'n amper baba-skaap. Maar sy het geglo die sagte vleisies moet "mature". Sy het dit onder 'n doekie bo-op die yskas gesit totdat dit 'n ander kleur begin kry, maar watter kleur noem ek nie. Nou was die vleis reg vir gaarmaak.

(Vleis wat wel verouder moet word, word net bo vriespunt in die yskas "gehang" - dit gee die ensieme tyd om stadig daarop in te werk sonder dat verrotting intree.)

Sy het goeie vars groente gekoop. Wanneer die eerste gaste opdaag word die groente gaargemaak. Die panne word van die vlam afgetrek en staan eenkant op die stoof. Elke keer as 'n bestelling inkom, word die panne herverhit. Aan die einde van die aand het die groente so gekrimp dat jy dit skaars kan sien.

En dan kon die tannie hoegenaamd nie organiseer nie. Daarom het sy elke middag so teen vyfuur histeries geraak. Mense het dikwels met hul vingers in hul ore gestaan. Die histerie het met tussenposes aangehou tot laataand. Die kalmte en selfvertroue van 'n georganiseerde mens het totaal by haar ontbreek.

Haar histerie het sy op haar gaste oorgedra - twee keer 'n week het sy 'n scene met een of ander gas gehad.

Haar organisasie was so swak dat van haar gaste op Nuwejaarsaand hul hoofgeregte na middernag gekry het. En sy het nie eens 'n spyskaart gehad nie: die mense moes eet wat hulle kry. (Ek het niks daarteen nie.)

Die tannie het haar werkers nie kos gegee nie. As jy van nege-uur in die oggend tot middernag op jou voete is, bewe jou hele lyf van die honger en moegheid. Sy het jou skeef aangekyk as jy 'n sny brood eet.

Hoewel sy met almal in die kombuis onsmaaklik was, was haar ergste woede teen swartmense gerig. Hierdie juweeltjie het oor haar lippe gerol: "Weet julle hoekom die Franse se kos so goed is? Dis omdat hulle net witmense in hul kombuise het."

Sy het nog 'n probleem gehad: sy kon nie proe nie. Sy het altyd ander mense geroep om te kom proe. Vir 'n kok is dit nogal 'n ernstige probleem.

**ETE EN DRINKE**



Dis geen wonder dat haar restaurant nie lank gehou het nie. Wat egter 'n wonder was, was die manier waarop die pers (vrouetydskrifte spesifiek) haar op die hande gedra het. Geen woord van kritiek nie, net oordrewe lof.

Neem alles wat jy in tydskrifte lees met 'n knippie sout. Leer proe, en besluit dan self oor restaurantkos. Laat jou tong jou lei, en nie die glitz van glanstydskrifte nie.

KOOS COETZEE

# Proe die edelvrot

BJ Lankwarden

ONS vergeet te dikwels van die aanloklike Edel Laatoes-wyne wat hier beskikbaar is, behalwe miskien tydens amptelike etes.

Dit moet dadelik verander! In ons land word 'n groot verskeidenheid van dié wyne gemaak, almal baie smaaklik en party wêreldklas.

Ons het die aand by die SA Wynproewersvereniging begin met 'n 1976 Chateau Lafon Sauternes. Dit was 'n goeie voorbeeld van 'n goedgemaakte wyn hoewel daar geen teken in die neus of die smaak was dat die druiwe waarvan die wyn gemaak is, deur edelvrot aangetas is nie.

Die tweede was 'n 1967 Chateau d'Yquem Sauternes.

Dié wyn was manjifiek, soos dit hoort. Met 'n helder ougoud kleur en 'n goeie, teruggetrokke ryk neus. Die smaak was ryk en sappig en die enigste beswaar is dat die bottel op sy piek was en nie nog 'n dekade sou hou nie. Deeglik die R900 per bottel werd, as dit beskikbaar is.

Volgende was vier plaaslike edel laatoes-wyne. Die eerste was die 1983 L'Ormarins Bukettraube Noble Late Harvest. Hierdie wyn het maklik gevolg op die grootse smaak van die vorige.

Die kleur is 'n goeie, skoon geel en die neus is baie aantreklik. Die soet smaak is aangenaam en aan te beveel.

Nederburg Edelkeur 1977. Die kleur is volbruin goud. Die neus is vol en ryk en die smaak indrukwekkend met 'n uitstekende blaans tussen suiker en suurheid. Die nasmaak hou lank.'n Baie goeie wyn.

Nederburg Paarl Edelkeur 1974. Goeie warm bruin goue kleur, aanloklike neus. Die smaak is letwat lig, maar ryk en elegant. 'n Wyn met klas.

1974 Johan Graue Edelkeur. Daar is nie baie bottels van hierdie Nederburg-wyn oor nie. Dis jammer.

Dié wyn het 'n baie donker bruin kleur en 'n neus wat duidelik die edelvrot in die druiwe wys. Die smaak is ongelooflik, 'n skoon en bytend, blommerig soet en selfvoldaan.

'n Mens sou dit kon verwar met 'n goeie Duitse Trockenbeerenauslese. 'n Wyn vol botritis.

Die sewende wyn was uit Hongarye, die 1973 Tokaji Aszu 5 Putts. Om die een of ander rede is hierdie wyne altyd 'n bietjie dof van kleur. Die neus was oud maar goed. Die smaak was ook goed, maar dalk was die kompetisie in hierdie afdeling net te sterk.

Nommer agt was Hattenheimer Nussbrunnen Riesling EISWEIN Beerenauslese 1978-Langwerth Von Simmern.

'n Eiswein word gemaak van druiwe wat geoes word terwyl hulle nog bevrore is. Hulle moet onder -8 grade Celcius wees wanneer hulle by die kelder uitkom. Die druiwe is dan nog so hard soos albasters, en wanneer hulle gepers word, kom net 'n bietjie sap uit, wat al die geur, suiker en sure bevat. Die wyn is moeilik om te maak en dus duur. 'n Bottel soos hierbo kos vandag heelwat meer as R600.

Die eerste wat opval is die heldergeel kleur - wat dui op 'n hoë suurgehalte. Die neus was goeie kruidagtige Riesling, met selfs blomme in die agtergrond. Die suur was hoog, maar die suiker het dit goed teengewerk. 'n Elegante, maar heeltemal te jong wyn. Proe dit oor tien jaar weer.

Daar is nie kans om al die wyne te bespreek nie, daarom noem ek laastens die 1937 KWV likeurwyn.

Dis ook iets skaars en dankie aan Charl Theron dat dit ingesluit is.

Dis waarskynlik die eerste edelkeur wat in Suid-Afrika geproduseer is: gemaak deur wyle prof Perold in 1937 en in 1938 gebottel.

Die wyn is gemaak van Chenin Blanc met 'n ongelooflike suiker van 333 g/l en 13% alkohol. Die eerste woord in my notaboek is "sjoe".

Wat 'n neus, wat 'n smaak, wat 'n sensasie! Daar was lieflike vrugte en 'n ongelooflike ou soet smaak van ou, ryk Chenin Blanc. Die ouderdom het die vloeistof natuurlik verbruin, maar dit het net die impak versterk. 'n Uitstaande wyn, en ek is nie skaam om te sê ek ken 20 uit 20 daaraan toe nie. Dit het in die afgelope drie jaar nie gebeur nie - en ek proe tot 2000 bottels per jaar.

Dit is baie moeilik om die oortreffende trap te vermy in die bespreking van so 'n proewery - dis die wyne se skuld.

Dis glad nie 'n slegte plan om na jou wynhandelaar te gaan en 'n bottel, of eerder 'n half-bottel edelkeur te kies en by 'n geleentheid met 'n vriend te deel nie.

# Is dit lemoensap?

'n RUKKIE gelede al het ek opgemerk dat mens nie meer suiwer lemoensap in kafees te koop kry nie, net 60 persent lemoensap.

Onlangs soek ek toe 90 persent lemoensap. Ek het na drie kafees gestap, maar die "lemoensap" wat hulle verkoop, bevat net 60 persent lemoensap.

Dit lyk nou of 90 persent lemoensap glad nie meer beskikbaar is nie. En suiwer lemoensap lankal nie meer nie.

Die volgende stap is seker "lemoensap" met 30 of 40 persent lemoensap daarin.

Dis 'n skreiende skande en ek wil die publiek vra om op te hou "lemoensap" drink.

Die mark is nou oorstroom met die allervieslikste produk denkbaar: 'n mengsel van lemoensap en melk, en ek weet nie watter kunsmatige gemors alles daarin is nie.

Kan die verskaffers van vrugtesap met moord wegkom?

KOOS COETZEE




HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960



THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER



ONTHOU
Koala Blu Restaurant
Is elke middag en aand oop
Tel: 726-1515
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië

# 'Mense kan maar kwaad word in die teater'

Melinda Shaw

OMSTREDENHEID is nie iets waarvoor die Kruik-regisseur Marthinus Basson wegskram nie. "Teater kan óf paai of konfronteer, en ek verkies om te konfronteer."

Dit doen hy dan ook weer in sy jongste produksie, Bartho Smit se Die Keiser, deur Nkosi Sikelel' iAfrika in die klankbaan te gebruik, ondanks protes uit sekere oorde.

Die Keiser is 'n hervertelling van die ou Hans Christian Anderson-sprokie "Die Keiser se nuwe klere" - van 'n ydele keiser wat vir hom 'n spoggerige pak klere laat maak, maar op die ou end kaal deur die strate loop. Bartho Smit se weergawe satiriseer die moderne Suid-Afrikaanse samelewing.

Marthinus is natuurlik die regisseur van produksies soos die gevierde Anatomie Titus Fall of Rome (waarvoor hy in 1987 onder meer die Fleur du Cap-toekenning vir beste regisseur gewen het) en Quartet (wat 'n jaar gelede na byna drie weke op die planke verbied is, toe weer ontbied is en uiteindelik op die Grahamstadse Kunstefees 'n groot treffer was).

As akteur was hy ook betrokke by die hoogs omstrede Piekniek by Dingaan wat verlede jaar gelei het tot die afdanking van Kruik se toneelhoof Johan Esterhuizen.

Ek het hom gevra waarom hy spesifiek Nkosi Sikelel' iAfrika vir die klankbaan van Die Keiser gekies het.

"Die stuk is voorgeskryf vir hoërskoolleerlinge, wat dus 'n ingeboude gehoor is, en 'n mens kry so min die kans om kinders te konfronteer met hierdie werklikhede. Die lied is 'n simbool wat almal herken en dit is emosioneel ontladend."

Hy vertel dat die skoolgehore voor wie die stuk opgevoer is, baie goed reageer het.

Dis glad nie heiligskennis om die vryheidslied in so 'n konteks te gebruik nie. Dit verheerlik nie (blanke) imperialisme nie, beduie Marthinus; dit verheerlik eerder die Keiser se verandering in 'n goeie leier vir sy mense. Mense wat van Nkosi Sikelel' iAfrika 'n onaantasbare simbool wil maak, is skuldig aan die soort nasionalisme (met 'n klein "n", benadruk Marthinus) wat verantwoordelik is vir 'n groot deel van die probleme in ons land.

## Geprys

Dit is die eerste keer dat Die Keiser in die Kaap opgevoer word hoewel die drama, toe dit in 1977 gepubliseer is, in literêre kringe geprys is as Smit se beste werk ooit. Maar 'n mens kan byna nie glo die stuk is al meer as 'n dekade oud wanneer jy so baie paralelle met die Suid-Afrika van 1989 herken nie.

Marthinus is nie te vinde vir die politieke statement nie.

"Wat my interesseer is die politiek van menswees, die politiek van geloof en die politiek van seks. Die menswees van politiek, die menswees van geloof en die menswees van seks. Die seks van menswees, die seks van politiek en die seks van geloof."

Die teater moet kyk na sisteme om ons, sê Marthinus. Hy glo die teater moet die groot debatlokaal wees en daarom kan mense gerus boos uitloop en nie saamstem met die visie wat hy op die planke vergestalt nie.

Marthinus kom nie uit 'n ouerhuis waar daar baie klem gelê is op kulturele dinge nie. Pa was 'n boer wat ure lank op sy lande kon staan en "net kyk na die grond en die diere". Al het sy pa se stil intuïtiewe manier van omgaan met sy boerdery hom as seun geweldig gefrustreer, glo Marthinus dat hy hierdie waardes tot 'n groot mate oorgeneem het in sy werk.

"Teater moet intuïtief wees, nie so didakties soos dit so maklik raak nie."

Ma, weer, was vreeslik lief vir naaldwerk en fyn borduurwerk. Van haar glo Marthinus, het hy sy beheptheid met détail geërf.

Maar dit is deur sy vriendskap met sy bruin speelmaat, Ghala Mentoor, met sy lewendige verbeelding, dat die wêreld van fantasie vir Marthinus oopgemaak is.

Hy vertel dat hy van kleins af graag pop gespeel het.

"Maar nie huis-huis nie, ek het vir hulle klere gemaak. Snaaks genoeg het my pa nie omgegee nie - dit was nogal hy wat vir my eerste Barbie Doll gekoop het toe ek so twaalf was."

En so, skerts hy, het hy Sondag na Sondag omgesit agter sy ma se Singer en die uitrustings genaai. Maar hy kon nooit lekker regkom met die bodices nie weens al die pylnate, so die poppe moes gewoonlik maar kaalbolyf regkom. Toe die dominee eendag kom huisbesoek aflê, het Ma Basson hom besorg gevra of dit nie sonde is dat Marthinus so op Sondae naaldwerk doen nie...

## Bach

Een van Marthinus se gunstelingskrywers is die Australiese Nobelpryswenner Patrick White - nie 'n onvanpaste keuse vir iemand wat gesteld is op detail nie. White, Michel Tournier en Jean Genet se werke lees hy oor en oor.

Hy hou van Bach maar nie van Bies nie. In sy platerak sal 'n mens ook Nina Hagen, Lauri Anderson, Klaus Noni en Tom Waits aantref.

Marthinus se volgende produksie is Heiner Muller se Macbeth, wat ook vanjaar se inskrywing vir die Grahamstadse Kunstefees is. En daarna weet hy nie. Maar hy sal graag nog eendag Anatomie Titus Transvaal toe wil neem.

Die Keiser se speelvak duur tot Saterdag 3 Junie in die Nico Malanteater.



Marthinus Basson



**When I Fall In Love, wat vandag begin wys, handel oor 'n tyd voor sinisme mode geraak het. Die verhaal is 'n kroniek van 'n 25 jaar lange verhouding tussen drie vriende - 'n beroepsvoetbalspeler (Dennis Quaid), sy vrou (Jessica Lange) en hul jong bewonderaar wat hom in die geskiedenis bekwaam (Donnie word gespeel deur Timothy Hutton). Dit begin in 1956 wanneer Gavin 'n belowende speler is en Babs 'n tradisionele "southern belle". Met die jare heen word Gavin swakker en moet Babs uiteindelik as broodwinner optree. Intussen vorder Donnie se loopbaan. Die hoogtepunt van regisseur Taylor Hackford se prent is 'n kollege-reünie waar die drie nostalgies terugkyk op die vriendskap.**


dié week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9nm
Woensdagmiddag: 3nm
MIDSUMMER NIGHT'S DREAM
onder regie van Fred Abrahamse
— Shakespeare se droomkomedie kry lewe

UPSTAIRS-TEATER
MAN TO MAN
met Elsabé Zietsman
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
Maan - Vry: 8.30nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
BIG BOYS
Regie deur Gerrit Schoonhoven

WAREHOUSE BY DIE MARK
LAKUTSHON' ILANGA
Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm

KIPPIES BY DIE MARK
Dins - Don: 8.30 (Ingangsfooi R6)
Vry - Son: 8.30nm (Ingangsfooi R8)
RUSH HOUR

MARKGALERYE
Groot Galery
Mike McCann - 'n huldeblyk
Foto's en skilderye
Klein Galery
'n Keur uit die galery se pakkamer
Angela Ferreira: Beeldhouwerk en sketse - In progress

REPITISIESAAL
QHEWUKANI MAGWALA
deur Doreen Mazibuko (8nm)

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm op die Mary Fitzgerald-plein



BREEK WEG UIT DIE GRYS STAD ... KOM SAAM OP 'N GROOT AVONTUUR



Kom roei op die bruisende Vaalrivier met
SONWA VENTURES
PRO RAFTING TOURS

Vul die vorm in om ons pragtige volkleur brosjure te ontvang:
Naam: ..........
Adres: ..........
..........
Telefoon: .......... Poskode: ..........
Of skakel (011) 726-7251/2

## MUSIEK

**Jameson's Bar**, Commissionerstraat: 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Jazz by die Saterdagmiddag-ete, geen toegangsgeld. Vrydag-, Saterdag- en Sondagaand: Simba Morri van Dinsdag tot Sondag.

**Koala Blu**, Melville. Jazz elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

**Roxy Rhythm Bar**, Mainstraat, Melville: Luidrugtige bierpens-studenteplek. Vanaand: Shifty Henry. Saterdag: The Jive. Maandag: Vinnie and the Viscounts. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: The Amazing Upsetters. Donderdag: Mike Faure.

### Luister na die boompie

**The Base**: Tarzan Jane and the Bonzai en Drake Street is Vrydag en Saterdagaand te sien. Sondagaand is Jazz Denn en Woensdagaand is Reggae.

**Villa Revue**: Workforce speel hier. Saterdagmiddae is daar 'n paar ernstige jazzsessies.

**Tatler's**, Silversands: Dinsdae tot Donderdae tree die groep Rumour op. Vrydae kan die liefhebbers van laserstrale, John Travolta en alles wat met disko te make het, die groep Collage gaan geniet en Saterdagaand is dit weer Rumour. Sondagaand is dit jazz met Jeff Weiner en Mainstream.

**Idols**, Loopstraat: Verskeie musieksmake kan, so lyk dit, hier bevredig word. Van acid house, funk en old soul tot die nuutste treffers word gespeel.

**Arties Cellar Pub**, Riebeeckstraat 34: Verskeie jazz-groepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

**The Junction**, h/v Bree- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave, beter as die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

**Kippies**, Mark-teater, Newtown: Township-jive se meer voorstedelike gelyke. Rush Hour.

**The Thunderdome**, h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf aan die tieners.

**Rumours**, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint".

**Late Nite Duke's**, Melville: Laatnag-alternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Rake's Wine Bar**, Ridgestraat 20, Parktown: Ou huis met groot tuin. Ligte etes op grondvloer, steak op boonste verdieping. Woensdag tot Vrydag: Martin Vee. Saterdag: Mike Anderson. Sondagmiddag: The Waldorf String Band.

**Idols**, bokant van Endstraat: Juppie-paradys! Lang toue van baie entoesiastiese jollers buite. Lede almal irriterend mooi.

**Capone's**, Louis Bothalaan 440: Restaurant met orkes. Dinsdag: Brynn. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Largèsse. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Tam Minter. Sondag: Largèsse.

**Club Status**, Fun Valley: Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce speel gereeld.

**Hard Rock Cafe**, Oxfordlaan 204, Illovo: Gewilde tiener-uithangplek. Middag- en aandete op die maat van bekende treffers, uitgevoer deur die groep Alzec op Woensdae en Sondae.

**King of Clubs**, h/v Mark- en Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

**Blues**, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering...

## TEATER

**Score me the Ages** (Tell me the Time), Laager, Markteater. 'n Tragiese komedie van die strate, deur Barney Simon.

**A Trinity of Two**, Leonard Rayne-teater, Doornfontein: Michael Atkinson en Neville Thomas speel in dié opvoering na die toneelstuk oor Oscar Wilde deur Ulick O' Connor.

**Beyond Reasonable Doubt**, André Huguenet-teater, Hillbrow: 'n Hofdrama gegrond op die bekende Jeffrey Archer-verhaal. Met Rex Garner, John Hussey en Vanessa Cooke.

**A Midsummer Night's Dream**, Hoofteater, Markteater, Newtown. Shakespeare kry lewe in dié komedie.

**Mango Groove** met Clare Johnston by die Markteater se Warehouse.

**One Moment in Time** met Alida White en Christene Weir by No 58 in Hillbrow. Huldeblyk aan die jare 70's volg in die nuwe vertoning genaamd Thank You for the Music. Ook met Alida White, Christine Weir en Miles Shannon.

By die Black Sun is **Nuf Enuff?** met Paul Savage, Clair Berlin en Sandy Schultz elke Woensdag- tot Sondagaand om 10.30 te sien. **Orgasmo Adulto Escapes from the Zoo** deur Dario Fo and Franca Rama word Dinsdae tot Sondae in die hoofteater om 8.30 opgevoer. Met Michele Maxwell and Amanda Strydom. **Stand Up**, Ian Fraser se oorsig van die kabarettoneel tussen 1985 en 1989, elke Woensdag-, Vrydag-, Saterdag- en Sondagaand om 9.15. Op 7 Junie, Woensdag, is **A Piece of Sky** te sien in die plek van Nuf Enuff? Dit is 'n musikale blyspel deur Michelle Hill en Van Schoombee. Elke Woensdag, Vrydag en Sondagaand om 10.30

**Man to Man** met Elsabé Zietsman by die Markteater se Upstairs.

Charles Dickens se **Hard Times** by Windybrow, Nuggetstraat, Doornfontein. Met verskeie bekende akteurs.

**Two Singers Khuluma**, Dalro, Windybrow: Jazz van twee wêrelde. Met Tsidii Leloko en Gina Masland.

### Kaapstad

Baxter-teater, Mainstraat: **Dinner at the Monkey House** deur Warrick Grier word by die Studio opgevoer. Dis 'n satiriese politieke komedie, oor vyf mense wat saam in 'n huis in 'n grys buurt intrek. In die Teater kan **Gulls** met Joyce Steward gesien word, tot 3 Junie. **"Buckingham Palace" - District Six** begin 19 Junie. Max Collie begin sy vertoning op 7 Junie in die Concert Hall. Stagedoor: **A Room with a Review.**

Nico Malan, Strandgebied: **Die Keiser**, 'n komedie deur Bartho Smit oor die kaal keiser wys in die Teater tot 3 Junie. Die stuk het die Perskorprys in 1979 gewen. In die Arena is **My Sister in this House** tot 3 Junie aan die gang. Met Diane Wilson, Fiona Coyne, Belinda Koning en Pauline O'Kelly. **From my Point of View** open 9 Junie. Met Bo Pietersen en Mark Hoeben.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: **Legends**, James Kirkwood se stoute komedie met Shelagh Holliday, Wilna Snyman en Shaleen Surtie Richards.

## GALERYE

**Les Art International**: Kunswerke van 20ste eeuse meesters.

**Goodman-galery**: Impressionistiese en Post-impressionistiese werke van die 19de en 20ste eeue.

**Johannesburgse Kunsmuseum**, Joubertpark, Kleinstraat: Vita Art Now uitstalling deur verskeie Suid Afrikaanse kunstenaars.

**Kim Sacks-galery**, Cavendishstraat, Bellevue: klere, krale- en handwerk uit Botswana. Kuns van die San, Herero en Mbukushu.

**Markteater-fotogalery**, Newtown: Huldeblyk aan fotograaf en kunstenaar Mike McCann. Beeldhouwerke en sketse deur Angela Ferreira.

**Galery 21**: Groepuitstalling, insluitende vyf werke van 'n private versameling van skilderye deur Maurice Van Essche.

**Cassirer-galery**, Mutualplein, Rosebank: Skilderye en tekeninge deur Nel Erasmus.

**Everard Read-galery**: Michael Petit stal uit.

**African Magic**: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

**Zona**. Naïewe Afrikakuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

### Kaapstad

**Baxter-kunsgalery**: Inner Life - kuns en handwerk deur verskeie kunstenaars. Groepsuitstalling van kuns en fotografie genaamd Hanover Street -oor Distrik Ses. Van 7 Junie.

**Gallery 709**, Adderleystraat: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart en andere. Beeldhouwerke deur Eduardo Villa.

**Cape Gallery**, Kerkstraat 60: Galeryversameling van onder andere Ruth Squibb, Nico Verboom en Douglas Treasure.

**Kunskamer**, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

**Artscene**, St Andrewslaan, Seepunt: Skilderye en tekeninge deur Abram de Clerq.

**Gallery International**, St Georges-sentrum: Works on Paper deur tien plaaslike kunstenaars.


NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 2 June - 8 June
OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
TEQUILA SUNRISE — An Erotic Thriller (2-18) Mel Gibson, Michelle Pfeiffer DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
VILLAGE 44-6096
1 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 TEQUILA SUNRISE — An Erotic Thriller (2-18) Mel Gibson, Michelle Pfeiffer DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 RAIN MAN — 4 Oscars including 'Best Picture' (2-18) Dustin Hoffman, Tom Cruise MON-SAT 6.00, 8.30
150 Crossing Delancey — A Heart-warming Comedy (A) Amy Irving, Peter Riegert MON-SAT 6.00, 8.30
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO THEATRES
HILLBROW METRO 724-2511
1 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 YOUNG GUNS — Charlie Sheen, Kiefer Sutherland (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 TEQUILA SUNRISE — Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
5 AMERICAN NINJA 3 — David Bradley, Steve James (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
6 THE ACCUSED — Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
7 CROSSING DELANCEY — Amy Irving, Peter Riegert (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NOW SHOWING 2 June - 8 June BOOK AT COMPUTICKET
BEDFORDVIEW METRO 616-5250
1 CLOSED FOR RENOVATIONS
2 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 YOUNG GUNS — Charlie Sheen, Kiefer Sutherland (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
5 DANGEROUS LIAISONS — Glenn Close, John Malkovich (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
6 TEQUILA SUNRISE — Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MARKET ST. METRO 29-8493
1 YOUNG GUNS — Charlie Sheen, Kiefer Sutherland (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HYDE PARK METRO 447-3091
1 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 TEQUILA SUNRISE — Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ALBERTON METRO 907-2362
1 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SAT 9.45 Kiddies Show
2 AMERICAN NINJA 3 — David Bradley, Steve James (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BALFOUR PARK METRO 887-8548
1 YOUNG GUNS — Charlie Sheen, Kiefer Sutherland (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RANDBURG METRO 787-0340
KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SAT 9.45 Kiddies Show
SHARE THEATRES 835-1704 BARAGWANATH ROAD
R2,50 ALL SHOWS AT SHAREWORLD ONLY
7 ARTS NORWOOD 728-1539
GOODBYE CHILDREN — A Film by Louis Malle (A) DAILY 2.15, 5.30, 7.45, 10.00
1 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEBA KLERKSDORP (018) 24564
1 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 YOUNG GUNS — Charlie Sheen, Kiefer Sutherland (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 HOUSE — William Katt, Kay Lenz (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
1 YOU CAN'T HURRY LOVE — Charles Grodin, Kristy McNichol (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 KINJITE — Charles Bronson, Perry Lopez (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 RED DAWN — Patrick Swayze (2-14) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
5 THE ACCUSED — Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
6 THE WHOOPEE BOYS — Michael O'Keefe (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 RAIN MAN — Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16) MON-SAT 6.00, 8.30
150 CROSSING DELANCEY — Amy Irving, Peter Riegert (A) MON-SAT 6.00, 8.30
7 AMERICAN NINJA 3 — David Bradley, Steve James (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
8 A CRY IN THE DARK — Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
1 RAIN MAN — Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16)
2 NAKED GUN — Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG) MON-SAT 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 THE ACCIDENTAL TOURIST — Geena Davis, William Hurt (A)
4 ROCKY IV — Sylvester Stallone (A) SUNDAY 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING Rosanna Arquette in THE BIG BLUE Drama (2-16)

Kaapstad
NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 2 June - 8 June
STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Crossing Delancey — A Heart-warming Comedy (A) Amy Irving, Peter Riegert DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 AMERICAN NINJA 3 BLOOD HUNT — Non-stop Action (A) David Bradley, Steve James DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
4 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
OSCAR Adderley St. 45-2585
My Sweet Little Village — "Don't Miss This" - The Argus (A) A Film by Jiri Menzel DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 Dangerous Liaisons — Winner - 3 Oscars (2-16) Glenn Close, John Malkovich PLUS THE RESCUE — Action/Adventure (A) Kevin Dillon MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
RONDEBOSCH METRO 685-4569
A Cry in The Dark — Drama (2-14) Meryl Streep, Sam Neill DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez PLUS You Can't Hurry Love — A Sexy Comedy (2-18) Charles Grodin, Kristy McNichol MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

## FILMS

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
* Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

MY STEPMOTHER IS AN ALIEN - Kim Basinger is 'n wese van die buitenste ruim (sy lyk soos 'n pragtige aardse meisie) en Dan Aykroyd 'n ruimtenavorser wat met haar trou en hopelik nie besluit om kinders te hê nie (hy ken dan nie eens haar familie nie).

CRIMINAL LAW - Word beskou as die riller van die seisoen. 'n Moordenaar loop los op straat rond en die advokaat wat vir sy vryheid geveg het, moet hom weer agter die tralies kry. Met Kevin Bacon, Gary Oldman en Tess Harper.

A CRY IN THE DARK - Meryl Streep is Lindy Chamberlain in hierdie Australiese drama oor 'n getroude paar wat slagoffers van die media word. Die gesin se babadogter word tydens 'n naweekkamp deur 'n dingo weggesleep en hulle word van moord op hulle kind aangekla. Sam Neill speel die rol van Michael Chamberlain. Meryl Streep is vir 'n Oscar in haar rol as Lindy benoem.

***YOUNG GUNS - 'n Nuwe generasie cowboys maak hul verskyning in Young Guns wat op die ware verhaal van Billy the Kid en sy bende desperados, The Regulators, gegrond is. Byna al die lede van die Hollywood Bratpack speel in die rolprent, en dit alleen behoort 'n ondervinding te wees.

***THINGS CHANGE - 'n Skoenpoetser genaamd Gino se lewe verander oornag toe hy 'n vriendelike boef Jerry ontmoet en deur hom vir 'n naweek in 'n duur hotel genooi word. Daar is natuurlik onderduimshede aan die gang, want die skoenpoetser moet tronk toe gaan en die boef moet sy aansien in die Mafia herstel. Met Don Ameche en Joe Montegna.

***THE NIGHT OF THE PENCILS - 'n Dramatiese prent oor Argentynse hoërskoolkinders wat in aanhouding sonder verhoor beland - onder 'n militêre regering. Gaan konfronteer jou nagmerries.

***MISSISSIPPI BURNING - Drie jong menseregte-aktiviste word gedurende die 'Freedom Summer' van 1964 in Neshoba Country deur verregses vermoor. William Dafoe speel die rol van die liberaal Ward wat die moordondersoek lei. Gene Hackman is Anderson, Ward se regterhand wat tradisionele sekuriteitstruuks gebruik om die Klan-lede wat die moord gepleeg het, vas te trek.

***DANGEROUS LIAISONS - 'n Briljante rolprent. Glenn Close, Michelle Pfeiffer en die sjarmante John Malkovich lewer uitstekende vertonings in die rolprent waarin seksuele speletjies tot tragedies lei.

***THE ACCIDENTAL TOURIST - 'n Romantiese komedie oor 'n man (William Hurt) wat 'n baie ongewone meisie (Geena Davis) ontmoet, en besef dat sy sy lewe drasties kan verander. Geena Davis het 'n Oscar vir haar spel losgeslaan en die fliek is ook aangewys as die rolprent van die jaar. Ook met Kathleen Turner.

***DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS - Steve Martin en Michael Caine speel die hoofrolle in dié histeriese komedie, losweg gegrond op die swart komedie Bedtime Story, oor twee maltrappe wat ontmoet en besef dat een dorp nie groot genoeg is vir twee skelms nie.

***RAINMAN - Dustin Hoffman en Tom Cruise vertolk die rolle van twee broers wat weer ontmoet ná hul pa se dood. Charlie (Cruise) wil uitvind hoekom hy net 'n motor en 'n klomp roosbome geërf het en wie die ander drie miljoen dollar ryker geword het.

**A TIME OF DESTINY - William Hurt op sy beste - as 'n geestelik versteurde ou wat besluit dat sy swaer (Timothy Hutton) verantwoordelik gehou moet word vir sy pa se dood. Hy maak dit sy persoonlike besigheid om die knaap se draadjie te knip, maar loop hom vas teen die krag van ware liefde.
Hutton is 'n verleentheid in die rol van die Amerikaanse, patriotiese soldaat met 'n hart van goud...

**THE FLY II gaan oor die man wat in 'n monsteragtige vlieg verander het in The Fly, se seun Martin. Hy raak

*Na bladsy 8*



Kevin Bacon en Gary Oldham in Criminal Law

## Die Afrikaanse weergawe van die filmgidse kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad


SK NOW SHOWING 2nd and 3rd JUNE 1989
**MOVIES**
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES
**CINEMAS** ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

### Maynard Mall Wynberg
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
CHRIS SARANSON • CATHERINE HICKS
**CHILD'S PLAY**
BEWARE – YOU'LL WISH IT WAS ONLY MAKE BELIEVE (2-18)

DAILY 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm
BE AFRAID – BE VERY AFRAID
**THE FLY II**
LIKE FATHER – LIKE SON (2-18)
★ SATURDAY at 9.45 am ONLY ★
LADY AND THE TRAMP

DAILY: 12.00, 5.15 and 10.15 pm
• DUSTIN HOFFMAN, TOM CRUISE •
**RAIN MAN**
Brilliant Drama 4 Academy winner (2-18)

DAILY: 9.45, 2.30 and 8 00 pm
GLEN CLOSE • MICHELLE PFEIFFER
**DANGEROUS LIAISONS**
Lust, Seduction, Revenge. A must see! (2 18)

DAILY 9 45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• LESLIE NIELSEN •
**THE NAKED GUN**
Laugh-a-minute comedy hit (2-10)

### Golden Acre
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.45, 12 00, 2.30, 5 30, 8 00, 10.15 pm
GARY OLDMAN • KEVIN BACON
**CRIMINAL LAW**
• Tense Suspense Thriller (2-18)

DAILY 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
DAN AYKROYD • KIM BASINGER
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN**
— WAY-OUT COMEDY ADVENTURE —
— OF COSMIC PROPORTIONS — (2-12)

DAILY 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
BE AFRAID – BE VERY AFRAID!
**THE FLY II**
LIKE FATHER — LIKE SON (2-18)

### Monte Carlo
FORESHORE, TEL. 25-3052
FRI. 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
MON-THURS. 10 30, 2 30, 5 30, 8 30 pm
TIMOTHY DALTON • ANTHONY EDWARDS
**HAWKS**
They found a funny way of looking at life ... just when they needed it most (2-18)

FRI. 10 30, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15 pm
SAT: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15 pm
MON-THURS: 10 30, 2 30, 5 30, 8 30 pm
GENE HACKMAN • WILLEM DAFOE
AN ALAN PARKER FILM
**MISSISSIPPI BURNING**
• If you only see one film this year ... see this one (2 18)

### Protea Claremont
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
MON-FRI 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT 9.45, 12.00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
GARY OLDMAN • KEVIN BACON
**CRIMINAL LAW**
Tense Suspense Thriller (2-18)

MON-FRI 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT 9.45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
DAN AYKROYD • KIM BASINGER
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN**
— WAY-OUT COMEDY ADVENTURE —
— OF COSMIC PROPORTIONS — (2-12)

MON-FRI. 10 30, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15 pm
SAT 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15 pm
GENE HACKMAN • WILLEM DAFOE
AN ALAN PARKER FILM
**MISSISSIPPI BURNING**
• If you only see one film this year ... see this one (2-18)
★ SATURDAY at 10 am ONLY ★
CANONBALL RUN 2

### Elite Sea Point
SEA POINT, TEL. 44-8941
FRI/SAT at 2 30 and 8 30 pm
MON-THURS at 2 30 and 8 30 pm
DON AMECHE • JOE MANTEGNA
**THINGS CHANGE**
Humorous & Tender "MAFIA FABLE" (All)

DAILY at 5 30 pm ONLY
**A MAN IN LOVE**
PETER COYOTE • JAMIE LEE CURTIS (2 18)
★ SATURDAY at 10.30 am ONLY ★
KARATE KID 2

### Constantia Rosebank
MAIN ROAD, TEL 686-6649
DAILY 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
TIMOTHY DALTON • ANTHONY EDWARDS
**HAWKS**
They found a funny way of looking at life ... just when they needed it most (2 18)

DAILY. 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8.00, 10 15 pm
• JUDY DAVIS •
**HIGH TIDE**
A GULLIAN ARMSTRONG FILM (2-14)

DAILY. 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
**IMAGINE — JOHN LENNON**
The man and his music (2-12)

### Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
FRI 2 00, 4.30 6 45, 9 00 pm
SAT 10 30, 2 00, 4 30 6 45, 9 00 pm
MON - THURS 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 pm
CHARLIE SHEEN • KIEFER SUTHERLAND
**YOUNG GUNS** Outdoor Action (All)

FRI. 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 pm
SAT: 11.00, 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 pm
MON - THURS 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 pm
TIMOTHY DALTON • ANTHONY EDWARDS
**HAWKS**
They found a funny way of looking at life just when they needed it most (2-18)

FRI 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 pm
SAT 10 30, 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 pm
MON - THURS. 2 00, 4 30 6 45, 9 00 pm
**IMAGINE – JOHN LENNON**
• The man and his music (2-12)

DAILY. 2 00, 4 30, 7 00, 9 30 pm
GENE HACKMAN • WILLEM DAFOE
AN ALAN PARKER FILM
**MISSISSIPPI BURNING**
• If you only see one film this year see this one (2-18)
★ SATURDAY at 10 am ONLY ★
CACTUS JACK

### Tyger Valley
Tyger Valley Centre, Bellville Tel 97-6710
DAILY 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm
GARY OLDMAN • KEVIN BACON
**CRIMINAL LAW**
Tense Suspense Thriller (2-18)

DAILY: 9.45, 12 00, 2 30, 5 30, 8.00, 10 15
DAN AYKROYD • KIM BASINGER
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN**
— WAY OUT COMEDY ADVENTURE —
— OF COSMIC PROPORTIONS — (2 12)

DAILY 9 45, 12 00 and 2 30 pm only
BETTE MIDLER • BARBARA HERSHEY
**FOREVER FRIENDS**

DAILY: 5.15, 7 45 and 10.15 pm only
GENE HACKMAN • WILLEM DAFOE
AN ALAN PARKER FILM
**MISSISSIPPI BURNING**
• If you only see one film this year see this one (2-18)
★ SATURDAY at 9 45 am ONLY ★
LADY AND THE TRAMP

DAILY. 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• MERYL STREEP •
**A CRY IN THE DARK**
Gripping and powerful emotional drama (2-14)

### Somerset West
TEL. (024) 2-5581
FRI 2 15, 4 30, 6 45 9 00 pm
SAT: 4 30, 6.45, 9 00 pm
MON-THURS 2 30, 5 30, 8 00 pm
GEENA DAVIS – OSCAR WINNER 'BEST SUPPORTING ACTRESS'
WILLIAM HURT, KATHLEEN TURNER
**ACCIDENTAL TOURIST**
Drama (All)
★ SAT at 11 am and 2.15 pm only ★
CAREBEARS ADVENTURES IN WONDERLAND

FRI 2 00, 4 30, 7 00, 9.15 pm
SAT 10 30 2 00, 4 30, 7 00, 9 15 pm
MON-THURS 3 00, 6 00 9 30 pm
• LESLIE NIELSEN •
**THE NAKED GUN**
Laugh a-minute comedy hit (2-10)

### Kine Parow
Sanlam Centre, Parow Tel. 92 5126
FRI: 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT: 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
MON-THURS 10.30, 2 30, 5 30, 8 30 pm
CHRIS SARANDON • CATHERINE HICKS
**CHILD'S PLAY**
BEWARE – YOU'LL WISH IT WAS ONLY MAKE BELIEVE (2-18)

FRI 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
MON-THURS. 10 30, 2 30, 5 30, 8 30
BE AFRAID – BE VERY AFRAID!
**THE FLY II**
LIKE FATHER — LIKE SON (2-18)
★ SATURDAY at 9.45 am ★
GREAT MOUSE DETECTIVE

### DRIVE-INS
★ NIGHTLY AT 7.30 pm ★
R9,50 per Car, Combi or L.D.V. for 2 Films

**Goodwood - Tel 54-4339**
TEQUILA SUNRISE — Dangerous mix! Powerful action (2-18)
BEETLE JUICE — MICHAEL KEATON Comedy (All)

**Seabreeze - Tel 701-3309**
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN — DAN AYKROYD, KIM BASSINGER Komedy. (2-12)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS — Michael Caine, Steve Martin Con-comedy (All)

**Skyvue - Tel 903-5130**
THE RESCUE — KEVIN DILLION Action and adventure (All)
DEADLY PURSUIT — Tom Berenger, Sidney Poitier (All)

• ADGRAPHICS •



SK STER-KINEKOR
2 – 8 JUNE
ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET
ENQUIRIES (011) 331-9991 – ALL WELCOME

**MOVIES**

PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

## CENTRAL

### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HAWKS (2-18) — A TOUCHING COMEDY/DRAMA STARRING TIMOTHY DALTON & ANTHONY EDWARDS!
CHILD'S PLAY (2-18) — TENSION AND TERROR! A NOT-TO-BE-MISSED THRILLER!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
CRIMINAL LAW (2-18)
THE FLY 2 (2-18)
THE RESCUE (A)
TWINS (A)
Daily 10.00, 12.20, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
Daily 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
FOREVER FRIENDS (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 15 June – TAP; 16 June – LICENCE TO KILL
NB: UNDERCOVER PARKING AVAILABLE AT THE FRONT ENTRANCE TO KINE CENTRE

**movie Scene** — South Africa's only movie magazine! Available now at a cinema near you!

### STER CITY 1-8 337-3033
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 pm
YOUNG GUNS (2-18) — KIEFER SUTHERLAND, CHARLIE SHEEN, EMILIO ESTEVEZ, LOU DIAMOND PHILIPS!
TEQUILA SUNRISE (2-18) — MEL GIBSON KURT RUSSEL, MICHELLE PFEIFFER IN THIS ACTION SUSPENSE DRAMA!
A CRY IN THE DARK (2-14) — MERYL STREEP IN A REAL-LIFE DRAMA IN THE AUSTRALIAN OUTBACK!
DANGEROUS LIAISONS (2-16) — STARRING GLENN CLOSE AND MICHELLE PFEIFFER!
WORKING GIRLS (2-16)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
THE ACCUSED (2-18)
Daily: 10.00, 12 20, 2.30, 5.20, 8 00, 10.30 pm
RAINMAN (2-16)

### KINE HILLBROW 1-3 725-3134
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS! WITH KIM BASINGER!
THE FLY 2 (2-18) — Be afraid! Be very afraid!
Daily 10 00, 12 20, 2 30, 5 20, 8 00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 16 June – LICENCE TO KILL; 23 June – SING

## NORTH

### SANDTON CITY 1-7 783-4430/1
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 pm
HAWKS (2-18) — A TOUCHING COMEDY/DRAMA STARRING TIMOTHY DALTON & ANTHONY EDWARDS!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN! (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS! WITH KIM BASINGER!
CRIMINAL LAW (2-18)
THE FLY 2 (2-18)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
Daily 10.00, 12.20, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
THE GREAT MOUSE DETECTIVE (A) — JOIN IN THE FUN AND ADVENTURE!
Daily 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
FOREVER FRIENDS (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 15 June – TAP; 16 June – LICENCE TO KILL

### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Mon-Thurs 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
A CRY IN THE DARK (2-14) — MERYL STREEP IN A REAL-LIFE DRAMA IN THE AUSTRALIAN OUTBACK!
Daily 10 00, 2 30, 7.45 pm
WORKING GIRL (2-16)
Mon-Thurs 12.15 5.30 pm
Fri-Sat 12 15, 5-30, 10 00 pm
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
COMING ATTRACTION: 16 June – LICENCE TO KILL

### CRESTA RANDBURG 476-3802
Daily 10 00 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS!
CHILD'S PLAY (2-16) — TENSION AND TERROR! A NOT-TO-BE-MISSED THRILLER!
TEQUILA SUNRISE (2-18)
COMING ATTRACTION: 9 June – BAT 21; 16 June – LICENCE TO KILL; 23 June – SING

### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daily 10.00, 12 20, 2 30, 5 20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18) — THE SHOCK FILM OF 1989!
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
FLIGHT OF THE NAVIGATOR (A)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
CRIMINAL LAW (2-18)
Sat 10 June 10 00 am, 12 15 pm
CARAVAN OF COURAGE (A)
COMING ATTRACTION: 15 June – TAP

## EAST

### EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daily: 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
CHILD'S PLAY (2-18) — TENSION AND TERROR! NOT-TO-BE-MISSED THRILLER!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN! (2-12) — A COMEDIE OF COSMIC PROPORTIONS! WITH KIM BASINGER!
THE FLY 2 (2-18)
CRIMINAL LAW (2-18)
Daily: 10.00, 12.20, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
Daily: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
FOREVER FRIENDS (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 15 June – TAP; 16 June – LICENCE TO KILL

### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Mon-Thurs 10 00 12 15, 2.30, 5.30, 7 45 pm
Fri-Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
YOUNG GUNS (2-18) — KEIFER SUTHERLAND, EMELIO ESTEVEZ, LOU DIAMOND PHILIPS, CHARLIE SHEEN
THE RESCUE (A)
COMING ATTRACTIONS: 16 June – LICENCE TO KILL

### CONSTANTIA BENONI 422-3305
Mon-Thurs 12 15, 2.30, 5.30, 7 45 pm
Fri: 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
CARAVAN OF COURAGE (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 16 June – LICENCE TO KILL

### 350 BOKSBURG 52-4631
Mon-Thurs 12 15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
Sat 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
YOUNG GUNS (2-21) — ACTION AND ADVENTURE WITH KEIFER SUTHERLAND & CHARLIE SHEEN!
COMING ATTRACTION: 30 June – OLIVER & CO

### PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223
Mon-Thurs 10 00 12 15, 2 30, 5.30, 7 45 pm
Fri Sat 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
CRIMINAL LAW (2-18) — A TENSE PSYCHOLOGICAL THRILLER!
THE FLY 2 (2-18) — Be afraid! Be very afraid!
Sat 3 June 10 00 am 12 15 pm
MIAMI SUPER COPS (A)
COMING ATTRACTION: 23 June – SING

### POTCH
### KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daily 10 00, 12 20 2.30, 5 20 8.00, 10 30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18) — THE SHOCK FILM OF 1989!
Daily 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
TEQUILA SUNRISE (2-18)
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
THE DARK CRYSTAL (A)
WHITE MISCHIEF (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 16 June – LICENCE TO KILL; 23 June – POLICE ACADEMY 6

## WEST

### WESTGATE 1-3 764-2530
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS!
CRIMINAL LAW (2-18) — A TENSE PSYCHOLOGICAL THRILLER WITH KEVIN BACON & GARY OLDHAM!
Daily 10.00, 12.15, 2.30 pm
THE RESCUE (A)
Daily 5.30, 8.00, 10.15 pm
FOREVER FRIENDS (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 16 June – LICENCE TO KILL

### KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daily 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
CHILD'S PLAY (2-16) — TENSION AND TERROR!
YOUNG GUNS (2-18)
COMING ATTRACTION: 16 June – LICENCE TO KILL

### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Tickets: Adults R5.00, Scholars R3.50
Daily 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS!
THE FLY 2 (2-18) — BE AFRAID! BE VERY AFRAID
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
FIRE WALKER (A)
Daily 10.00 2.30 5.45, 8 00 pm
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21) — BACK BY PUBLIC DEMAND
Daily 10 00, 12 20, 2 30, 5.20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
Daily 10 00, 12.15, 2.30 pm
THE RESCUE (A)
Daily 5 30, 8.00, 10 30 pm
RAINMAN (2-16)
COMING ATTRACTION: 16 June – TAP

### KINE KRUGERSDORP 665-5330
Mon-Thurs 12 15, 2 30, 5 30, 7.45 pm
Fri. 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
THE EMISSARY (2-14)
Sat 3 June 10 00 am 12 15 pm
FLIGHT OF THE NAVIGATOR (A)
A CRY IN THE DARK (2-14)
COMING ATTRACTION: 16 June – LICENCE TO KILL

### VAAL
### RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Mon Thurs: 10 00 12 15, 2.30, 5 30 7 45 pm
Fri-Sat 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS!
CRIMINAL LAW (2-18)
COMING ATTRACTION: 16 June – LICENCE TO KILL

### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
THE FLY 2 (2-18)
Sat 3 June 10 00 am, 12 15 pm
LIKE FATHER LIKE SON (A)
COMING ATTRACTION: 16 June – LICENCE TO KILL

## PRETORIA

### STERLAND 1-8 341-7568/9
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
CHILD'S PLAY (2-18) — TENSION & TERROR! NOT-TO-BE-MISSED THRILLER!
HAWKS (2-18) — A TOUCHING COMDEY/DRAMA STARRING TIMOTHY DALTON & ANTHONY EDWARDS
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS! WITH KIM BASSINGER!
THE FLY 2 (2-18)
THE RESCUE (A)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
TWINS (A)
Daily 10.00, 12.20, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 16 June – LICENCE TO KILL; 23 June – SING

### SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daily 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
CRIMINAL LAW (2-18) — A TENSE PSYCHOLOGICAL THRILLER STARRING KEVIN BACON!
BABETTE'S FEAST (A)
Daily 9 45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
FOREVER FRIENDS (A)
COMING ATTRACTIONS: 9 June – BAT 21; 15 June – TAP

### TRANSVALIA 26-8387
Mon-Thurs. 12 15, 5 30 pm
Fri-Sat 12 15, 5.30, 10.30 pm
THINGS CHANGE (A)
Daily: 2.30 8 00 pm
RAINMAN (2-16)

### VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Mon-Thurs 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45 pm
Fri-Sat 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 pm
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — A COMEDY OF COSMIC PROPORTIONS!
YOUNG GUNS (2-18)
COMING ATTRACTIONS: 16 June – LICENCE TO KILL; 23 June – SING

### ICE-RINK 44-5253
PUBLIC SKATING
MONDAYS – SATURDAYS
1st Session: 10 00-12.30 pm
2nd Session. 2 00-5.00 pm
Sun. 2.00-5 00 pm – 7.30-10 30 pm

### Sun City Theatres 014651-21174
NOW SHOWING
OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: TEQUILA SURPRISE (2-18); BAT 21 (2-18)
CINE 1: PRETTY PEACHES (Adult); COVER GIRL (Adult); THE BLONDE NEXT DOOR (Adult)
CINE 2: SWINGING PARTIES (Adult); MY NIGHTS WITH MESSALINA (Adult); KINKY LADIES OF BOURBON ST (Adult)

SK THE MECCA OF QUALITY FILMS
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: TAP; PATHFINDER; OLIVER & CO; DEAD RINGERS

### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daily 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — HAWKS (2-18)
Daily 9 45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 — FOREVER FRIENDS (A)
Daily 10.00, 12.20, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 pm — MISSISSIPPI BURNING (2-18)
Daily 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — RIKKY & PETE (2-16)
Daily 10.00, 12 15 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — NIGHT OF THE PENCILS (2-18)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — THE ACCIDENTAL TOURIST (A)

### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — THINGS CHANGE (A)
Daily 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 pm — DANGEROUS LIAISONS (2-16)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

SK STER-KINEKOR 2 June – 8 June DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT
ONLY R10,00 PER CAR, KOMBI OR L.D.V. FOR 2 SHOWS
Films change on FRIDAYS. Gates and cafeteria open 6.00 p.m. Shows start at 7 00 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843

### CITY and COUNTRY

**TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877**
THE 'WOMAN IN RED' KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
9 June: AMERICAN NINJA 3/MESSENGER OF DEATH

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
BE AFRAID – BE VERY AFRAID! IT'S S-C-A-R-Y! BRING THE DOLL, SHE'S GOTTA HOLD YOU TIGHT!
THE FLY 2 (2-18)
THE EMISSARY (2-14)
9 June: RAINMAN/ACCUSED

**VEREENIGING 816-1444/12-3211**
SIGOURNEY WEAVER, MELANIE GRIFFITH! WITH THE SONG 'LET THE RIVER RUN'!
WORKING GIRL (2-16)
THE BIG BLUE (2-18)
9 June: MISSISSIPPI BURNING/THE EMMISARY

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
BREAKING ALL BOX OFFICE RECORDS! WITH DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER!
TWINS (A)
GREAT OUTDOORS (A)
9 June: RAINMAN/POSITIVE ID

**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117**
SUPER ACTION PACKED EXCITING ADVENTURE DOUBLE!
PLATOON LEADER (2-18)
MESSENGER OF DEATH (2-18)
9 June: COCOON 2/EMISSARY

### JOHANNESBURG NORTH and WEST RAND

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
A TIME OF VIOLENCE, RAGE, HATRED! THE SHOCK FILM!
MISSISSIPPI BURNING (2-18)
MARRIED TO THE MOB (2 18)
9 June: FOREVER FRIENDS/GORILLAS IN THE MIST

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963**
TOM CRUISE! WITH THE BEACH BOYS HIT 'KOKOMO'! PLUS CLINT EASTWOOD IN THE 2ND SHOW!
COCKTAIL (2-18)
DEAD POOL (2-18)
9 June: FLY 2/DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2488**
SIX REASONS WHY THE WEST WAS WILD! SUPER ACTION DOUBLE!
YOUNG GUNS (2-18)
MY AFRICAN ADVENTURE (A)
9 June: FLY 2/NIKITA

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
DANGER MIXES WITH DESIRE! MEL GIBSON IN THE SEXY SIZZLER!
TEQUILA SUNRISE (2-18)
DEAD POOL (2-18)
9 June: KINJITE/801 WITH A BULLET

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
DANGER MIXES WITH DESIRE! MEL GIBSON IN THE SEXY SIZZLER!
TEQUILA SUNRISE (2-18)
FRANTIC (2-18)
9 June: AMERICAN NINJA 3/PLATOON LEADER

### EAST RAND

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
THE DEVIL AND THE SONG (A)
9 June: TEQUILA SUNRISE/FUNNY FARM

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
MERYL STREEP IN THE TRUE AND SHOCKING STORY OF THE BABY & THE DINGO!
A CRY IN THE DARK (2-14)
BRADDOCK – MISSING IN ACTION 3 (2-18)
9 June: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/EMISSARY

**BRAKPAN 816-1444/918-3907**
BE AFRAID! BE VERY AFRAID! IF YOU HAVE A WEAK HEART OR NERVES – DON'T SEE THIS MOVIE!
THE FLY 2 (2 18)
THE EMISSARY (2 14)
9 June: MISSISSIPPI BURNING/DIE HARD

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4130**
SIX REASONS WHY THE WEST WAS WILD!
YOUNG GUNS (2 18)
PLATOON LEADER (2-18)
9 June: MY STEPMOTHER IS AN ALIEN/DEVIL & THE SONG

**NIGEL 816-1444/739-4616**
IN THE LAND OF BEAUTY WONDER & DANGER! THE TRUE STORY OF DIAN FOSSEY!
GORILLAS IN THE MIST (A)
CADDYSHACK 2 (A)
9 June: TEQUILA SUNRISE/FRANTIC

### JOHANNESBURG SOUTH

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
IT'S CHILLING BUT THRILLING!
CHILD'S PLAY (2-18) — PLUS THE STORY OF A WOMAN RAPED
THE ACCUSED (2 18)
9 June: TEQUILA SUNRISE/GORILLAS IN THE MIST

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
DANGER MIXES WITH DESIRE!
TEQUILA SUNRISE (2-18)
GORILLAS IN THE MIST (A)
9 June: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/LICENCE TO DRIVE

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
ACTION – EXCITEMENT ADVENTURE!
AMERICAN NINJA 3 – BLOOD HUNT (A)
PLATOON LEADER (2-18)
9 June: MY STEPMOTHER IS AN ALIEN/DEVIL AND THE SONG!

SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS

**FOUNTAINS 44-2454**
DAN AYKROYD & KIM BASINGER IN
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
WORKING GIRL (2-16)
9 June: KINJITE/AMERICAN NINJA 3

**SWARTKOPS 374-4902**
BE AFRAID! BE VERY AFRAID!
THE FLY 2 (2-18)
THE EMISSARY (2-14)

**WONDERBOOM 57-1108**
ACTION & ADVENTURE! NOT-TO-BE-MISSED SUPER DOUBLE!
KINJITE (2-18)
PLATOON LEADER (2-18)
9 June: MY STEPMOTHER IS AN ALIEN/WORKING GIRL

**LYNNWOOD 87-1633**
A COMEDY AND A HALF! FROM THE MAKERS OF FLYING HIGH!
THE NAKED GUN (2-18)
TWINS (A)
9 June: THE FLY 2/EMISSARY

**UITSPAN 7-2515**
SUPER WESTERN ACTION ADVENTURE WITH EMILIO ESTAVEZ!
YOUNG GUNS (2-18)
AMERICAN NINJA 3 (A)
9 June: ACCUSED/FATAL ATTRACTION

**JAKARANDA 54-9115 9**
THE ACTION ADVENTURE STORY OF A DARING RESCUE ATTEMPT!
THE RESCUE (A)
DEAD POOL (2-18)
9 June: YOUNG GUNS/AVENGING FORCE

**WITBANK 01351-81064**
DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER IN THE LAUGH-A-MINUTE COMEDY!
TWINS (A)
SPACEBALLS (A)
9 June: EMISSARY/THE BELIEVERS

**RUSTENBURG 01421-29358**
STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE IN THE COMEDY!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
SWITCHING CHANNELS (A)
9 June: TEQUILA SUNRISE/NICO

## FILMS

*Van bladsy 7*

verlief en vir die eerste keer beteken sy lewe iets... maar toe neem Martin se insek-bloed oor... en nou wag ons vir The Fly III, seker oor Martin se seun.

**CROSSING DELANCEY - 'n Joodse ouma besluit dat dit tyd is vir haar liberale kleindogter om te trou en sy huur iemand om vir haar 'n man te vang. Met Amy Irving in die hoofrol.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak bymekaar betrokke en die vonke begin spat toe emosies in die pad van besigheid kom. Met Michelle Pfeiffer (as die pragtige vrou), Mel Gibson en Kurt Russel.

*FOREVER FRIENDS - Bette Midler en Barbara Hershey is twee vriendinne met uiteenlopende karakters wie se jare lange vriendskap hulle deur lief en leed neem... maar dan duik iets baie leliks op.

*TWINS - Arnold Schwarzenegger en Danny DeVito is twee identiese tweelingbroers wat nie van mekaar se bestaan weet nie. Julius (Schwarzenegger) se soektog na sy tweelingbroer is skreeusnaaks.

### Onafhaklike bioskope

#### Kaapstad

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand: 6.00 Dirty Rotten Scoundrels. 8.00 The Company of Wolves. 10.00 The Animal Farm.

Saterdag: 5.45 Housekeeping. 8.00 Wolf at the Door. 10.00 Le Grand Chemin.

Maandag: 6.00 Wolf at the Door. 8.00 Dirty Rotten Scoundrels. 10.00 To Forget Venice.

Dinsdag: 6.00 Animal Farm. 7.30 To Forget Venice. 9.30 Bird.

Woensdag: 6.00 Housekeeping. 8.15 Wolf at the Door. 10.15 Dance Party.

Donderdag: 6.00 Crimes of the Heart. 8.00 Animal Farm. 9.30 Bird.

#### Johannesburg

4AD FILM SOCIETY - Corlett City, Louis Botha.

Sondag-aand: Fellini se Satyricon. 'n Kleurvolle film vol bisarre karakters. Vir liefhebbers van Fellini. Met Martin Potter en Hiram Keller.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow.

Vanaand en Saterdagaand: The Lord of the Rings. Dinsdag tot Donderdag: 1900.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# Woodstock wys weer

DIE sogenaamde alternatiewes, oud-hippies en almal wat dink dat dekodeerders net vir Yuppies bedoel is, word gerus groen. Woodstock wys Woensdag-aand op M-Net. 'n Geskiedkundige dag in Augustus 1969 met onvergeetlike rockers soos Joan Baez, Joe Cocker, Crosby, Stills and Nash, Jimmy Hendrix, Santana en The Who was deur 400 000 gelukkiges bygewoon. Die wat nie daar was nie, die wat nog nie gebore was nie en die wie se vriende M-Net het, moet die dokumentêr nie misloop nie.

EN dan is daar nog steeds James Bond, die man met die goue geweer, of liewer The Man with the Golden Gun, wat vanaand op M-Net wys. Hierdie keer kry agent 007 opdrag om 'n sonkragopwekker, wat in die verkeerde hande beland het, op te spoor. Hy het natuurlik die hulp van vele asemrowende vroue wat hom tussen al die doodsgevaarlike situasies onweerstaanbaar vind. Met Roger Moore en Britt Ekland.

DUDLEY MOORE is Sondag-aand in nog 'n komiese rolprent, Romantic Comedy, te sien. Hy speel teenoor Mary Steenburgen as 'n Broadway dramaturg wat saam met 'n onderwyseres aan 'n boek werk. Die tweetjies het gedurig ander dinge in gedagte. Ook met Frances Sternhagen en Ron Leibman.

'n BEELDSKONE aktrise (Catherine Deneuve) bestuur haar en haar man se klein teater alleen tydens die Duitse besetting van Parys. Haar man (Heinz Bennent) 'n Joodse regisseur, moet vir sy lewe vlug in die rolprent The Last Metro wat Dinsdag-aand op M-Net vertoon word. Ook met Gerard Depardieu.

COURAGE, met die beeldskone Sophia Loren, is die ware verhaal van 'n dapper vrou se aanslag teen 'n kokaïensmokkelnetwerk om haar seun, 'n dwelmverslaafde, se lewe te red. Courage kan Saterdag-aand op TV1 gesien word. Ook met Billy Dee Williams en Hector Elizondo.

WILD GEESE II, 'n aksie-prent oor 'n huursoldaat wat opdrag van 'n Amerikaanse TV-stasie kry om die Nazi Rudolf Hess uit die Spandau-gevangenis in Berlyn te gaan vrylaat, wys Donderdag-aand op M-Net. Met Barbara Carrera, Laurence Olivier en Scott Glenn.

SONDAGAAND is The Hemingway Play op TV1. 'n Ondersoek na die karakter van een van hierdie eeu se manmoedigste skrywers. Met onder andere Alexander Sourby, Samantha Eggar en Mitchell Ryan.

'n SNAAKSE meisie raak verlief op 'n oulike kollege outjie en die twee leer saam van liefde en hartseer in Donderdag se laat-aand fliek op TV1 The Sterile Cuckoo. Met Liza Minnelli en Wendell Burton.

PETER FONDA speel die rol van Tom Skelton in 92 Degrees in the Shade wat Vrydag op TV4 vertoon word. Tom wil 'n visvang-gids word sodat hy hengelaars en toeriste na die wilder gedeeltes van die kus kan neem. 'n Meer ervare gids (Warren Oats) wil egter van hom ontslae wil raak.

CHUCK NORRIS is op sy beste in Eye for an Eye as 'n oud, wreed polisieman wat meedoënloos jag maak op die moordenaars van sy vennoot Linda. Die aksie-drama wys Dinsdagaand op TV4. Ook met Christopher Lee.



Wonder hoe gaan JR hier uitkom

### VRYDAG 2

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.30 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Derrick
10.00 Spies en Plessié
11.00 Die Rebel
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 92 Degrees in the Shade - kyk onder hoogtepunte
10.35 It's Garry Shandling's Show
11.02 TV4 Rock 'n Roll Party (part 2)

**M-NET**
10.30 Garbo Talks
3.00 Telygames
3.30 Shinbone Alley
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Perfect Strangers - 'n Nuwe komedie-reeks oor twee verlangsverwante mans wat mekaar raakloop. Die een woon op 'n afgeleë eiland en die ander is 'n stedeling.
7.45 Motorsport en gholf
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 The Man with the Golden Gun - kyk onder hoogtepunte
10.30 The Idolmaker
12.25 Hot Hits

### SATERDAG 3

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Topsport
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo
1.10 Skateiland
1.35 Spoelgoud
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Courage - kyk onder hoogtepunte
11.50 The Judge
12.15 Epilogue

**TV4**
6.03 Eisenhower and Lutz
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.20 The Tracy Ullman Show
10.47 Raaisels in die Kluis - Die eerste episode van 'n reeks oor nog 'n Duitse speurder genaamd Yves.

**M-NET**
12.45 Revue Plus
1.30 The Curse of Frankenstein
3.00 Brass Tacks: Road to Recovery
3.30 Rugby
5.00 Sokker
5.45 Boks
Oop Tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Deadly Game - 'n Student breek by 'n laboratorium in om plutonium te leen vir 'n kernbom wat hy vir 'n wetenskap-projek maak. Met Chris Collet, John Lithgow en Cynthia Nixon.
10.30 Sheena

### SONDAG 4

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Storybook International
2.30 Program sal aangekondig word
3.00 I am Joe's skin
3.30 Die Vialhe-sage
4.30 Collage
5.20 The Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 The Hemingway Play - kyk by hoogtepunte
10.[illegible] Insight

**TV4**
6.0[illegible] Treasure Hunt
9.04 Highway to Heaven
9.57 Kate and Allie
10.26 Sing Country
10.54 Topsport

**M-NET**
7.30 Indian tier open
7.31 Feature Movie
10.00 Ramayan
10.30 Portugese tier open
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Os Anarchistas
Intekenare
1.30 Boks
3.30 The Great Georgia Bank Hoax
5.00 Pigeon Street
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Heathcliff
Oop Tyd
6.15 Trapper John
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Wildlife on One: Serpent's Secret
8.30 Romantic Comedy - kyk onder hoogtepunte
10.12 Money Programme
10.30 Jinxed

### MAANDAG 5

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
11.00 Topsport: Franse Ope-tennistoernooi
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Webster
5.00 Quaq Quoa
5.10 The Trap Door
5.15 Pumpkin Patch
5.30 Lion Series Bible Stories
5.35 The Valley Children
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The Highwayman
8.00 Netwerk
9.00 Skoppensboer
9.35 Op eie Stoom
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.23 21 Jump Street
11.24 Live at the Forum

**M-NET**
10.30 Platoon
3.00 Telygames
3.30 The Idolmaker
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Murphy's Law
7.45 Tennis
Intekenare
8.00 Tennis
8.30 The Grammy Lifetime Achievement Awards
9.30 Lords of Hollywood
10.30 The Man with the Golden Gun

### DINSDAG 6

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
11.00 Topsport: Franse Ope-tennistoernooi
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Swartwoud-kliniek
5.00 Rompelstompelstories
5.30 Saartjie
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die ander Hollywood
8.00 Network
8.30 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 Eye for an Eye - kyk onder hoogtepunte
10.51 The Hit Squad
11.16 Hondo

**M-NET**
10.30 The Man with one Red Shoe
12.07 Videofashion Monthly
3.00 Telygames
3.30 Sheena
5.25 Children's Island
5.50 GI Joe
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Falcon Crest
7.45 Hoogtepunte
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
8.30 The Last Metro - kyk onder hoogtepunte
10.30 Deadly Game

### WOENSDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
11.00 Topsport: Die Franse Ope-tennistoernooi
3.00 Teleschool
5.30 Opvoedkundige TV
5.00 Quaq Quao
5.10 The Trap Door
5.15 ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Sea Hunt
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 The Cavanaughs
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Die Barok en sy wêreld
12.00 Oordenking

**TV4**
6.03 Day by Day
6.30 Topsport
9.03 The Colbys
9.58 Rooikappie - Die verhaal van twee individualiste wat elk hulle drome najaag. Anna en haar vriendin werk saans saam om geld te verdien sodat hulle 'n eie boetiek kan begin. Maar dan raak die enetjie verlief...
11.36 My Two Dads

**M-NET**
10.30 The Idolmaker
3.00 Telygames
3.30 Jinxed
5.10 Videofashion Monthly
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 The Oldest Rookie
7.45 Yshokkie
Intekenare
8.00 Yshokkie
8.30 Woodstock - kyk onder hoogtepunte
10.30 Platoon

### DONDERDAG 8

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
12.00 Topsport: Die Franse Ope-tennistoernooi
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Swartwoudkliniek
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Arende
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 The Sterile Cuckoo - kyk onder hoogtepunte
11.40 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 Life's Most Embarrassing Moments
9.52 Cheers
10.20 Oubaas Koster
11.25 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Shinbone Alley
12.00 Into Africa
3.00 Telygames
3.30 Deadly Game
5.25 Dr Snuggles
5.50 Inspector Gadget
6.10 Telecat
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Designing Women
7.20 Empty Nest
7.45 Revue Plus
Intekenare
8.00 Revue Plus
8.30 Wild Geese II - kyk onder hoogtepunte
10.30 Look of the Year 1988
12.00 Carte Blanche

Geniet ons eie edelvrot — 4